"EKONOMIESE GEREGTIGHEID VIR ALMAL"

'N ANALISE VAN DIE PASTORALE BRIEF VAN DIE NOORD-AMERIKAANSE ROOMS KATOLIEKE BISKOPPE OOR DIE EKONOMIE VAN DIE VSA.

MALCOLM PETER DAMON

JUNIE 1995

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.Th. in die Departement Sistematiese Teologie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

UNIVERSITEIT van WES-KAAPLAND

Studieleier: Prof. D.J.Smit

https://etd.uwc.ac.za

TH
241.7 DAM

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

OPGEDRA AAN MY DIERBARE MOEDER EN VADER,

CECILIA EN PETER DAMON

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## BEDANKINGS

My hart loop oor van dankbaarheid teenoor almal wat my ondersteun en bemoedig het gedurende my jare van studie.

Ten eerste, alle dank, lof en prys aan God wat ons tot alles in staat stel. God het my gedra, ondersteun en in staat gestel om hierdie studie te voltooi.

Aan my vrou, Denise, en ons kinders, Ardelia en Megan vir julle liefde, besorgdheid en opofferinge. Julle beteken baie vir my.

Aan my ouers en skoonouers vir julle belangstelling, voorbeeld en gebede.

Aan my studieleier, Prof. Dirkie Smit, wat altyd tyd vir my gemaak het. Jou leiding en akademiese voorbeeld beteken baie vir my.

Aan die Verenigende Gereformeerde Gemeente van Richtersveld vir julle bystand en ondersteuning.

Aan my vele vriende en kollegas wat my altyd aangemoedig het.

Aan die personeel van die Teologiese Skool en Biblioteek vir ondersteuning en hulp. Dankie vir die geleentheid om in die VSA te gaan studeer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

**INHOUDSOPGAWE** **BLADSY**

DANKBETUIGINGS iii

INHOUDSOPGAWE iv

INLEIDING 1

HOOFSTUK 1: DIE ROOMS KATOLIEKE KERK EN HULLE SOSIALE LERINGE VANAF 1891 TOT 1986. 4

1. DIE GESKRIFTE VAN POUSE, VATIKAAN II EN DIE NASIONALE KONFERENSIES VAN BISKOPPE. 8
2. DIE KATOLIEKE SOSIALE LEER EN GEREGTIGHEID. 30

HOOFSTUK 2: DIE ONTSTAAN EN INHOUD VAN DIE PASTORALE BRIEF. 41

1. DIE ONTSTAAN VAN DIE BRIEF. 41
2. DIE INHOUD VAN DIE BRIEF. 42

HOOFSTUK 3: DIE ANALISE VAN DIE PASTORALE BRIEF, OF: DIE LOGIKA VAN DIE ETIESE ARGUMENT. 57

1. KONTEKS EN TEIKENGROEP. 58
2. DOEL VAN SKRYWE. 60
3. DIE LOGIKA VAN HUL ARGUMENT. 64
    3.1. ANALISE VAN DIE AMERIKAANSE EKONOMIE. 66
    3.2. TEOLOGIESE BASIS OF RASIONAAL. 68
    3.3. ETIESE ARGUMENT. 71

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

3.4 EKONOMIESE VRAAGSTUKKE: WERKLOOSHEID, ARMOEDE EN DIE VERHOUDING TOT ONTWIKKELENDE LANDE. 90

3.5. LANG TERMYN VISIE VIR 'N EKONOMIESE SKIKKING. 105

3.6. CHRISTELIKE ROEPING EN 'N VERBINTENIS TOT DIE TOEKOMS. 110

HOOFSTUK 4: KRITIEK OP DIE PASTORALE BRIEF. 114

1. ETIESE DISKOERS EN METODIEK. 116
2. ARMOEDE. 133
3. POLITIEKE SOLIDARITEIT. 141
4. WERKLOOSHEID. 147
5. MENSWAARDIGHEID. 152
6. NUWE EKSPERIMENT IN DEMOKRASIE. 156

HOOFSTUK 5: EVALUERING: DIE ROL VAN DIE ETIESE OORDEELSVORMING IN DIE EKONOMIESE BESINNING VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK. 163

1. DIE VERLOOP VAN DIE ETIESE OORDEELSPROSES VOLGENS TÖDT. 164
2. TÖDT, DIE PASTORALE BRIEF EN DIE GEWESE NGSK EN NGKA. 176
3. WERKLOOSHEID. 190
4. ARMOEDE. 194

BRONNELYS 200

OPSOMMING/SUMMARY 209

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

VERKLARING

"Ek verklaar hiermee dat

"EKONOMIESE GEREGTIGHEID VIR ALMAL": 'N ANALISE VAN DIE PASTORALE BRIEF VAN DIE NOORD-AMERIKAANSE ROOMS KATOLIEKE BISKOPPE OOR DIE EKONOMIE VAN DIE VSA,

my eie werk is en dat ek die bronne wat ek gebruik het of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het".

M. P. Damons ..................      June 1995 ..........

Handtekening      Datum

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INLEIDING

In 1980 het die Noord-Amerikaanse Katolieke biskoppe 'n pastorale brief oor Marxisme laat verskyn. In gesprek met Hulpbiskop Peter Rosazza van Hartford het twee Franse priesters, klasmaats van hom, die volgende opgemerk: Hulle het gewonder, hoekom die biskoppe 'n brief uitgebring het oor Marxisme wat tog nie 'n brandende saak ("issue") was nie. Hoekom nie 'n brief oor kapitalisme nie, was hulle vraag? (Berryman 1989:75).

Dit het daartoe gelei dat Biskop Rosazza in 1980 by die biskoplike vergadering voorgestel het dat 'n pastorale brief oor "kapitalisme" opgestel moes word. Hierdie mosie is aanvaar en het dan gelei tot die pastorale brief oor die ekonomie van die VSA getitel, <u>Economic Justice for All: Pastoral Letter on Catholic Social Teaching and the U.S.Economy</u>.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

'n Vyfman biskoplike kommissie het in 1981 aan hierdie opdrag begin werk en met verloop van tyd besluit om in plaas van op die kapitalistiese sisteem te fokus, eerder die ekonomie van die VSA te ondersoek en te beoordeel.

In November 1984, na wye konsultasies, besprekings en



https://etd.uwc.ac.za

konferensies het die eerste publieke konsepdokument verskyn. Die biskoppe het dit juis laat verskyn na die uitslag van die presidensiele verkiesing tussen Reagan en Mondale (Berryman 1989:113). Hulle het geredeneer dat hiermee - om dit te laat verskyn na die verkiesing - hulle sou kon verhoed dat hulle daarvan beskuldig sou kon word dat hulle polities kant kies. Inteendeel, dit is toe juis wat gebeur het en die biskoppe is daarvan beskuldig dat hulle kies vir die Demokratiese Party teen Reagan wat die verkiesing gewen het. Die dokument het wye mediadekking geniet - nuusblaaie, sowel as die televisie - en "vigorous public discussion took place around the first two public drafts of the letter (November 1984 and October 1985)" (Berryman 1989:114).

In Junie 1986 het 'n derde konsep verskyn en gedurende November 1986 is die finale dokument aanvaar deur die Nasionale Biskoplike vergadering en vrygestel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 1987 het ek vir die eerste keer die pastorale brief gelees en dit het my onmiddelik gestimuleer. In 1989 het ek in alle erns besluit om die dokument as basis te gebruik vir nagraadse studies. Die rede hiervoor is, dat ek gedurende die tyd tot die besef gekom het dat die kerk in Suid-Afrika so vasgevang is in die politiese dimensie van Apartheid dat die ekonomiese sy daarvan totaal vernalatig word. Ek het geredeneer dat die kerk ook haar profetiese stem moet laat hoor oor die ekonomie en die invloed daarvan op die onderdruktes.



https://etd.uwc.ac.za

Die objek van die studie was dus om die werkswyse, argument en aanpak van die Rooms Katolieke biskoppe te ondersoek en vas te stel wat ons - die kerk in Suid-Afrika - van hulle kan leer.

In die loop van die tyd het daar natuurlik baie veranderinge plaasgevind in Suid-Afrika. Na my mening is die kerk ook meer bewus van haar profetiese taak ten opsigte van die ekonomie. Desnieteenstaande, is ek oortuig dat die kerk steeds van die biskoppe kan leer. Ek hoop en glo dat hierdie studie 'n bydrae kan lewer tot die taak van die kerk in ons land - spesifiek oor die kerk (Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika) se besinning oor die ekonomiese lewe.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 1

## DIE ROOMS KATOLIEKE KERK EN HULLE SOSIALE LERING VANAF 1891 TOT 1986

In 1986, na etlike jare van diskussie, het die Noord-Amerikaanse biskoppe 'n opspraakwekkende dokument oor die ekonomie gepubliseer. In hierdie studie word hierdie dokument geanaliseer en na die belangrike kritiek daarop geluister. Ten einde hierdie bydrae van die Noord-Amerikaanse biskoppe te kan verstaan en evalueer, is dit egter belangrik om dit eers te plaas teen die breër agtergrond van die Katolieke denke oor sosiale geregtigheid in hierdie eeu, veral sedert 1891. Dié denke is, gegee die institusionele karakter van die Katolieke Kerk, by uitstek ontwikkel in die amptelike geskrifte van die kerk. Dit kom dus na vore in pouslike verklarings en/of ensiklieke, in dokumente van biskoplike vergaderings, sowel as in belangrike dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie.

In hierdie eerste hoofstuk word veral gekonsentreer op die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk. Wat word verstaan onder die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk? Jean-Yves Calvez,S.J. verduidelik wat onder sosiale lering verstaan moet word in die konteks van 'n pastorale brief. Calvez is bekend as outeur van 'n omvangryke studie oor die denke van Karl Marx en is 'n lid van die Franse Jesuïete, doseer aan die "Institut d'Etudes Politiques" en ander instellings van opvoeding in Parys



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

en twee van sy werke is in Engels vertaal, te wete The Church and Social Teaching en Politics and Society in the Third World. Hy verklaar:

> "Within the context of an episcopal letter, Catholic social teaching must be understood as the pronouncements of the official hierarchy of the Roman Catholic church in the social field (for example, the family, government, peace and war, the economy)" (Calvez 1987:15).

Wat betref die sosiale lering van nasionale en streeks episkopaalse konferensies, verwys hy daarna as nuwere ontwikkelings wat sedert die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) ontstaan het. Hy sê voorts:

> "All episcopal conferences, however, recognize a need to base themselves on the major teachings of the popes since Leo XIII and on the declarations of Vatican II, which expressed the whole Catholic church in a special way. These papal (and conciliar) pronouncements comprise more or less a century of Catholic social teaching, beginning with Pope Leo XIII's 1891 encyclical Rerum Novarum, which can indeed be considered the beginning of modern papal social teaching" (1987:15).

Verder is dit van belang om hier kennis te dra van twee opmerkings wat Calvez maak omtrent die pouslike lering oor die ekonomie. Ten eerste moet daarop gelet word dat die pouslike



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

uitsprake oor die ekonomie nie die vorm aanneem van 'n algemene uitspraak nie.

> "Even if it articulates principles and expresses general perspectives, this teaching is mostly concerned with particular questions arising from difficult situations facing mankind or a major portion of it" (1987:16).

In die tweede plek beweer hy dat nie alle ekonomiese sake wat van belang is vir die kerk spesifieke beleidsaangeleenthede is nie.

Dit word algemeen aanvaar dat die beroemde Rerum Novarum van 1891 die basis vorm van die sosiale leringe van die Katolieke Kerk. Daar sal dus gekonsentreer word op die ensiklieke van Pous Leo XIII, Pius XI, Pius XII, Johannes XIII, Paulus VI, Johannes Paulus II, asook die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie. Die rede hiervoor is dat die dokumente direk of indirek 'n belangrike rol gespeel het in die denke van die Rooms Katolieke Kerk oor sosiale geregtigheid.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die dokumente word in chronologiese volgorde behandel vanaf 1891 tot 1986. Die inhoud en agtergrond van elke dokument sal kortliks saamgevat word. Alvorens die inhoud van die bepaalde dokumente kortliks uiteengesit word, word 'n aantal algemene opmerkings oor die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk gemaak. Na die bespreking van die verskillende dokumente sal die geregtigheidsbeskouing, soos dit in die sosiale lering van die Katolieke Kerk navore kom, behandel word. Dit geskied veral na aanleiding van



https://etd.uwc.ac.za

twee bronne, naamlik Karen Lebacqz (1986) se: Six Theories of Justice: Perspectives from Philosophical and Theological Ethics en die van Christine E. Gudorf (1981) getiteld : Catholic Social Teaching on Liberation Themes. Onder die tema Katolieke Sosiale Leer en Geregtigheid sal die geregtigheidsbeskouing van die Rooms Katolieke Kerk behandel word. Verwante aspekte wat hiermee saamhang is die menswaardigheid van die mens en menseregte, die beginsel van "subsidiarity" en die plek wat die armes inneem in die sosiale lering van die Kerk. Hierdie temas kom almal weer navore in die pastorale brief van die Amerikaanse biskoppe en om hierdie rede word dit dus kortliks behandel. Die Amerikaanse biskoppe verwys telkens na en sluit aan by die Katolieke sosiale leringe, sodat hierdie agtergrondsbespreking belangrik en waardevol is.

Alvorens verder gelet kan word op die spesifieke dokumente, moet kennis geneem word van die volgende opmerking van Karen Lebacqz. Sy is 'n professor in Christelike Etiek aan die Pacific School of Religion en outeur van verskeie werke onder andere Six Theories of Justice: Perspectives from Philosophical and Theological Ethics. Sy merk op dat sedert die ontstaan van Rerum Novarum daar geweldige veranderings plaasgevind het in die Katolieke sosiale denke. Op die algemene vlak verwys sy na twee sake wat van belang is. Sy noem dat daar 'n verskuiwing plaasgevind het van 'n "natuurlike orde"-benadering tot 'n aanvaarding van die historiese kondisionering van die menslike bewussyn, insluitend die menslike rede (Lebacqz, 1986:67). Die "natuurlike orde"-benadering gaan uit van die standpunt dat alle



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

uitsprake vanuit die menslike rede absolute antwoorde bied vir die sosiale probleme. In hierdie opsig word algemeen aanvaar dat die Tweede Vatikaanse Konsilie 'n waterskeiding verteenwoordig in die sosiale denke van die Rooms Katolieke Kerk. In samehang hiermee word die Skrif meer gebruik as 'n basis vir die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk.

Volgens haar bestaan daar 'n bepaalde eenheid in die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk, veral met betrekking tot die filosofiese en teologiese sekerhede op die prinsipiële vlak. Hieromtrent meer in die bespreking oor die Katolieke sosiale lering en geregtigheid.

Die dokument wat as basis dien van alle latere geskrifte met betrekking tot sosiale geregtigheid is Rerum Novarum. Die oorsig van die agtergrond begin gevolglik daarmee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1. DIE GESKRIFTE VAN POUSE, VATIKAAN II EN NASIONALE KONFERENSIES VAN BISKOPPE.

### 1.1. RERUM NOVARUM.

Die geskrif is in 1891 uitgereik deur Pous Leo XIII en die titel verwys na die eerste twee woorde van die dokument. Die dokument worstel met die geweldige sosiale veranderinge wat veroorsaak is deur die Industriële Rewolusie en die aanbreek van Industriële Kapitalisme. In die geskrif word veral die swak werks- en lewensomstandighede van die industriële werkers aangespreek.



https://etd.uwc.ac.za

Gesien in die lig van sy konteks was dit 'n baie dapper en gewaagde dokument.

Volgens Marist Brothers (1991:9) kan die basis van Pous Leo XIII se benadering opgesom word in 'n enkele sleutelsin:

> "No man may with impunity outrage that human dignity which God himself treats with great reverence."

Hiermee het hy die basis gelê vir die moderne Katolieke lering oor die menswaardigheid van die mens en die regte van die mens.

In Rerum Novarum spreek die Pous hom uit teen:

a) Die uitbuiting van werkers deur die voorstanders van ekonomiese liberalisme;

b) Die konsentrasie van rykdom in die hande van 'n paar mense;

c) Sosialisme met sy materialistiese filosofie en voorstel vir die verwydering van private eienaarskap.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Nadat die Pous hom uitgespreek het teen sowel die sosialisme as die laissez-faire kapitalisme, word 'n paar veranderinge voorgestel om die onregverdighede van die destyds bestaande stelsel uit te wis. Onder andere word die volgende gemeld:

a) Die wedersydse verpligting van werkgewers en werkers. Hy beklemtoon dat die eienaars 'n verantwoordelikheid het om die waardigheid en waarde van die werkers te respekteer, hulle 'n regverdige loon te betaal en hulle geleentheid te gee om aandag



https://etd.uwc.ac.za

te gee aan hul godsdiens, familie en gesin. Die werkers, op hul beurt, het 'n verantwoordelikheid om hul werk te verrig soos ooreengekom en nie eiendom te beskadig en gewelddadig op te tree nie.

b) Die verpligting van die staat. Die staat het 'n verpligting om die regte en belange van albei groepe te verseker. Hy beskryf verskeie wyses waarop die staat werkers kan beskerm teen uitbuiting en mishandeling. Verder het die staat 'n spesiale verpligting om die belange van die armes te bevorder.

c) Die pous stel voor dat die gaping tussen die klasse vernou moet word. Hierin kan die kerk 'n rol speel deur die christelike waardes van liefde en geregtigheid te beklemtoon. Op die langtermyn kan die gaping tussen die klasse vernou word deur die verspreiding van rykdom en deur werkers private eiendom te laat bekom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die pous sluit die ensikliek af deur 'n beroep te doen op almal om terug te keer na die christelike waardes en die voorskrifte en eise van die evangelie en verder verantwoordelikheid te aanvaar vir die algemene welsyn van almal.

Donald Dorr (1983), in sy boek <u>Option for the poor: A Hundred Years of Vatican Social Teaching</u>, betoog dat 'n mens nie net moet kyk na die inhoud van die dokument nie, maar ook na die impak wat dit gehad het as 'n intervensie aan die kant van die armes.



https://etd.uwc.ac.za

Die dokument behandel die vraagstuk van ingryping deur die staat in ekonomiese sake. Die pous beperk die mag van die staat om in te gryp in die sake van die individu en die familie. Aan die ander kant sê hy uitdruklik dat die staat besorg moet wees oor die welsyn van die werkers. Hy beskryf verskeie wyses waarop die staat werkers kan beskerm teen uitbuiting en mishandeling. Hy beklemtoon die plig van die staat om die regte van werkers te beskerm. Die pous beklemtoon ook die reg van werkers om assosiasies te vorm.

Volgens Dorr spreek die dokument hom nie uit teen 'n bepaalde klas of groep nie, maar teen uitbuiting. Die pous probeer om die kloof tussen die klasse te oorbrug deur aan te beveel dat soveel as moontlik werkers grondeienaars moet word. Pous Leo XIII is van mening dat godsdiens 'n groot rol kan speel om die klasse nader aan mekaar te bring.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die belangrikheid van Rerum Novarum moet gesien word teen die agtergrond van die milieu waarin dit verskyn het, naamlik 'n milieu waarin die kerk sake van sosiale belang oorgelaat het aan die diegene wat primêr daarby betrokke was.

Aangesien Rerum Novarum beskou word as die basis van die sosiale leringe van die Rooms Katolieke Kerk, het verskeie pouslike ensiklieke verskyn by verskillende herdenkings van Rerum Novarum.

1.2. <u>QUADRAGESIMO ANNO.</u>



https://etd.uwc.ac.za

Dié ensikliek is in 1931 uitgereik deur Pous Pius XI, om die veertigjarige bestaan van Rerum Novarum te herdenk. Die ensikliek bevestig en ontwikkel die leerstellinge van Rerum Novarum.

Net soos sy voorgangers verwerp die pous sosialisme en kommunisme en probeer eerder 'n middeweg volg tussen ekonomiese liberalisme en sosialisme.

Volgens Pous Pius XI was daar verskeie redes waarom die kerk betrokke moes wees by sosiale sake. Hy vermeld onder andere:

a) Die konsentrasie van rykdom in die hande van 'n klein groep mense.

b) Die konsentrasie van rykdom lei tot die konsentrasie van ekonomiese en politieke mag.

c) Alhoewel die omstandighede van werkers in die Weste verander het, het die swak situasie van werkers in die Ooste en Suid-Amerika toegeneem.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

d) Verder was daar wydverspreide werkloosheid.

Volgens die Franse teoloog Chenu neem Pous Pius XI die leerstellinge van Leo XIII verder deur nie slegs besorg te wees oor die toestande van werkers nie maar ook die totale sosio-ekonomiese orde van die gemeenskap in ag te neem (Volgens Chenu, in Dorr 1983:58). Hy gaan baie verder as Leo XIII in, wat Dorr noem, "'n strukturele analise van die samelewing" deurdat hy die tekortkominge en inherente onregverdigheid van die strukture beklemtoon.



https://etd.uwc.ac.za

Daar is 'n beweging vanaf die spiritualiteit van Rerum Novarum, wat meer ontvlugtend is, na 'n meer wêreldlike spiritualiteit, waarin klem gelê word op die spiritualiteit van ekonomiese geregtigheid. Pous Pius XI sien die strewe na geregtigheid as norm op sigself, aldus Dorr (1983:59). Pous Pius XI maak 'n baie interessante waarneming oor hoe mededinging bydra tot ongeregtigheid en uitbuiting. Hy wys daarop dat werkgewers so vasgevang is in die strukture dat hulle dink dat, as hulle hul werkers meer betaal, hulle bankrot sal gaan. Daarom stel hy voor dat 'n instelling geskep moet word om die effek van mededinging, wat lei tot ongeregtigheid, te beheer en te kontroleer.

Hy gaan ook baie verder as sy voorgangers in sy aanname dat in 'n kapitalistiese stelsel die staat beheer word deur 'n ryk groep.
Dit word soos volg uitgedruk:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "The State which should be the supreme arbiter, ruling in kingly fashion far above all party contention, intent only upon justice and the common good, has become instead a slave ..." ( QA:109).

Pous Pius XI lewer die felste kritiek sedert die ontstaan van Rerum Novarum op die kapitalistiese sisteem, wanneer hy waarneem dat vrye kompetisie plek gemaak het vir ekonomiese oorheersing. Hy toon aan dat kapitalisme, wat roem in sy vrye ekonomie, totaal beheer word deur die sterkeres en sodoende ekonomiese vryheid beperk.



https://etd.uwc.ac.za

Pius XI herbevestig die reg van werkers om unies te vorm. Wanneer die rol van unies in Rerum Novarum en Quadragesimo Anno vergelyk word, is daar 'n definitiewe klemverskuiwing by Pius XI (Dorr 1983:62). Volgens Pius XI moet unies die voorstanders en beskermers wees van die armes. Dorr noem:

> "He even sees them as having what would now be called a conscientising role" (1983:62).

Die volgende ensikliek wat vir hierdie studie van belang is, is Mater et Magistra.

1.3. <u>MATER ET MAGISTRA.</u>

Mater et Magistra is deur Pous Johannes XXIII uitgereik in 1961, ter herdenking van die sewentigste bestaansjaar van Rerum Novarum. Die uitreiking van die ensikliek het saamgeval met 'n Internasionale Werkerskongres in Rome. Volgens die Marist Brothers Commission for Poverty and Justice was dit heel gepas, want een van die kenmerke van Mater et Magistra is dat dit 'n globale raamwerk het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die ensikliek word inhoudelik in drie dele verdeel. Nadat die Pous verwys het na die basiese elemente in die leringe van Pous Leo XIII, Pius XI en XII, gaan hy voort om te verwys na die geweldige veranderings wat in die wêreld plaasgevind het in die voorafgaande twee dekades, veral op wetenskaplike, sosiale en politieke gebied. Op politieke gebied was dit veral die



https://etd.uwc.ac.za

beëindiging van koloniale regerings in Afrika en Asië.

Die tweede deel van die ensikliek ontwikkel sommige van die leringe van Rerum Novarum, spesifiek met betrekking tot private inisiatief en staatsinmenging, sosialisering, vergoeding vir werk en privaat besit.

Wat betref private inisiatief beklemtoon hy, soos sy voorgangers, die belangrikheid van die beginsel van subsidiariteit, sodat die inisiatief van die individu nie versmoor sal word nie. Die dokument besef egter ook die belangrikheid van staatsinmenging in sekere sake.

Die Pous merk op dat as gevolg van die veranderings in die samelewing daar 'n groter interafhanklikheid is tussen mense (burgers). Daarom is sosialisering nodig, aangesien sake soos opvoeding, gesondheid en transport buite die bereik van die enkeling is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hy spreek hom uit oor die onmenslike toestande waarin soveel mense verkeer as gevolg van onregverdige lone. Verder brei hy uit oor die deelname van werkers in ondernemings, bestuursposisies en winsdeling. Pous Johannes XXIII neem 'n baie ongewone stap in 'n dokument van so 'n aard, deur sy waardering uit te spreek vir die bydrae van die Internasionale Werkers Organisasie tot 'n meer regverdige en menslike sosiale orde (Marist Brothers 1991:24).

Die derde deel van die ensikliek handel oor nuwe aspekte van die



https://etd.uwc.ac.za

sosiale vraagstuk soos landbou, die bevolkingsgroei en internasionale samewerking.

Die pous sê dat in baie lande die landbousektor die moeilikste terrein is om sosiale en ekonomiese geregtigheid op te bevorder. Hy stel 'n program voor om die probleem te help oplos en doen 'n beroep op landelike werkers om aktief deel te neem aan hul eie ekonomiese, sosiale en kulturele vooruitgang.

Pous Johannes XXIII beklemtoon 'n baie belangrike saak oor verhoudings tussen nasies. Een van die groot probleme van die moderne wêreld is vir hom die verhouding tussen ryk en arm nasies. Hy noem die foute van die verlede en beklemtoon die behoefte aan wetenskaplike, tegniese en finansiële samewerking tussen nasies en die belangrikheid om die menslike waardes van jong nasies en ontwikkelende lande te erken.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verder beklemtoon hy die belangrikheid van internasionale samewerking tussen lande.

1.4. <u>PACEM IN TERRIS.</u>

Hierdie ensikliek, opgestel deur Pous Johannes XIII, is uitgereik in 1963 en is die deeglikste en kragtigste verklaring van die Rooms Katolieke Kerk oor menseregte.

'n Belangrike punt waarvan kennis gedra moet word, is dat dit die eerste ensikliek is wat gerig is tot "all men of goodwill" en



https://etd.uwc.ac.za

nie net tot Christene nie (Marist Brothers 1991:30). Die basis van die dokument is dat respek vir die waardigheid en waarde van die individu die grondslag vorm van alle menseregte en dat die mens vanuit sy of haar menswees die basiese reg het tot lewe: 'n reg wat nie verbreek of prysgegee kan word nie. Dié uitgangspunt dien as raamwerk en basis van nasionale en internasionale vrede.

In die dokument word 'n hele aantal regte bevestig. Die reg tot lewe : voedsel, klere, en welsynsdienste; die reg wat betrekking het op die morele en kulturele waardes van die mens : opvoeding ensovoorts; ekonomiese regte: die reg tot werk en 'n regverdige loon; regte met betrekking tot godsdiens, politiek ensovoorts. Die regte gaan gepaard met verpligtinge en verantwoordelikheidsin.

In 'n tweede deel van die dokument word die verhouding tussen die individu en die staat uiteengesit.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 'n derde deel word die verhouding tussen regerings onderling aangespreek. Die pous beklemtoon dat die verhouding tussen state onderworpe is aan dieselfde morele reëls as dié tussen mense. Vir hom is alle state gelyk, ongeag hul ekonomiese en kulturele ontwikkeling. State moet ook respek hê vir die regte van ander state. Hieronder word ook behandel die kwessie van ontwapening en hulp aan ontwikkelende lande.

Die Pous merk op dat mense in vrees leef as gevolg van die wapenwedloop. Hy doen die volgende beroep op die mensdom:



https://etd.uwc.ac.za

> "Justice then, right reason and humanity urgently demand that the arms race should cease; that the stockpiles which exist ... should be reduced equally and simultaneously ... and that a general agreement should eventually be reached about progressive disarmament and an effective method of control" (Marist Brothers 1991:31).

Vervolgens doen hy 'n passievolle beroep op dialoog tussen nasies. Wat betref die hulp aan ontwikkelende lande gee hy erkenning aan diegene wat hulp aan ontwikkelende lande verskaf. Hy sê dat die hulp moet voortgaan, maar altyd met respek vir die morele waardes van volkere. Verder moet daar gewaak word teen die versoeking om dit te gebruik vir politieke oorheersing.

Die dokument sluit af met 'n pastorale oproep dat mense aan die gemeenskapslewe moet deelneem.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe van die VSA sluit later sterk aan by hierdie dokument veral in die lig van die volledige uiteensetting van die regte van die mens.

## 1.5. GAUDIUM ET SPES.

Gaudium et Spes is 'n dokument wat deur die Tweede Vatikaanse Konsilie uitgereik is, in 1965. Die konsilie is deur Pous Johannes XXIII byeengeroep en na sy sterfte is dit voortgesit onder leiding van Pous Paulus VI. Die volle Engelse titel van die



https://etd.uwc.ac.za

dokument is "Pastoral constitution on the Church in the Modern World".

Volgens Marist Brothers Commission for Poverty and Justice moet die boodskap van dié dokument nie net op sy inhoud getakseer word nie, maar ook op sy "tone and mood". Die dokument openbaar 'n positiewe houding teenoor die wêreld, selfs 'n bereidheid om van die wêreld te leer en nie net om tot die wêreld te praat nie.

Hiermee gaan gepaard die bereidheid om saam te werk met andere. Met andere word selfs diegene bedoel wat nie noodwendig christene is nie, maar alle mense wat die welsyn van die mens soek, die "people of goodwill".

Die Konstitusie word in twee hoofdele verdeel. Die eerste deel handel oor sake van dogmatiese aard en die tweede deel is getitel "Some problems of special urgency" en handel oor sake soos: huwelik en die gesin; menslike kultuur; lewe in sy ekonomiese, sosiale en politieke dimensies; en vrede.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is veral die laaste twee wat vir hierdie studie van belang is. In aansluiting by Pous Johannes XXIII, wat hom uitgespreek het oor die behoefte aan 'n beter verdeling van die opbrengs van die aarde, gaan die dokument verder en beweer:

> "God destined the earth and all that it contains for the use of all men and all peoples... The right to have a share of earthly goods sufficient for oneself and one's family



https://etd.uwc.ac.za

belongs to everyone... If a person is in extreme necessity, he has the right to take from the riches of others what he himself needs" (Marist Brothers 1991:39).

Verder word die Kerkvaders aangehaal: "Feed the person dying of hunger, because if you have not fed him you have killed him" (Marist Brothers 1991:39).

Die dokument beklemtoon dat daar 'n behoefte is aan 'n totale verandering in die reëls vir internasionale handel. Daar moet weg gedoen word met nasionale pretensies en die strewe om ideologieë op mense af te druk en oor hulle te heers.

Wat vrede betref, was die Konsilie daaroor duidelik dat vrede nie beteken die afwesigheid van oorlog nie, maar dat ware vrede spruit uit die strewe na groter geregtigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1.6. POPULORUM PROGRESSIO.

Hierdie dokument is in 1967 uitgereik deur Pous Paulus VI en word beskou as een van die dokumente wat 'n groot bydrae gelewer het tot die sosiale leringe van die Rooms Katolieke Kerk.

Populorum Progressio wat beteken die "Ontwikkeling van Volke", handel oor die ontwikkeling van die mensdom in 'n gees van solidariteit. Die Pous maak dit baie duidelik dat die kwessie van ontwikkeling 'n morele saak is, omrede dit handel oor die vraagstuk van nasionale en internasionale geregtigheid. Dit het



https://etd.uwc.ac.za

te doen met die korrekte verdeling van die hulpbronne van die aarde tot voordeel van die totale mensdom. Die Marist Brothers Commission for Poverty and Justice stel die uitdaging van dié ensikliek soos volg:

> "The encyclical challenges the moral end ethical conscience of all societes to recognise the plight of the poor and the oppressed, and accept it as a global responsibility" (1991:43).

Uit die reaksie van groepe kan vasgestel word watter effek die dokument op die samelewing gehad het. Die Wall Street Journal het dit 'n "warmed-over Marxism" genoem, terwyl die Italiaanse Kommunistiese blad Unitas verbly was dat die kerk uiteindelik vyftig jaar na Lenin in sy voetspore volg. Dit gee 'n aanduiding van die radikaliteit van die dokument in die bepaalde tydsomstandighede.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat betref die inhoud van die dokument, is alreeds aangedui dat dit handel oor die ontwikkeling van volkere en daarom fokus die dokument op die verhouding tussen ryk en arm lande of volke. Aan die begin word 'n uiteensetting gegee van die omvang van die probleem, insluitend kolonialisme en die duidelike ongelykhede tussen ryk en arm in ontwikkelende lande.

Die pous toon baie duidelik aan dat ontwikkeling nie alleenlik ekonomiese ontwikkeling behels nie, maar die ontwikkeling van die mens as geheel. Dit handel oor die kwaliteit van lewe en nie die hoeveelheid van goedere nie. Die pous gee 'n duidelike



https://etd.uwc.ac.za

uiteensetting van wat ons vandag sou noem 'n holistiese benadering tot ontwikkeling. Die dokument verwys hierna as "integral development". Die Marist Brothers spel dit soos volg uit:

> "True and integral development consists not only in assuring the necessities of life, but also in acquiring knowledge and culture, in the realization of human dignity, friendship and other spiritual values such as prayer and contemplation" (1991:44).

In 'n tweede deel van die dokument word die ontwikkeling van volke gesien as 'n nuwe naam vir vrede.

## 1.7. OCTOGESIMA ADVENIENS.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is 'n brief wat deur Pous Paulus VI geskryf is aan Monsignor Roy, President van die Pontificial Commission on Poverty and Justice met die 80 ste herdenking van Rerum Novarum. Die dokument sluit aan by Populorum Progressio en gee 'n beter begrip van die probleme van ontwikkeling, veral die politieke probleme wat saamhang met ontwikkeling.

Die Marist Brothers sê (1991:49) dat een van die karaktertrekke van die brief hierdie klem op politiek is; politiek wat ten doel het die bereiking van geregtigheid en die algemene welsyn (common good); politiek wat gesien word as 'n "demanding manner of living the christian commitment to the service of others".



https://etd.uwc.ac.za

In die inleiding word die sosiale probleme van die tyd aangespreek: verstedeliking, werkloosheid, rassediskriminasie, ensovoorts.

Die dokument beklemtoon die Kerk se verantwoordelikheid om betrokke te wees in die daarstelling van 'n samelewing waarin die mens medeverantwoordelikheid kan aanvaar en deel kan neem in die besluitnemingsproses. Die pous dui ook aan dat christene self moet besluit oor die verskeie keuses wat bestaan op die politieke terrein en 'n sosiale analise moet maak van die situasie.

'n Ander belangrike saak wat in die dokument aangespreek word, is die rol van werkersunies. Nadat hy die reikwydte van hul aktiwiteit aangedui het, wys hy op die misbruik van hul mag. Dit vind plaas wanneer unies meer eis as wat die samelewing kan gee en die eis opvolg met 'n staking of die dreigement van 'n staking. 'n Tweede wyse waarop hulle hul mag kan misbruik, is deur direk betrokke te raak in politieke sake.

Die pous spreek ook sy besorgdheid uit oor die multi-nasionale maatskappye wat later so magtig word dat hulle 'n strategie kan volg onafhanklik van die nasionale politieke magte, en daarom nie onderworpe is aan beheer deur die "common good" nie. Die pous sê deurdat hulle hul aktiwiteite op die wyse uitbrei, kan hulle so magtig word dat dit kan lei tot 'n nuwe vorm van ekonomiese oorheersing op kulturele, sosiale en selfs politieke gebied.

In die laaste deel van die brief word 'n oproep gedoen om



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

betrokke te raak by die sake van die dag.

Wat egter pertinent navore kom in dié dokument is dat ekonomiese sake nou saamhang met die politieke sake. Dorr formuleer dit so:

> "The novelty of Octogesima Adveniens lies largely in the extent to which it consciously addresses itself to some of the political problems involved in choosing and implementing an equitable order in society" (1983:165).

Octogesima Adveniens het dus 'n belangrike bydrae gelewer tot die verdere ontwikkeling van die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk.

Net 'n paar maande na die verskyning van Octogesima Adveniens is die Rooms Katolieke Kerk opnuut gekonfronteer met die vraagstuk van sosiale geregtigheid. Dit was met die Biskoplike vergadering wat in 1971 in Rome plaasgevind het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.8. <u>JUSTICE IN THE WORLD.</u>

Die dokument is uitgereik in November 1971 deur die sinodale biskoppe wat verteenwoordig is deur biskoppe van verskillende vastelande, insluitend Afrika en Latyns-Amerika.

Die kernboodskap van die dokument is dat almal verantwoordelik is om te werk vir die geregtigheid van die hele menslike familie, want christelike liefde impliseer 'n eis vir absolute



https://etd.uwc.ac.za

betrokke te raak by die sake van die dag.

Wat egter pertinent navore kom in dié dokument is dat ekonomiese sake nou saamhang met die politieke sake. Dorr formuleer dit so:

> "The novelty of Octogesima Adveniens lies largely in the extent to which it consciously addresses itself to some of the political problems involved in choosing and implementing an equitable order in society" (1983:165).

Octogesima Adveniens het dus 'n belangrike bydrae gelewer tot die verdere ontwikkeling van die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk.

Net 'n paar maande na die verskyning van Octogesima Adveniens is die Rooms Katolieke Kerk opnuut gekonfronteer met die vraagstuk van sosiale geregtigheid. Dit was met die Biskoplike vergadering wat in 1971 in Rome plaasgevind het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.8. JUSTICE IN THE WORLD.

Die dokument is uitgereik in November 1971 deur die sinodale biskoppe wat verteenwoordig is deur biskoppe van verskillende vastelande, insluitend Afrika en Latyns-Amerika.

Die kernboodskap van die dokument is dat almal verantwoordelik is om te werk vir die geregtigheid van die hele menslike familie, want christelike liefde impliseer 'n eis vir absolute



https://etd.uwc.ac.za

geregtigheid.

In hul inleiding ondersoek hulle die tekens van die tye en sluit aan by die Bybel waar gepraat word teen die strukture van ongeregtigheid. Hulle identifiseer die volgende ongeregtighede:

a) Die konsentrasie van rykdom, mag en die besluitnemingsmeganismes in die hande van 'n klein groepie;
b) Die misbruik van politieke mag wat lei die vertrapping van menseregte, marteling en vervolging;
c) Die groot bedrae wat spandeer word op wapens, wat daartoe lei dat die behoeftes van individue en ontwikkelende nasies nagelaat word;
d) Verdrukking in internasionale verhoudinge en handel tussen ryk en arm lande;
e) Diegene wat gemarginaliseer word as gevolg van die nuwe vertegnologiseerde samelewing;
f) Die stemlose lydendes van ongeregtigheid: vlugtelinge, diegene wat ly as gevolg van hul geloof, die oues, wese, ensovoorts.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In deel twee van die dokument word die sending van die Kerk bespreek en word dit gestel dat dit deel van die sending van die Kerk is om sy kragte saam te span vir die bevryding van die mense in hulle huidige posisies.

In deel drie word gewys op die feit dat die Kerk moet voorgaan in die uitvoer van geregtigheid in die lewe en organisasie van die Kerk self ook. Verder moet daar opvoeding in geregtigheid



https://etd.uwc.ac.za

Derde Wêreld, Afrika en Latyns-Amerika.

Alhoewel die Pous daarop aandring dat evangelisasie essensieel te doen het met die transendente en eskatologiese, gaan hy verder deur te verduidelik dat die Goeie Nuus die lewe in sy geheel aanraak, en dat evangelisasie te doen het met die eksplisiete boodskap van die regte en verpligting van die mens, gesinslewe, internasionale lewe, vrede, geregtigheid en bevryding.

In die behandeling van die hernuwing van die mensdom praat die dokument van die belangrikheid daarvan om die "collective consciences of people" te verander en die noodsaaklikheid om strukture daar te stel wat meer menslik is, meer regverdig en wat die regte van mense respekteer. Dit meld ook dat die beste struktuur onmenslik kan raak as daar nie 'n hartsverandering plaasvind nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat verder belangrik is, is dat die dokument daarop aandring dat die evangelie uitgedra moet word deur getuienis wat die daad insluit. Die pous wys daarop:

> "Modern man listens more willingly to witnesses than to teachers, and if he listens to teachers, it is because they are witnesses" (Gremillion 1975:41).

Dus word daar 'n beroep gedoen op alle christene om 'n getuienis te wees en met andere saam te werk vir wat goed en eerbaar is.



https://etd.uwc.ac.za

Ten slotte kan opgemerk word dat, alhoewel die dokument gebreke het, dit nie genoeg beklemtoon kan word dat dit oor bevryding gaan en watter rol die kerk moet speel om dit te verkondig nie.

Vervolgens word stil gestaan by 'n ensikliek wat veral binne die raamwerk van hierdie studie van groot belang is.

1.11. <u>LABOREM EXERCENS.</u>

Dié ensikliek is beplan om te verskyn op 15 Mei 1981, om saam te val met die Neëntigjare herdenking van Rerum Novarum. As gevolg van die aanval op die lewe van die Pous het dit egter eers in September van daardie jaar verskyn.

Wat prominent in hierdie ensikliek is, is dat dit 'n totaal ander styl het as vorige pouslike dokumente en die eerste keer is dat 'n dokument verskyn wat handel oor 'n enkele tema, naamlik menslike werk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In sy inleiding gee die Pous sy redes waarom hy spesifiek hierdie tema gekies het. Onder andere word genoem dat werk 'n basiese dimensie is van die menslike eksistensie en dat dit daarom belangrik is om daaroor te reflekteer; dat daar baie ontwikkeling op die ekonomiese, politieke en tegniese terrein is en werk 'n wêreldvraagstuk is; dat dit daarom 'n globale analise van die onregverdige strukture vereis.

Verder gaan die Pous voort deur daarop te wys dat, ten spyte van



https://etd.uwc.ac.za

die positiewe ontwikkeling met betrekking tot die sosiale wetgewing in verband met werk, die gevaar steeds bestaan om werk te sien as deel van die produk. Soos die Pous dit stel, werk: "... was treated as a sort of 'merchandise' that the worker - especially the industrial worker - sells to the employer...". Die mens is egter die subjek van werk en werk moet dien as vervulling van die mens se volle menswees.

'n Groot gedeelte van die dokument handel oor werkers-solidariteit. Om sosiale geregtigheid in die wêreld te verseker, moet daar 'n nuwe beweging ontstaan wat solidariteit tussen werkers en met werkers te weeg kan bring. Die solidariteit moet veral teenwoordig wees wanneer werkers uitgebuit word en wanneer armoede en honger toeneem.

In die dokument word 'n betekenisvolle onderskeid getref tussen direkte en indirekte werkgewers. Dit lei tot 'n analise van die onregverdige strukture wat die verhouding tussen lande beheer en wat daartoe lei dat onregverdige lone betaal word in die armer lande. Die Pous beklemtoon dat, ten spyte van die feit dat 'n groot aantal natuurlike hulpbronne onontwikkel is, daar 'n groot mate van werkloosheid en onderindiensneming is en dat soveel menigtes ly as gevolg van hongerte. Die feit demonstreer dat, op die globale terrein, daar groot fout is by die organisasie van werk en arbeid (Marist Brothers 1991:76).

Die pous kritiseer die rigiede vorm van kapitalisme wat propageer dat private eienaarskap die enigste haalbare vorm van produksie



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

is, maar verwerp terselfdertyd ook die program van Marxisme.

In die dokument word ook die reg van gestremdes om te werk uitgespel. Die dokument word afgesluit met die spiritualiteit van werk. Die mens se werk is 'n deelname aan die aktiwiteit van die Skepper. Jesus as 'n timmerman was deel van die werkende wêreld.

Die Noord-Amerikaanse biskoppe se dokument kan nie verstaan word sonder hierdie agtergrondsdokumente nie. Katolieke denke neem die tradisie ernstig en bou daarop, in spesifieke, nuwe situasies. Talle van die temas waarop reeds gewys is, sal dus weer opgeneem word deur die biskoppe.

## 2. DIE KATOLIEKE SOSIALE LEER EN GEREGTIGHEID.

Teen die agtergrond van hierdie dokumente is dit egter nou moontlik om kortliks te vra na die opvatting oor "geregtigheid" wat in hierdie Katolieke sosiale leer aan die ontwikkel is. Agtereenvolgens word op vier sake gelet: Die eerste saak het te make met tipiese terminologie.

Die Rooms Katolieke Kerk se definisie van geregtigheid het volgens die oorgrote meerderheid van Katolieke geleerdes sy oorsprong by Thomas Aquinas. Die definisie is "gee aan elkeen wat hom toekom" en word soos volg aangehaal:

> "Perhaps the most common definition of justice has been 'to give to each what is due to him'" (Gudorf 1981:1) en



https://etd.uwc.ac.za

"Justice can be described most generally in the ancient phrase suum cuique - to each what is due" (Hollenbach 1977:207).

Verskillende interpretasies kan egter aan dié frase geheg word, vanuit 'n liberale tot 'n Marxistiese perspektief, soos David Hollenbach aandui in sy artikel "Modern Catholic Social Teaching concerning Justice" (1977:208). Hy argumenteer dat 'n bespreking van die betekenis van die term slegs kan plaasvind binne die verband van sosiale strukture en die mens as sosiale wese. Hy stel dit soos volg:

"The discussion of justice in terms of relative rights and mutual duties is characteristic of the entire modern Catholic tradition. It is based on the conviction that one cannot specify the meaning of suum cuique without examining the social relationships, patterns of mutuality and structures of interdependence which bind human beings together in communities. The normative notion of justice adopted by the modern tradition, which has its historical origins in biblical, Augustinian, and Thomistic thought, is an essensially social concept - it is relational and mutual" (1977:210).

Hierna sal later teruggekom word.

Soos alreeds hierbo genoem, is die Pouse se siening van geregtigheid beinvloed deur Thomas Aquinas. Thomas het verwys na



https://etd.uwc.ac.za

twee vorme van geregtigheid : algemene (letterlik wettiese) en spesifieke geregtigheid. Gudorf dui dit soos volg aan:

> "General justice has as its direct object the welfare of the entire community - the common good. Particular justice is subordinate to general justice in that it consists in individual determinations of justice which together make up general justice. In thomist teaching the part (that is, particular justice) is never allowed to endanger the whole (general justice)" (1981:2).

Spesifieke geregtigheid word in kommutatiewe en distributiewe geregtigheid onderverdeel. Kommutatiewe geregtigheid verwys na die legalistiese kontraktuele vorm van geregtigheid en distributiewe geregtigheid na dit wat die gemeenskap aan elke lid van die samelewing laat toekom. Die bogenoemde twee terme word deurgaans gebruik in dokumente van Leo XIII, Pius X en Pius XI. 'n Verdere term wat in die Katolieke sosiale leer oor geregtigheid ontwikkel is, is sosiale geregtigheid (social justice). Die term is deur Pius XI gebruik in sy ensikliek Quadragesimo Anno. Volgens Gudorf noem Katolieke apologete soos Calvez en Perrin die volgende redes hoekom die term ontwikkel is.

> "They state that the first and major reason for its introduction was the widespread tendency to confuse the Thomist term 'general justice '(literally, legal justice) with the legal justice of the state. The second reason, they claim, was that in the late nineteenth and early



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

twentieth centuries the discussion of justice centered on the 'social problem' of the day, which was at heart, an economic one. The term 'social justice' then, was meant as the answer to the social problem. It was part of the Church's teaching which dealt with economic morality" (1981:3).

Die term, sosiale geregtigheid, is dus ontwikkel na aanleiding van die maatskaplike probleme waarmee die Rooms Katolieke Kerk gekonfronteer was.

Die verwysing na kommutatiewe, distributiewe en sosiale geregtigheid word ook deur die biskoppe van die VSA gebruik, soos sal blyk uit Hoofstuk 3 van die studie. Dit is om hierdie rede nodig geag om hier 'n bespreking te plaas van die terme en hul agtergrond.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die tweede saak is van meer inhoudelike aard. Dit het te make met die noue aansluiting tussen geregtigheid en die menswaardigheid en sosiale aspek van die mens. Soos alreeds aangehaal, argumenteer Gudorf uitdruklik hiervolgens. Karen Lebacqz het min of meer dieselfde aanname en skryf soos volg:

"The Catholic tradition on social teaching is rooted in three basic affirmations: (1) the inviolable dignity of the human person, (2) the essensially social nature of human beings and (3) the belief that the abundance of social living is given for all people" (1986:67).



https://etd.uwc.ac.za

Vir die doel van hierdie studie sal met die oog op bogenoemde feit sterker aangesluit word by Karen Lebacqz, aangesien haar argumente spesifiek binne die raamwerk van die pastorale brief van die biskoppe van die VSA val. Daarvolgens is die waardigheid van die mens die basis vir die vroeë pouslike geskrifte. Sy noem dat, vanaf Leo XIII in 1891 tot Johannes Paulus II in 1981, die transendentale waarde van die menslike persoon die fondament is waarop die sosiale strukture gebou moet word.

Dit is juis op grond van hierdie lering dat die verskillende Pouse die ekonomiese stelsels verdoem waarin die regte van werkers verwerp, en hulle sonder waardigheid behandel word.

> "Thus, from the earliest days of Catholic social teaching, the popes consistently rejected any economic system that denies the rights of workers or treats them without dignity" (Lebacqz 1986: 68).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dié verwerping is dwarsdeur duidelik, vanaf Rerum Novarum (1891), deur die daaropvolgende ensiklieke, waarin opeenvolgende Pouse hulle sterk uitspreek teen onregverdige lone, kontrakloon en die swak situasie van werkers.

In 1971 het die Sinode van Biskoppe hul nie net uitgespreek teen die onregverdige markstelsel nie maar ook teen die totale netwerk van "oorheersing, verdrukking en uitbuiting". Lebacqz betoog dat, vanaf Pous Johannes XXIII, geargumenteer is dat die waardigheid



https://etd.uwc.ac.za

van die mens die mens in hul totaliteit insluit. Daarom is gestry vir die ontwikkeling van die mens op gemeenskaps en ekonomiese gebied. Die fokus het verskuif vanaf uitsprake teen onregverdige lone tot deelname en die regte van die mens. Sy noem:

> "In short, economic injustices have come to be linked with political and 'participatory' rights. The dignity of persons requires not only treating them justly in the determination of wages, but also according them their full measure of total human rights" (Lebacqz 1986:69).

Verder argumenteer sy dat, die beweging vanaf loon regverdigheid tot die klem op deelname, die waardigheid van die mens verbind aan die mens as sosiale wese. Sy sê:

> "Because human beings are social by their very nature, human dignity will be addressed in social relationships. 'Justice' is not simply a matter of proper distribution of goods (distributive justice) but also of permitting and indeed requiring each person to participate in the production of those goods (social justice)" (Lebacqz 1986:69).

Hier sluit sy aan by Hollenbach, maar alhoewel hulle dieselfde standpunte voorhou, verskil hul benadering en moontlike interpretasies van waaruit hulle geregtigheid beklemtoon. Dit is egter nie die doel van hierdie hoofstuk om verskillende standpunte teenoor mekaar te stel nie. In die hoofstuk word die



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

geregtigheidsbeskouing van die Rooms Katolieke leer slegs kortliks bespreek om te toon hoe die biskoppe se standpunte aansluiting vind in hul tradisie.

Die beklemtoning van die menswaardigheid van die mens en die mens as sosiale wese kom sterk navore in die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe, soos sal blyk uit hoofstuk 3 van hierdie studie.

Die derde saak sluit nou hierby aan. In aansluiting by die gedagte van deelname word die beginsel van subsidiariteit naamlik ontwikkel. Die beginsel word ook gebruik deur die biskoppe van die VSA, soos eweneens sal blyk in die loop van hierdie studie.

Volgens Gudorf het Pous Leo XIII in Rerum Novarum reeds die grondslag gelê vir dié beginsel. Sy haal Leo XIII aan wat skryf:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

> "If by a strike, or other combination of workmen, there should be imminent danger of disturbance to the public peace; or if the circumstances were such that among the laboring population the ties of family life were relaxed; if Religion were found to suffer through the workmen not having time and opportunity to practice it; if in workshops and factories there were danger to morals through the mixing of sexes or for any occasion of evil; or if employers laid burdens upon the workingmen which were repugnant to their dignity as human beings; finally, if health were endangered by excessive ..., it would be right



https://etd.uwc.ac.za

to call in help and authority of the law. The limits must be determined by the nature of the occasion which calls for the law's interference - the principle being this, that the law must not undertake more, nor go further, than is required for the remedy of the evil or the removal of the danger" (1981:24).

Dié gedagte van Pous Leo XIII is verder ontwikkel deur Pius XI as die beginsel van "subsidiariteit". Volgens Gudorf het beide Pouse Pius XI en Leo XIII gereageer op 'n tendens waarin die staat alle magte opgeëis het en niks oorgelaat het vir die intermediêre instellings nie. Sy stel dit:

"Pius XI and Leo XIII wer both reacting against the modern trend of the state to absorb all the powers of former intermediate institutions 'leaving virtually only individuals and the State' ... Pius XI's statement was a characteristic example of that teaching which sought to delimit the powers of the state" (1981:27).

Pous Johannes XXIII het in Mater et Magistra verder die toepassing van die beginsel gekwalifiseer.

Die vierde saak waarop die aandag gevestig moet word, aangesien die VSA-biskoppe dit verder gaan opneem en uitbou, is die noue verband tussen die geregtigheidsbeskouing van die Katolieke sosiale denke, en die situasie van die armes. Lebacqz stel dit so:



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

"Perhaps most striking in the tradition is its consistent concern for the plight of the poor" (1986:70).

Sy noem verder dat by Leo XIII en Pius XI, die wortels gevind word van 'n tradisie wat die situasie van die ongelykheid in rykdom beskou het as 'n teken van ongeregtigheid. Sy meld verder:

"Vatican II declares that 'excessive economic and social differences ... militate against social justice'" (1986:70).

Volgens haar het hierdie beginsel van die armes gekulmineer in wat vandag in die Rooms Katolieke denke genoem word die "opsie vir die armes". Volgens haar het daar 'n verskuiwing plaasgevind op grond waarvan die posisie van die armes beklemtoon word.

Voor Vatikaan II was die armoede vraagstuk veral vanuit die natuurlike wet of die natuurorde benader. Namate egter, na Vatikaan II, die historiese kondisionering van die menslike rede aanvaar is, is meer klem gelê op die belangrikheid van die Skrif om die opsie vir die armes te regverdig. Sy stel dit as volg:

"In 'Justice in the World' the Synod of Bishops spelled out God's preference for the poor in both Old and New Testaments. Paul VI reiterated 'we are instructed by the Gospel in the proper respect for the poor'" (1986:71).

Die beginsel van die opsie vir die armes kom sterk navore in die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe oor die ekonomie van die VSA. Dit word volledig behandel in hoofstuk 3. Let ook in hoofstuk 4, by die bespreking van belangrike reaksies op die brief, op die positiewe kritiek veral oor die skrif-gebaseerde wyse waarmee die biskoppe dié beginsel onderskryf.

Donald Dorr het 'n boek geskryf waarin hy in diepte die vraagstuk van die opsie vir die armes behandel. Sy werk is getitel Option for the poor: A hundred years of Vatican Social Teaching. In sy inleiding skryf hy soos volg:

> "This book is about the social teaching of the Catholic Church over the past hundreds years. It sets out to look at this teaching from a particular point of view - the extent to which the Church has committed itself to being on the side of those who are poor or oppressed" (1983:1).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ter opsomming kan die volgende beklemtoon word.
'n Kort uiteensetting is gegee van verskillende pouslike en konsiliêre dokumente. Hierna het 'n bespreking gevolg van die geregtigheidsbeskouing van die Katolieke sosiale lering, veral soos dit aansluit by die argument van die biskoppe wat in Hoofstuk 3 in diepte behandel sal word.

Die volgende punte het duidelik geword:

1. Die beskouing van geregtigheid soos dit navore kom in die pouslike geskrifte sluit aan by die definisie van Thomas Aquinas.



https://etd.uwc.ac.za

Distributiewe, kommutatiewe en sosiale geregtigheid is behandel. Dié drie konsepte kom ook voor in die pastorale brief.

2. Die geregtigheidsbeskouing van die biskoppe is gebaseer op sekere sekerhede (affirmations), naamlik die waardigheid van die mens en die mens as sosiale wese. 'n Verskuiwing het plaasgevind vanaf uitsprake oor onregverdige lone tot die reg van werkers tot deelname. Hierdie reg tot deelname hang saam met die menseregte wat sterk ontwikkel is in die Katolieke sosiale lering. Daar is beklemtoon dat die beginsel van die menswaardigheid van die mens en die mens se sosiale rol navore sal kom in die pastorale brief.

3. Verder is die agtergrond en ontwikkeling van die beginsel van subsidiariteit aangetoon. Die beginsel kom ook navore in die pastorale brief.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

4. Verder is die agtergronde van die "opsie vir die armes" vanuit die Katolieke sosiale leer kortliks aangetoon en verduidelik.

In die volgende hoofstuk sal 'n kort agtergrond en opsomming gegee word van die pastorale brief self.



https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN EN INHOUD VAN DIE PASTORALE BRIEF.

### 1. DIE ONTSTAAN VAN DIE BRIEF.

In 1980 het die Amerikaanse Biskoppe komitee 'n pastorale brief aanvaar oor Marxistiese kommunisme. Die brief het 'n christelike refleksie gebied oor die Marxistiese siening van die wêreld. Hierna is 'n besluit aanvaar om 'n soortgelyke brief op te stel oor kapitalisme. Die komitee wat aangestel is om hierdie studie te doen het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n bloot teoretiese beoordeling van kapitalisme nie veel sal beteken nie. Die kerklui was besorg oor die invloed en gevolge van die Amerikaanse ekonomie op die bevolking en op die wêreld. Daarom het hulle dit gesien as hul plig om vanuit die Katolieke leer te besin oor die Amerikaanse ekonomie.

Die komitee, bygestaan deur verskeie konsultante, het 'n aantal openbare byeenkomste gehou waar vooraanstaande ekonome, geleerdes en kenners op verskillende gebiede opgetree het.

In November 1984 het die eerste konsep verskyn. Na kritiek en bydraes is 'n tweede konsep voorgelê in 1985 en die finale brief is aanvaar in November 1986.



https://etd.uwc.ac.za

## 2. DIE INHOUD VAN DIE BRIEF.

Die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe bestaan uit 'n Pastorale Boodskap wat dien as 'n samevatting en opsomming van die totale pastorale brief. Dit word gevolg deur vyf hoofstukke met die volgende opskrifte.

1. Die kerk en die toekoms van die ekonomie van die VSA.
2. Die christelike visie op die ekonomiese lewe.
3. Geselekteerde ekonomiese beleidsaangeleenthede.
4. 'n Nuwe Amerikaanse eksperiment: vennootskap vir die algemene welsyn.
5. 'n Verbintenis tot die toekoms.

### 2.1. PASTORALE BOODSKAP.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

In die pastorale boodskap, wat gerig word aan " Brothers and Sisters in Christ", dui hulle reg aan die begin aan wie hulle is en wat hul konteks is, naamlik: " We are believers called to follow Our Lord Jesus Christ and proclaim his Gospel in the midst of a complex and powerful economy". (National Conference of Catholic Bishops [NCCB] (USA) 1986:V).[1] Onmiddelik hierna dui hulle aan hoekom hulle skryf: Om rede hul geloof hul oproep om die ekonomie te meet, nie net aan wat dit produseer nie, maar hoe dit die menslike lewe raak en of dit die waardigheid van die mens

---

[1]Die nommers in die verwysing na die pastorale brief sal telkens verwys na die paragraaf nommers in die brief. Indien vanuit die "Pastoral Message" aangehaal word sal dit telkens vermeld word om verwarring uit te skakel.



https://etd.uwc.ac.za

beskerm of ondermyn.

Dit word duidelik gemaak dat die brief 'n persoonlike uitnodiging is aan alle Katolieke om die bron van hul geloof en hul demokratiese geleenthede te gebruik om 'n samelewing te skep waar die menswaardigheid en regte van hul broers en susters beskerm sal word, nie net in die VSA nie, maar reg oor die wêreld.

Hulle dui verder aan dat die brief 'n produk is van 'n wye reeks konsultasies, publieke verhore en onderskeidingsvermoë deur gebed.

Hulle maak dit verder duidelik dat hulle as volgelinge van Jesus Christus nie 'n onderskeid kan maak tussen hul geloofslewe en hul alledaagse lewe nie en dat die ekonomiese lewe juis van die hoofarenas is waar gelowiges hul geloof kan uitleef en waar hulle hul volle potensiaal kan ontwikkel. Hulle maak dit duidelik dat hulle skryf as pastors, nie as publieke amptenare of ekonomiese tegnici nie, en dat hul die etiese dimensie van die ekonomiese lewe navore wil bring.

Hulle maak dit duidelik dat geregtigheid die beste gemeet kan word aan "how the poor and the vunerable are treated". Hulle skryf die brief in hoop, op grond van die geloof, welwillenheid en vrygewigheid van die Amerikaanse volk.

In die pastorale boodskap dui hulle die volgende prinsipiële temas aan van die pastorale brief:



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

1. Dit is nie 'n witskrif vir die VSA se ekonomie nie. Dit aanvaar ook nie 'n bepaalde ekonomiese teorie nie, maar wil vanuit die Skrif en Katolieke lering besin oor wat die ekonomie moet doen.

2. Elke ekonomiese besluit of instelling moet beoordeel word op grond daarvan of dit die menswaardigheid van die mens beskerm of ondermyn. Elke ekonomiese sisteem moet beoordeel word op grond van wat dit vir of aan mense doen en of almal daarin deelneem.

3. Hulle beklemtoon dat die menswaardigheid van die mens alleenlik kan realiseer of beskerm kan word in gemeenskap. Die mens is 'n sosiale wese. Die christelike etiek vra dus: "Does economic life enhance or threathen our life together as a community?"

4. Alle mense het die reg om deel te neem aan die ekonomiese lewe of gemeenskap. As mense dus nie 'n werk kry nie, of werkloos is as gevolg van werkskaarste, word hulle ontneem van deelname aan die ekonomie wat so belangrik is vir menslike ontwikkeling.

5. Alle lede van die gemeenskap het 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor die armes en die swakkes. Die geregtigheid van 'n gemeenskap word beoordeel op grond van sy behandeling van die armes.

6. Menseregte is 'n basiese voorwaarde vir gemeenskapslewe.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

7. Die gemeenskap as 'n geheel, deur sy private en publieke instellings, het 'n morele verantwoordelikheid om die menswaardigheid van die mens te verseker en menseregte te beskerm.

Hulle pastorale brief spel uit waar die Katolieke morele beginsels toegepas kan word:

a) In 'n nuwe nasionale verbintenis tot algehele werkverskaffing.

b) Om armoede uit te wis.

c) Om te voorsien in die basiese behoeftes van die armes.

d) Ekonomiese besluite moet getoets word aan die effek wat dit op die gesinslewe het.

e) Hulle stel maniere voor waarop die Amerikaanse regering meer kan doen om ontwikkelende lande te help.

f) Hulle herbevestig die kerk se standpunt ten opsigte van die regte van werkers, gesamentlike bedinging ("collective bargaining"), private grondbesit, subsidiariteit en gelyke geleenthede.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

8.Hulle stel 'n Nuwe Amerikaanse Eksperiment voor om sodoende ekonomiese regte te implementeer, te deel in die ekonomiese mag en ekonomiese besluite te onderwerp aan die algemene welsyn van die volk.

Ten slotte maak hulle dit duidelik dat bekering 'n voortdurende proses is en dat die evangelie van gelowiges 'n bekering van die hart eis. Nie net word van mense en institusies verwag om te verander nie, maar ook die kerk moet die sonde en ongeregtigheid



https://etd.uwc.ac.za

in sy lewe en instellings verwyder.

> "All of us must help the Church to practice in its own life what it preaches to others about economic justice and cooperation" (NCCB (USA) 1986: Pastoral Message xiv).

Die biskoppe maak dit duidelik dat die pastorale brief nie net 'n oproep is om anders te dink nie, maar ook anders op te tree. Geloof is nie net 'n naweek verpligting nie, maar 'n verantwoordelikheid wat elke dag van die mens se lewe uitgeleef moet word in huise, kantore, fabrieke, skole en besighede. Die biskoppe beklemtoon dat daar nie onderskei moet word tussen mense se optrede in die besigheidsarena en in die breë gemeenskap nie. Hulle stel dit as hul oortuiging dat die christelike lewe die ekonomiese lewens van individue, skole, gesinne, en totale kulture kan verander en uitdaag.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vervolgens word 'n kort opsomming gegee van elke hoofstuk.

2.2. <u>HOOFSTUK I: DIE EKONOMIE VAN DIE VSA.</u>

In hoofstuk I gee hulle veral aandag aan hul eie konteks, naamlik die Amerikaanse ekonomie en die toekoms daarvan.

Hulle bespreek die tekens van hoop wat daar op die ekonomiese terrein in die VSA bestaan, en die mislukkings. Vanuit die mislukkings wys hulle op die feit dat ook buite die grense van die VSA daar meer as 800 miljoen mense is wat in absolute armoede



https://etd.uwc.ac.za

verkeer.

Hulle gee 'n uiteensetting van die ekonomiese opset in die VSA ten tyde van díe brief soos dit ook histories vorm aangeneem het, en die ernstige probleme wat daar op ekonomiese terrein bestaan. Die ekonomiese netwerk wat ten spyte van geografie, kultuur en ideologie bestaan, skep geweldige probleme vir die globale ekonomie. Terwyl die VSA die netwerk sien as interafhanklikheid en geleenthede tot ondersteuning, word dit deur die ontwikkelende lande gesien as 'n patroon van oorheersing en afhanklikheid.

Wat probleme in die VSA self betref, word onder andere die volgende gemeld: werkloosheid, armoede, die gebrek aan 'n ondersteunings- verhouding tussen gesinslewe en die ekonomiese lewe, die hoë besteding aan verdediging, ensovoorts.

In 'n slotgedeelte van die hoofstuk dui hulle hul morele visie aan. Hulle wil 'n bydrae lewer dat mense met verskillende agtergronde en belange mekaar kan vind op 'n gemeenskaplike terrein. Hulle wil dus 'n bydrae lewer om die algemene terrein te ontwikkel en aan te moedig. Verder maak hulle hul besorgdheid oor die armes duidelik. Hulle oordeel dat ekonomiese besluite beoordeel moet word in die lig van

> "what they do for the poor, what they do to the poor and what they enable the poor to do for themselves" (NCCB (USA) 1986: 24).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Hulle skryf dus in eerste plek aan lede van hul Kerk om aan hulle leiding te gee oor ekonomiese aangeleenthede. Verder soek hulle ook die ondersteuning en samewerking van diegene wat nie hul geloof of tradisie deel nie. Hulle maak dit duidelik dat hulle hul laat lei deur die Katolieke sosiale lering, wat gegrond is op die Bybel en hul tradisie.

Hulle is van mening dat 'n nuwe publieke morele visie wel bereik kan word en druk dit soos volg uit:

> "The common bond of humanity that links all persons is the source of our belief that the country can attain a renewed public moral vision. The questions are basic and the answers are often elusive; they challenge us to serious and sustained attention to economic justice" (1986:14).

2.3. <u>HOOFSTUK II: CHRISTELIKE VISIE OP DIE EKONOMIESE LEWE.</u>

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hoofstuk II gee die biskoppe hul christelike visie van die ekonomiese lewe. Eers gee hulle 'n bybelse perspektief gevolg deur etiese norme vanuit dié bybelse perspektief. Op grond van die etiese norme word individue en institusies opgeroep om te werk vir groter geregtigheid. Die hoofstuk word afgesluit met hul oortuiging van hoop en 'n oproep tot optrede. Aan die begin stel hulle dit duidelik dat die basis vir die kerk se morele visie van die ekonomiese lewe die transendente waarde - heiligheid - van die menslike wese is.



https://etd.uwc.ac.za

"The dignity of the human person, realized in community with others, is the criterion against which all aspects of economic life must be measured" (1986:15).

Die biskoppe wend hul tot die Skrif vir hul christelike morele visie. Hulle oordeel dat "The Scriptures contain many passages that speak directly of economic life" (1986:15).

Verder beroep hulle hul daarop dat hulle 'n gemeenskaplike erfenis deel met hul Joodse broers en susters, met verwysing na die Hebreeuse gedeelte van die Bybel.

Vanuit die Skrif wys hul op die feit dat die mens geskape is na die beeld van God; en op die verbondsgeskiedenis van Israel. Hulle toon aan dat die heerskappy van God, wat Jesus kom bevestig het, gestalte kry in die lewe en dade van sy Seun. Hy het gewaarsku teen rykdom, Hy het die saak opgeneem van diegene wat op grond van godsdienstige of sosiale diskriminasie gely het (Luk. 7:36 - 50; 15:1-2) ensovoorts. Hulle toon aan dat dissipelskap van Jesus vereis dat die voorbeeld van Jesus nagevolg moet word. Hulle lê spesiale klem op die relevansie van die Evangelie van Lukas vir die hede, veral in die lig van die spesiale besorgdheid oor die armes. Verder maak hulle dit duidelik dat hul morele visie nie net gevorm word deur die Skrif nie, maar ook deur die lang tradisie van die Katolieke sosiale leringe en denke.

In die lig van die voorafgaande gedagtes, stel hulle 'n etiese



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

raamwerk voor wat die ekonomiese lewe kan begelei. Hulle meld:

> "Therefore, we now want to propose an ethical framework that can guide economic life today in ways that are both faithful to the Gospel and shaped by human experience and reason" (1986:33).

Die etiese norme word soos volg uiteengesit: Eerstens word die verantwoordelikhede van elke persoon teenoor mekaar en teenoor die gemeenskap beklemtoon, wat onder andere behels: liefde vir die naaste, die basiese vereistes vir geregtigheid en spesiale verpligtinge teenoor die armes en die weerloses. In samehang met dié verpligtinge is daar die menseregte van elke persoon. Ten slotte omvat die verpligtinge en regte sekere prioriteite wat die ekonomiese keuses van individue, gemeenskappe en die volk as geheel moet begelei.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten slotte deel hulle hul oortuiging dat op grond van die christelike hoop christene alles in hul vermoë moet doen om te werk vir 'n regverdige ekonomiese orde, ten spyte van terugslae en moeilikhede.

2.4. <u>HOOFSTUK III: SPESIFIEKE SAKE.</u>

In hoofstuk 3 behandel die biskoppe 'n aantal geselekteerde beleidsaangeleenthede, onder ander werkloosheid, armoede, landbou en die ekonomie van die VSA in verhouding tot ontwikkelende lande.



https://etd.uwc.ac.za

Volgens die biskoppe is die kerk nie verbind tot 'n bepaalde ekonomiese, politieke of sosiale sisteem nie. Inteendeel, die kerk moet elke ekonomiese sisteem beoordeel op grond van morele en etiese beginsels. Dié beginsels kan saamgevat word met die vraag: Wat is die impak van 'n bepaalde sisteem op die mense? Bevorder of bedreig dit die menswaardigheid van die mense?

Op grond van die morele en etiese beginsels soos uiteengesit in die vorige hoofstuk, besluit die biskoppe in hierdie hoofstuk om bepaalde beleidsake aan te spreek.

Onder <u>werkloosheid</u> behandel die biskoppe die skopus en effek van werkloosheid, die rol van 'n veranderende ekonomie op werkloosheid; en stel hulle sekere sake voor wat moet aandag geniet en uitgevoer behoort te word. Onder laasgenoemde stel hulle voor: algemene ekonomiese beginsels; sekere werkskeppingsprogramme; en moontlike nuwe strategieë wat ondersoek behoort te word.

Onder <u>armoede</u> behandel hulle die kenmerke van armoede en hoe dit veral die kinders, vroue en minderheidsgroepe raak. Verder word die ekonomiese ongelykhede in die Amerikaanse samelewing beskryf en riglyne vir optrede aangebied.

Onder <u>voedsel en landbou</u> (agriculture) behandel hulle die Noord-Amerikaanse landbou, soos dit in die verlede en hedendaags daar uitsien. Riglyne vir optrede word voorgestel en 'n beroep word gedoen op solidariteit in die boere gemeenskap.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Onder die Amerikaanse ekonomie en Ontwikkelende lande behandel hulle die kompleksiteit, uitdagings en keuses waarmee Noord-Amerika gekonfronteer word in die globale ekonomiese opset. Hulle toon aan dat Noord-Amerika bepaalde doelbewuste keuses kan maak in die globale ekonomiese opset met betrekking tot handel, ontwikkeling, finansies, buitelandse private beleggings en die wêreld se voedsel-probleem. Ten slotte dui hulle aan dat die VSA 'n verantwoordelikheid het om die internasionale ekonomiese sisteeem te hervorm.

In die volgende twee hoofstukke behandel hulle na aanleiding van die Amerikaanse droom "'n Nuwe eksperiment in demokrasie" en laastens 'n verbintenis tot die toekoms.

2.5. HOOFSTUK IV: NUWE EKSPERIMENT IN DEMOKRASIE.

In hierdie hoofstuk met die titel " A new experiment in democracy: partnership for the public good" lê die biskoppe baie klem op samewerking. Hulle gaan uit van die standpunt dat baie meer verrig kan word as alle rolspelers op die ekonomiese gebied saamwerk as wanneer hulle gedurig in konfrontasie met mekaar optree.

Hulle toon aan dat die Amerikaanse eksperiment in demokrasie alreeds vir twee honderd jaar aan die gang is. Die eksperiment is in 'n groot mate beperk tot die politieke gebied. As hulle egter na die ekonomiese en politieke lewe van 'n groot deel van die Amerikaanse volk kyk, wat nie deel in al die voorregte van



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

die Amerikaanse eksperiment nie, is die eksperiment nog onvoltooid. Veral op ekonomiese terrein moet daar met groter ywer gewerk word vir ekonomiese vooruitgang, sodat diegene wat nie deel in die ekonomie nie, ook daarin kan deel. Hulle meld:

> "The nation's founders took daring steps to create structures of participation, mutual accountability, and widely distributed power to ensure the political rights and freedoms of all. We believe that similar steps are needed today to expand economic participation, broaden the sharing of economic power, and make economic decisions more accountable to the common good" (NCCB (USA) 1986:146).

Op grond van bogenoemde stel hulle voor dat daar groter samewerking moet plaasvind tussen verskillende groepe om sodoende wedersydse verantwoordelikheid te skep vir ekonomiese geregtigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hulle stel groter samewerking voor:

a) Binne Firmas en Industrieë en tussen werkers, unies, bestuurders en direkteure;

b) Op plaaslike, streeks en nasionale vlak;

c) Vir die ontwikkeling van 'n nasionale en internasionale ekonomiese beleid.

## 2.6. <u>HOOFSTUK V: DIE TOEKOMS.</u>

Onder die titel "Commitment to the Future" fokus die biskoppe



https://etd.uwc.ac.za

veral op die kerk as model en voorbeeld, ook op ekonomiese gebied. Soos hulle dit stel:

> "This chapters deals with the Christian vocation in the world today, the special challenges to the Church at this moment of history, ways in which the themes of this letter should be followed up, and a call to the kind of commitment that will be needed to reshape the future" (NCCB (USA) 1986:163).

Onder die christelike roeping dui hulle aan dat, vir die sake soos aangespreek in die brief, om te realiseer daar 'n bekering in die hart nodig is. Volgens hulle begin en word die transformasie van sosiale strukture vergesel deur 'n bekering in die hart, dit wil sê by die individu. Hierdie proses van bekering is egter nie 'n afgehandelde proses nie, maar iets wat volhou deur 'n mens se totale lewe.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verder toon hulle aan dat, om die Amerikaanse ekonomie aan te pak, vra vir dieper bewuswording van die verbintenis tussen aanbidding, gebed en die wêreld van werk.

Hulle toon ook aan dat heiligheid nie beperk word tot die <u>sanctuary</u> nie, maar heiligheid moet juis bereik word in die wêreld, die gesin, die gemeenskap, in vriendskap, werk, ontspanning en in burgerskap.

In 'n tweede deel van die hoofstuk rig hulle bepaalde uitdagings



https://etd.uwc.ac.za

aan die Kerk. Hulle lê veral klem op die verantwoordelikheid van die Kerk op opvoedkundige gebied en die gesinslewe. Ook bespreek hulle die rol van die Kerk as ekonomiese akteur. Hulle beklemtoon dat die Kerk as instituut 'n groot ekonomiese rolspeler is, want die Kerk is 'n werkgewer met 'n groot aantal werkers op gemeentelike sowel as bisdomlike vlak, en deur middel van sy agentskappe. Hulle meld:

> "All the moral principles that govern the just operation of any economic endeavor apply to the Church and its agencies and institutions; indeed the Church should be exemplary" (NCCB (USA) 1986:174)

Die biskoppe identifiseer vyf areas waaroor die Kerk behoort te reflekteer en waaraan hulle behoort aandag aan te gee, naamlik salarisse, werkers se regte, beleggings en eiendomme, vrywillige werk en om te werk vir ekonomiese geregtigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten slotte dui hulle die pad vorentoe aan. Hulle gee 'n opsomming van die tweeledige doel van die pastorale brief. Om enersyds katolieke te help om hul gewete te vorm oor die morele dimensie van die ekonomiese besluitnemingsproses en andersyds om morele perspektiewe te artikuleer en aan te moedig in die algemene gemeenskaps en politieke debatte. Die biskoppe beklemtoon veral die rol van opvoeding om sodoende te reflekteer oor die Katolieke sosiale denke in skole, kolleges en universiteite; spesiale seminare te reël met korporatiewe amptenare, unieleiers, wetgewers, bankiers en diesulkes; om in klein groepies te



https://etd.uwc.ac.za

mediteer oor die evangelie en die etiese norme. Besprekings moet gereël word in gemeentes en nasionale konferensies. Verder word 'n uitdruklike beroep op priesters gedoen om die bepaalde aangeleenthede in die brief verder te bestudeer en ander aangeleenthede wat nie voldoende aandag geniet het nie, in diepte te bestudeer.

Hulle sluit af met die bewuswording dat hulle deel vorm van die globale ekonomiese stelsel en dat liefde 'n bepaalde besorgdheid vir die armes impliseer en 'n gedurige soeke na sosiale en ekonomiese strukture, wat sal toelaat dat almal deel in die samelewing. Soos hulle dit stel:

> "In this letter we bishops have spoken often of economic interdependence; now is the moment when all of us must confront the reality of such economic bonding and its consequences and see it as a moment of grace- a kairos- that can unite all of us in a common community of the human family. We commit ourselves to this global vision".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hierdie hoofstuk is 'n opsomming gegee van die totale pastorale brief. Dit is nie voldoende nie, die brief moet ook geanaliseer en geïnterpreteer word. In die volgende hoofstuk word die taak aangepak.



https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 3

## DIE ANALISE VAN PASTORALE BRIEF, OF: DIE LOGIKA VAN ETIESE ARGUMENT.

In hierdie hoofstuk word die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe in groter diepte geanaliseer. In hierdie analise sal die logika van die biskoppe se argument behandel word, dit wil sê hul betoog of te wel die werkswyse van die biskoppe. Die doel van die analise is om vas te stel of en tot welke mate dit gebruik sou kon word as basis of model vir etiese besinning oor ekonomiese geregtigheid in Suid-Afrika. In die Suid-Afrikaanse kerklike opset is daar reeds 'n verskeidenheid van werksgroepe wat ook aandag gee aan ekonomiese geregtigheid. Die SARK en ICT het byvoorbeeld beide werkskomitees aangestel. Die sinode van die gewese NGSK het dit opgedra aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om "'n studie te maak van die vak Ekonomie met die spesifieke vraag watter etiese vrae vanuit hierdie vakgebied op die kerk en die gelowige se tafel kom. Die studie moet ten doel hê om die terme en die etiese vrae te omskryf". Die studie hoop daarom om relevant te wees vir die kerk se aanpak van ekonomiese geregtigheid, spesifiek die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, wat bestaan uit die gewese N.G.Sending en N.G.Kerk in Afrika. Die bedoeling is dus om uiteindelik die aktueel etiese vrae te probeer identifiseer. Ten einde dit te kan doen, is dit egter nodig om eers so noukeurig



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

moontlik die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe te verstaan.

'n Betoog word onvermydelik en vanselfsprekend beïnvloed deur die konteks, die teikengroep en die doel van 'n dokument. Dit geld ook van die pastorale brief. 'n Kort uiteenseting sal dus gegee word van die konteks en teikengroep(1); en die doel van die skrywe(2). Hierop sal die logika van hul etiese argument volg(3).

1. KONTEKS EN TEIKENGROEP.

Die vraag wat hier aan die orde kom is: wat is die konteks van die brief en wie is die addressate van die skrywe? Wie wil die biskoppe met die skrywe bereik?

In hul subtitel "Pastoral letter on Catholic Social Teaching and the U.S Economy" maak die biskoppe dit duidelik wat hul konteks is. Hul konteks is die VSA en die Amerikaanse ekonomie. Dit kom baie duidelik na vore in hul pastorale boodskap wat eintlik 'n inleiding is tot die pastorale brief. Hulle rig hul pastorale boodskap aan alle katolieke in die VSA

> "seeking to live their faith in the marketplace - in home offices, factories, and schools : on farms and ranches; in boardrooms and union halls; in service agencies and legislative chambers" (NCCB (USA) 1986: 3, past. message).

Die aanhaling maak dit duidelik dat hulle elke katoliek, in elke



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

werksfeer wil bereik. Die biskoppe wend hulle nie uitsluitlik tot katolieke nie maar tot alle mense, selfs diegene wat nie hul geloof of tradisie deel nie. Hulle stel dit soos volg:

> "We seek the cooperation and support of those who do not share our faith or tradition" (NCCB (USA) 1986:27).

Die woorde "geloof" en "tradisie" dui aan dat hulle die kring wyer trek as hul eie tradisie. Dus hulle soek die samewerking en ondersteuning van christene wat in ander tradisies staan as die Katolieke tradisie. Die woord "faith" dui verder aan dat hulle ook ander godsdienste wil betrek. Dit word bevestig deur die pertinente poging wat aangewend word om die gemeenskaplike erfenis met hul Joodse gelowiges te beklemtoon. Die brief konstateer

> "We also claim the Hebrew Scriptures as common heritage with our Jewish brothers and sisters,..." (NCCB (USA) 1986:29).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ter opsomming kan die volgende aangeteken word: Die konteks van die biskoppe is die VSA en hul teikengroep is in die eerste plek hul katolieke lidmate en daarnaas broers en susters van ander christelike tradisies en ander godsdienste, kortom die breë pluralistiese samelewing soos hulle dit beskryf. Vervolgens word die doel van die brief benadruk.



https://etd.uwc.ac.za

2. DOEL VAN SKRYWE.

Wat is ten diepste die doel van hul skrywe? Wat wil hulle daarmee bereik?

Die oorkoepelende doel van hul skrywe is om leiding te gee aan die lidmate van hul kerk in hul soeke om hul gewete te vorm oor ekonomiese aangeleenthede (NCCB (USA) 1986:27).

Hulle skryf om hul lering te deel, om vrae op te roep en om 'n ieder en 'n elk uit te daag om hul geloof uit te leef in die wêreld (NCCB (USA) 1986:4, past. message). Hulle skryf as erfgename van die bybelse profete wat hul oproep "om reg te doen, liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God" (Miga 6:8). Hulle skryf as volgelinge van Jesus Christus wat die armes van gees en die nederiges seën en sê " julle is die sout van die aarde en die lig van die wêreld; as julle dit gedoen het aan die minste van my broeders het julle dit aan my gedoen" (Mat. 5:1-6, 25:35-40). Die uitdaging is om vas te stel wat dit beteken "om arm van gees en die sout van die aarde" te wees en wat dit beteken om die minste te dien.

Die biskoppe stel hulle ten doel om gelowiges daarvan bewus te maak dat hulle nie 'n skeiding moet maak tussen geloof en hul alledaagse lewe nie, maar dat hulle geloof uitgeleef sal word in die publieke arena. Hulle moet egter 'n balans handhaaf. Soos hulle dit stel:



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

> "They can neither shrink their earthly duties nor as the Second Vatican Council declared "immense [them]selves in earthly activities as if these latter were utterly foreign to religion, and religion were nothing more than the fulfillment of acts of worship and the observance of a few moral obligations" (NCCB (USA) 1986:5, past. message).

Die ekonomiese lewe is een van die hoofarenas waar mense hulle geloof uitleef. Daarom moet die lig van die evangelie val op alle aktiwiteite van gelowiges.

Die biskoppe stel dit duidelik dat hulle nie skryf om 'n ideologiese of politieke standpunt te onderskryf nie, maar om die menslike en etiese dimensie van die ekonomiese lewe uit te lig. Hulle sê:

> "Economic life raises important social and moral questions for each of us and for society as a whole" (NCCB (USA) 1986:6, past. message). "Economic decisions have human consequences and moral content; they help or hurt people, strengthen or weaken family life, advance or diminish the quality of justice in our land" (NCCB (USA) 1986:1, past. message).

Tot die taak bring hulle die Sosiale Katolieke lering en die tradisionele Amerikaanse waardes. Teen die agtergrond van hoofstuk 1 blyk in hoe 'n mate die Brief, opgesom in hoofstuk 2, steun op op die sosiale lering van die Katolieke Kerk. In



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

besonder geld die bydrae van pouslike ensiklieke tot die sosiale lering van die Rooms Katolieke Kerk.

As gemeenskap van gelowiges word hulle geloof, so meen hulle, getoets aan hoe hulle die armes in hul midde behandel. Verder is dit hul wens dat alle medebroers en susters voldoende sal kan deel in die Amerikaanse droom (NCCB (USA) 1986:9, past. message).

Deur die skrywe wil die biskoppe 'n bydrae lewer tot die publieke debat oor die rigting waarin die ekonomie van die VSA moet beweeg. Om dit te bewerkstellig het hulle die ondersteuning en samewerking van die breë publiek nodig. Die biskoppe sê dat dit veral moeiliik is om oor sake van ekonomiese geregtigheid, soos hulle dit stel, 'n "common ground" te vind onder mense met verskillende agtergronde en besorgdhede. Hulle verbind hulle egter hiertoe soos volg:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

> "One of our chiefs aims in writing this letter is to encourage and contribute to the development of this common ground" (NCCB (USA) 1986:22).

'n Verdere doel van die skrywe is gevolglik dat dit sal lei tot dialoog, gesprek en aksie. Hulle besef dat mense van mekaar verskil, maar vertrou dat die brief sal bydra tot 'n vrugbare uitruiling van gesigspunte. Nie alleen wil hulle deur middel van die pastorale brief gesprek aan die gang sit nie, maar hulle hoop ook dat mense as gevolg daarvan anders sal optree. Die biskoppe vertrou dat dit tot bekering sal lei van mense aangesien bekering



https://etd.uwc.ac.za

’n lewenslange proses is. Hulle hoop dat mense hulself sal afvra hoe raak hul ekonomiese besluite hul gesin, die gemeenskap waarin hul leef, die waardes van hul kinders en diensbaarheid aan die behoeftiges (NCCB (USA) 1986:23, past. message). Hulle hoop dat mense hernuwend sal optree.

> "A renewal of economic life depends on the conscious choices and commitments of individual believers who practice their faith in the world. The road to holiness for most of us lies in our secular vocations" (NCCB (USA) 1986:25, past. message).

Hiermee saam bid hulle dat christene die pastorale brief sal bestudeer, daaroor sal bid en dit sal toepas op hul eie lewe.

Hulle sien die skrywe as ’n persoonlike uitnodiging aan alle katolieke om die bronne van hul geloof, die sterkte van die ekonomie en demokratiese geleenthede te gebruik om hul gemeenskap of samelewing te vorm en om beter geleenthede aan alle mense te verseker. Die biskoppe roep alle lesers op om saam met hulle die behoeftiges te dien, uit te reik na die dakloses, die armes, magteloses en kwesbaarste lede van die samelewing (NCCB (USA) 1986:26, past. message).

> "This letter calls us to conversion and common action, to new forms of stewardship, service, and citizenship."

Hulle glo dat die christelike siening van die lewe, insluitend



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

die ekonomiese lewe, die lewens van individue, gesinne, skole en hele kulture kan transformeer.

Die doelstellings van hul pastorale brief is dus om :

a) leiding te gee aan lidmate;

b) alle mense uit te daag om hul geloof uit te leef in die wêreld, sodat mense sal besef 'n mens maak nie 'n skeiding tussen jou geloof en die alledaagse lewe nie;

c) die menslike en etiese dimensie van die ekonomiese lewe na vore te bring en te beklemtoon;

d) 'n bydrae te lewer tot die publieke debat;

e) dialoog en gesprek aan te moedig; en

f) lidmate tot die besef te bring dat hulle 'n bydrae kan lewer tot die vorming van die samelewing.

Juis hierdie gevarieerde doelstelling maak die vraag na die <u>logika, die retoriek</u> van hul betoog baie belangrik. Hulle wil immers tegelyk uitnooi tot denke en gesprek, en oproep tot bekering; tegelyk by gelowiges appelleer op grond van hul geloofsoortuigings en met mense van ander gelowe konsensus bereik; tegelyk uit die tradisie leef en dink, én 'n komplekse en magtige ekonomie analiseer.

3. <u>DIE LOGIKA VAN HUL ARGUMENT.</u>

Onder die logika van hul argument word verstaan die betoog, retoriek, werkswyse en hul rasionaal wat aan die pastorale brief vorm gee. Die studie sal probeer om nie net hul werkswyse of



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

argument deur te gee nie, maar ook die inhoud wat hul aan die werkswyse gee. Die rede hiervoor is dat die kerk in Suid-Afrika moontlik kan leer van die Noord-Amerikaanse biskoppe oor hoe oor die ekonomie besin behoort te word. Na my mening argumenteer die biskoppe soos volg: In hul eerste hoofstuk skets hulle die hoop en die mislukkings van die Amerikaanse ekonomie en van die wêreld (3.1). In hul opsomming dui hulle aan dat ekonomiese ooreenkomste bepaalde gevolge het. Verder dui hulle aan dat ekonomiese keuses nie slegs tegniese sake is nie, maar dit lei tot waarde- en bestaansvraagstukke. Hulle glo dat hierdie vraagstukke ten beste deur die christelike en morele tradisie begelei kan word.

Hierop volg dan die teologiese basis of -rasionaal van die biskoppe van die VSA (3.2). Die bybelse en teologiese basis gee vorm aan hul etiek vir die ekonomiese lewe. Vervolgens word etiese norme vir die ekonomiese lewe voorgehou wat tegelyk 'n appél is op christene en op die breë pluralistiese samelewing (3.3). Onder die etiese norme word verskeie temas beklemtoon, onder andere liefde, antropologiese beskouing, geregtigheidsbeskouing en sekere verpligtinge. Op grond van hierdie etiese visie word 'n aantal geselekteerde ekonomiese beleidsaangeleenthede, onder andere werkloosheid, armoede, boerdery, en die verhouding tot Derde wêreld-lande beoordeel (3.4). Hierop volg 'n beklemtoning en beroep op die Amerikaanse waardes en die eksperiment in demokrasie. Hier word veral aandag gegee aan langtermyn oplossings vir die ekonomie (3.5). Veral word 'n beroep gedoen op samewerking tussen die verskillende rolspelers. In 'n slothoofstuk getitel "Commitment to the future"



https://etd.uwc.ac.za

handel hulle oor wat behoort te gebeur (3.6).

Vervolgens word die verskillende aspekte van hul argument puntsgewys soos bo genommer behandel.

## 3.1. ANALISE VAN DIE AMERIKAANSE EKONOMIE.

In die lig van hul konteks gee die biskoppe 'n beoordeling van die huidige ekonomiese situasie ten tyde van die skrywe van die pastorale brief.

Eerstens dui hulle die hoopvolle dinge aan wat hulle waarneem, onder andere: die wyse waarop ouers 'n balans handhaaf tussen hulle verantwoordelikhede by die werk en by die huis; die wyse waarop jongmense kies tussen sukses en om 'n diens te lewer aan die gemeenskap.

Hierop volg die mislukkings wat hulle waarneem in die Amerikaanse samelewing. Hulle merk:

> "These signs of hope are not the whole story. There have been failures - some of them massive and ugly ..." (NCCB (USA) 1986:3).

Onder andere word die volgende mislukkings aangedui :
Die situasie van die dakloses en die armes wat dikwels by die kerk skuiling vind. Die wyse waarop werkloosheid vreet aan die selfrespek van middeljariges en jongmense. Gesinne wat



https://etd.uwc.ac.za

gekonfronteer word met nuwe uitdagings as gevolg van ekonomiese druk, wat dikwels daartoe lei dat beide ouers dikwels moet werk.

Verder maak die biskoppe die kerk bewus van die realiteit dat miljoene der miljoene mense buite die VSA gebuk gaan onder absolute armoede en ondervoeding.

Hierdie situasie lei daartoe dat die biskoppe besorg is oor die ekonomiese probleem van die VSA en die wêreld. Die biskoppe glo dat die ekonomie deur mense geskep is en dat op sy beurt die ekonomie mense vorm. Volgens hulle kan ekonomiese kontrakte 'n bron van hoop, bevrediging en samehorigheid wees, of van frustrasie, isolasie en selfs mismoedigheid ("despair"). Die punt wat die biskoppe wil maak is dat ekonomiese besluite die kwaliteit van die mens se lewe affekteer "... at the extreme even determining whether people live or die" (NCCB (USA) 1986:5).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die biskoppe glo dat ernstige ekonomiese besluite tot fundamentele vraagstukke kan lei. Hulle stel dit soos volg:

> "Serious economic choices go beyond purely technical issues to fundamental questions of value and human purpose. We believe that in facing these questions the Christian religious and moral tradition can make an important contribution" (NCCB (USA) 1986:5).

Soos uit bogenoemde aanhaling afgelei kan word, glo die biskoppe dat die christelike godsdienstige en morele tradisie 'n



https://etd.uwc.ac.za

belangrike bydrae kan lewer tot die vraagstukke. Vir hierdie studie is dit van belang om dus allereers te bepaal of die biskoppe daarin slaag om hierdie "belangrike bydrae" te lewer en hoe hulle dit bereik.

## 3.2. TEOLOGIESE BASIS OF RASIONAAL.

Die teologiese basis van die biskoppe bied die grondslag vir hul etiese visie. Vir die doel van hierdie hoofstuk sal slegs 'n bondige samevatting gegee word van die bybelse perspektiewe. Sommige van die perspektiewe wat die biskoppe aandui, word onder die geregtigheids- en mensbeskouing behandel.

Die volgende perspektiewe dien as basis vir 'n bybelse siening van ekonomiese geregtigheid.

Die biskoppe (1986:29) noem dat daar baie gedeeltes in die Skrif is wat die ekonomiese lewe aanspreek. Hulle streef daarna om gehoorsame hoorders en daders van die woord te wees.

Dit is hul fundamentele oortuiging dat die menslike lewe tot vervulling kom in liefde tot God en in gemeenskap met andere. Die Skrif bied riglyne sodat die mens in gemeenskap met God en met mekaar kan lewe (NCCB (USA) 1986:30).

God het die hemel en die aarde en die mens geskape. Alhoewel die eerste mens God verwerp het, het God nooit die mens verwerp nie, maar 'n verbond met Abraham en sy nageslag gesluit. Hulle beskou



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

die fokuspunte van Israel se geloof naamlik skepping, verbond en gemeenskap ("community") as 'n basis vir refleksie oor sake van ekonomiese en sosiale geregtigheid (NCCB (USA) 1986:30).

Israel skets hul geskiedenis as 'n volk met die storie dat dieselfde God wat hulle gevorm het as volk alle ander volke geskape het (Gen.1-11). God is die skepper van alles en Hy seën oorvloediglik dié wat sy woord gehoorsaam. Een erfenis van die teologie van die skepping is dat daar geen dimensie van die menslike lewe is wat buite God se sorg en besorgdheid is nie (NCCB (USA) 1986:31).

Die hoogtepunt van die skepping is die skepping van die mens na die beeld van God (Gen. 1:26-27). Dit sal meer volledig behandel word onder die mensbeskouing. Om dié rede besit die mens 'n onvervreembare menswaardigheid wat gestel word bo enige skeiding van ras en volk. Die mens, man en vrou, moet deel in God se skeppende aktiwiteit. Deur hul arbeid laat hulle die werk van die skepping ontvou (NCCB (USA) 1986:32).

Hulle toon ook aan dat in die verhale van Gen. 1-11 die oorsprong van die stryd en lyding in die wêreld aangedui word. Hieruit lei hulle af dat die bybelse visie van die skepping een van die mees "enduring legacies" van die kerklike lering na vore bring. Die lering maak dit duidelik dat, om voor die skepper-God te staan beteken om God se skepping te respekteer. Dit sluit beide die natuur en die menslike geskiedenis in (NCCB 1986:34). Van die patristiese periode tot die huidige bevestig die Kerk dat die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

misbruik van die wêreld se bronne of die toeëiening daarvan deur 'n minderheid van die wêreld se bevolking die gawe van die skepping ontken, aangesien "whatever belongs to God belongs to all".

Die biskoppe toon aan hoedat God wat Israel as verbondsvolk gekies het steeds kies vir die verdruktes en noodlydendes. Die Dekaloog en Verbondsboek dien as riglyn vir die gemeenskapslewe en ander wette verwys na die ekonomiese of besigheidslewe van die volk. Volgens die biskoppe is dit God se intensie dat die mens vry moet wees en 'n mede-verantwoordelike lid van die gemeenskap (NCCB (USA) 1986:36). Ook word aangesluit by die profete en hul boodskap van geregtigheid. Daar sal meer in diepte hieroor gehandel word onder die geregtigheidsbeskouing.

Die biskoppe argumenteer verder dat Jesus in sy eie lewe gewaarsku het teen rykdom, mag en die opgaar van besittings. Nie net het Jesus dit verkondig nie, maar ook sy bediening het dit bevestig. Die biskoppe sien die kerk in aansluiting by die woorde van Pous Johannes Paulus II as

> "a community of disciples in which we must see first and foremost Christ saying to each member of the community: follow me" (NCCB (USA) 1986:46).

Die kerk word dus gesien as gemeenskap van dissipels wat Christus volg. Net soos Jesus die eerste dissipels geroep het te midde van hul daaglikse werk as vissermanne en tollenaars, so roep Jesus



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

vandag elkeen in die huis, werksplek en gemeenskap (NCCB (USA) 1986:45).

Deurdat gelowiges deel in dieselfde opstandingsgeloof kan hulle die stryd en uitdagings teenstaan wat wag op diegene wat die visie van die evangelie meet aan 'n komplekse ekonomiese en sosiale wêreld. Deur die lewe van Jesus, sy sterwe en opstanding wil die biskoppe aantoon wat wag op diegene wat dit waag om die lig van die evangelie te laat skyn op die ekonomiese en sosiale wêreld.

In samehang met die teologiese grondslag vir die doel van hul argument bring die biskoppe die <u>Katolieke tradisie</u> wat in 'n groot mate dui op die uitsprake van die verskillende Pouse en die Vatikaanse Konsilie. Die invloed van die Katolieke tradisie, in besonder die sosiale lering van die Katolieke Kerk op die biskoppe, het duidelik geword in hoofstuk 1 van hierdie studie. Na aanleiding van die bybelse perspektiewe of op grond van die bybelse perspektiewe vorm die biskoppe (1986:61) 'n christelike perspektief op die ekonomiese etiek.

3.3. <u>ETIESE ARGUMENT.</u>

In hul inleiding tot die etiese norme maak hulle dit duidelik dat hul perspektiewe op die ekonomiese etiek gevorm word deur teologiese temas. Hulle stel dit:

"These overall biblical and theological themes shape the



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

> overall christian perspectives on economic ethics" (NCCB (USA) 1986:61).

Die biskoppe argumenteer dus dat hul etiese norme gevorm word deur hul teologiese rasionaal. In hierdie gedeelte word gevolglik gekonsentreer op hul etiese argument.

Enersyds word die biskoppe se etiese argument gevorm deur hul christelike perspektiewe; andersyds neem hulle aan dat hierdie christelike perspektiewe onderskryf word deur baie wat nie noodwendig die christelike godsdienstige oortuiging deel nie. Met hul etiese norme wil hulle dus 'n appél maak tot christene en die breër pluralistiese samelewing.

Hulle sê:

> "Human understanding and religious belief are complementary, not contradictory. In proposing ethical norms therefore, we appeal both to Christians and to all in our pluralist society to show that respect and reverence owed to the dignity of every person" (NCCB (USA) 1986:61).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die lig van hul aanname dat christelike ekonomiese etiek en menslike redelikheid by mekaar aansluit, stel hulle 'n etiese raamwerk voor wat beide getrou is aan die evangelie en deur menslike ervaring en rede gevorm word (NCCB (USA) 1986:61).

Die biskoppe wil dus baie pertinent, soos dit in hul doelstellings duidelik geword het, nie alleenlik aanklank vind



https://etd.uwc.ac.za

by christene nie, maar ook by die breë pluralistiese samelewing. Om dit te kan bewerkstellig, gee hulle nie slegs 'n christelike perspektief op etiese norme nie maar sluit hulle aan by dit wat aanvaarbaar is vir die menslike rede. Hul etiese norme word gevorm deur die vraag na die verpligting van die individu teenoor die gemeenskap. By hierdie verpligting word aangesluit by die regte van die mens en die prioriteite wat as gevolg hiervan navore kom. Hul etiese argument word gevorm deur drie beskouings wat afsonderlik behandel sal word. Dit is hul mensbeskouing, hul geregtigheidsbeskouing en hul siening van menseregte. Onder hul geregtigheidsbeskouing word behandel hul argument vir die "opsie vir die armes" en hul verstaan van die beginsel van "subsidiarity". Op grond van laasgenoemde beginsel stel hulle sekere morele prioriteite vir die volk voor.

Vervolgens word op bogenoemde sake gekonsentreer. In paragraaf 62 stel hulle dit soos volg:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "First we outline the duties all people have to each other and to the whole community: love of neighbor, the basic requirements of justice, and the special obligation to those who are poor or vulnerable. Corresponding to these duties are the human rights of every person;... Finally these duties and rights entail several priorities that should guide the economic choices of individuals, communities, and the nation as a whole" (NCCB (USA) 1986:33).



https://etd.uwc.ac.za

A. <u>MENSBESKOUING.</u>

Die Katolieke biskoppe neem die mens as die vertrekpunt van hul studie. Hulle sê:

> "The pastoral letter begins with the human person"(NCCB (USA) 1986:13, past. message).

Hiermee wil hulle aandui watter belangrike rol die mens in hul besinning en in die pastorale brief as geheel speel. Dus wil ek in meer detail die mensbeskouing van die Noord-Amerikaanse biskoppe aandui.

Die biskoppe se mensbeskouing word gegrond op die Bybel, en hul Katolieke tradisie. Die mensbeskouing van die Katolieke tradisie waarby die biskoppe aansluit is reeds kortliks uiteengesit in Hoofstuk 1 van hierdie studie. Vervolgens word hul bybelse grondslag behandel en die etiese norme wat daaruit voorkom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hulle noem dat die mens heilig is en 'n refleksie van God onder ons is - gevorm en geskape na die beeld en gelykenis van God (NCCB (USA) 1986:13, past.message & 79). Hulle is van mening dat die menswaardigheid van die mens alleenlik gerealiseer en beskerm kan word in gemeenskap.

> "In our teaching, the human person is not only sacred but also social" (NCCB (USA) 1986:14, past. message).



https://etd.uwc.ac.za

Die biskoppe behandel die bybelse visie van lewe in gemeenskap. Die gebod om God lief te hê en jou naaste soos jouself is die hart en siel van die christelike moraliteit. Hierdie gebooie wys die weg tot ware menslike bevrediging en geluk. Alleenlik aktiewe liefde tot God en die naaste laat ware gemeenskap plaasvind.

Hulle gaan ook verder en toon aan dat die beginsel van die mens as sosiale wese eeue voor Christus bevestig is. Bogenoemde argument sluit dus aan by hul aanname dat christelike etiese norme aansluit by die menslike rede. Die Grieke en die Romeine het van die mens gepraat as "sosiale dier" (NCCB (USA) 1986:65). Dit toon aan dat die self realisasie van die mens nie in isolasie plaasvind nie, maar in gemeenskap - in interaksie met ander.

Die biskoppe sien die norm van burgerskap ("citizenship") as 'n uitdrukking van christelike liefde (NCCB (USA) 1986:66). Dié norm word afgelei vanuit 'n sin vir interhanklikheid en 'n verpligting tot dit wat hulle noem die "commonweal". Die burgerlike verpligting moet ook die ekonomiese instellings van die gemeenskap lei. Die afwesigheid van die burgerskap (wat ons in die SA konteks sou noem kameraadskap) tussen besighede, korporasies, unies en andere, kan die gemeenskap as geheel in gevaar stel. Die biskoppe is dus van mening dat die wyse waarvolgens 'n gemeenskap georganiseer is die moontlikheid van individue se gemeenskapsgroei kan affekteer.

Die biskoppe beskou solidariteit as 'n ander benaming vir die sosiale, vriendskaplike en burgerlike verbintenisse wat menslike,



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

morele en ekonomiese lewe moontlik maak (NCCB (USA) 1986:66). Menslike sonde plaas egter stuikelblokke in die weg van groter sosiale solidariteit (NCCB (USA) 1986:67). As die gemeenskap deur mense gevorm word, dan het die gemeenskap 'n plig om die basiese behoefte van die individu te vervul, behalwe as daar 'n absolute tekort is wat dit onmoontlik maak (NCCB 1986:70). Vervolgens die biskoppe se geregtigheidsbeskouing.

B. GEREGTIGHEIDSBESKOUING.

In hul inleiding noem hulle dat hulle geroep word om aktief te werk vir sosiale en ekonomiese geregtigheid. Hul geregtigheidsbeskouing is gebou op die grondslag van die Bybel, die Katolieke sosiale leringe en filosofiese denke. Vervolgens word die biskoppe se bybelse grondslag verduidelik, hoe hulle aansluit by die sosiale leringe van hul Kerk en die basiese norme van geregtigheid. Onder hul geregtigheidsbeskouing word ook behandel hul opsie vir die armes en die beginsel van subsidiariteit.

Die biskoppe streef na bybelse geregtigheid (NCCB (USA) 1986:68). Die Bybel skets 'n regverdige samelewing as 'n samelewing gekenmerk deur liefde, besorgdheid, heiligheid en vrede. Die biskoppe oordeel dat om hierdie visie van die koninkryk van God te realiseer, die sondige mens leiding nodig het. Dié leiding is vervat in die norm van basiese of minimale geregtigheid. Die norm dui die minimum vlak aan van wedersydse sorg en respek wat nodig is in hierdie onvolmaakte wêreld (NCCB (USA) 1986:68).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Die Katolieke leer, soos baie filosofiese denkrigtings, onderskei drie dimensies van basiese geregtigheid:

1. Kommulatiewe
2. Distributiewe en
3. Sosiale geregtigheid (NCCB (USA) 1986:68).

Die biskoppe beskryf dit soos volg:

Kommulatiewe geregtigheid eis fundamentele eerlikheid in alle ooreenkomste en interaksies (exchanges) tussen individue en privaat sosiale groeperinge (NCCB (USA) 1986:69). Dit vereis respek vir die gelyke menswaardigheid van alle mense in ekonomiese transaksies, kontrakte en beloftes. As voorbeeld word gewys op die verhouding tussen werkgewer en werknemer. Die werknemer moet vir die werkgewer bevredigende werk lewer. Die werkgewer moet die werknemer behandel as mens en hom of haar 'n bevredigende loon betaal.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**Distributiewe geregtigheid** vereis dat die toedeling van inkomste, rykdom en mag in die gemeenskap gemeet word in die lig van hul effek op mense, aan wie se basiese materiële behoeftes nie voldoen is nie. Die Tweede Vatikaanse Konsulie konstateer die volgende:

> "The right to have a share of earthly goods sufficient for oneself and one's family belongs to everyone" (NCCB (USA) 1986:70).

Die minimum materiële bronne is 'n absolute noodsaaklikheid vir



https://etd.uwc.ac.za

lewe.

Maatskaplike geregtigheid impliseer dat mense 'n verpligting het om aktiewe en produktiewe deelnemers te wees aan die gemeenskapslewe. Die gemeenskap het ook 'n plig het om toe te sien dat mense individueel deelneem. Dit kan ook genoem word "contributive justice" want dit lê klem op die plig van elkeen om goedere, dienste en geestelike waardes te voorsien wat nodig is vir die welsyn van die totale bevolking (NCCB (USA) 1986:71). Die biskoppe haal Pous Pius XI aan, wat dit soos volg stel:

> "It is of the very essence of social justice to demand from each individual all that is necessary for the common good".

Die biskoppe beweer ook dat maatskaplike geregtigheid daartoe moet bydrae dat mense se vryheid en die waardigheid van hul arbeid gerespekteer word. Werk moet daartoe bydrae dat werkers 'n meer menslike persoon word, in staat om intelligent en vrylik op te tree op maniere wat tot self realisasie sal lei. Die biskoppe maak dit duidelik dat ekonomiese toestande van werkloosheid en onmenslike toestande nie daarin slaag om die eise van die drie basiese vorme van geregtigheid na te kom nie. Hulle sê dat voldoende basiese loon sal help om basiese geregtigheid in die gemeenskap te bevorder en te bereik (1986:73). Diskriminasie in werksgeleenthede of inkomstevlakke op grond van ras, geslag en geloof kan nooit geregverdig word nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

Volgens die biskoppe eis basiese geregtigheid die daarstelling van 'n lewenspeil wat vir almal toeganklik sal wees. Dit is almal se plig om dit te bewerkstelling maar veral van diegene met meer bronne tot hul beskikking. Die Katolieke leer verkondig nie dat ("flat") gelyke verdeling van rykdom 'n vereiste van basiese geregtigheid is nie, maar dit konfronteer wel ekonomiese reëlings wat groot aantal mense verarm. Verder sien dit ekstreme ongelykheid as 'n bedreiging vir die solidariteit van die gemeenskap, want groot dispariteite lei tot dieper sosiale ongelykhede en konflik.

Die norme van geloof en geregtigheid plaas druk op die verbruikers en hul benadering tot materiële goedere.

Dit is nie genoeg dat individue meer sal bydrae nie, maar dat die totale ekonomiese sisteem - besighede, unies en ander groeperinge wat die ekonomie vorm - hul daartoe sal verbind om ongelykhede uit te skakel. Want baie van die ongelykhede is institusioneel van aard. Daarom moet die institusionele strukture geanaliseer word om te voldoen aan die basiese eise van geregtigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe gee 'n duidelike uiteensetting van hoe eksklusiwiteit daartoe lei dat mense ontneem word van deelname. Baie mense, veral in die ontwikkelende lande, word uitgesluit van deelname in die rykdom van die land deur 'n onregverdige elite en ondemokratiese regerings. Basiese geregtigheid vereis dat die vorme van uitsluiting en magteloosheid oorkom moet word. Die biskoppe sê "The common good demands justice for all,..." (NCCB



https://etd.uwc.ac.za

(USA) 1986:85).

Elke persoon het 'n plig om 'n bydrae te lewer tot die opbou van wat die biskopppe noem "the commonweal". Almal het 'n verantwoordelikheid om hul talente te ontwikkel deur opvoeding. Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor almal, maar veral teenoor die armes.

C. DIE OPSIE VIR DIE ARMES.

Die biskoppe dui aan dat die gemeenskap die bevoorregtes dien terwyl die armes weggegooi word as tweede klas burgers. Die verpligting om geregtigheid aan almal te voorsien beteken dat die armes 'n bepaalde eis plaas op die gewete van die volk.

> "The obligation to provide justice for all means that the poor have the single most urgent claim on the conscience of the nation" (NCCB (USA) 1986:86).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie opmerking toon weer eens in 'n hoe mate die biskoppe wil aandui dat dit nie slegs 'n evangeliese eis is nie, maar 'n eis van geregtigheid.

Armoede lei tot baie lyding en tekortkominge. Armoede neem verskillende vorme aan, geestelik sowel as materieël. Die biskoppe beklemtoon dat elke individu en nasie sal kies vir die armes. Pous Johannes Paulus II beskryf die spesiale verpligting tot die armes as



https://etd.uwc.ac.za

"a call to have a special openness with the small and the weak, those that are humiliated and left on the margin of society, so as to help them win their dignity as human persons and children of God" (NCCB (USA) 1986:87).

'n Mens se oë en hart moet oop wees vir die nood en behoefte van jou medemens.

Die doel van die verbintenis tot die armes is om hulle in staat te stel om aktiewe deelnemers aan die gemeenskapslewe te word. Dit moet almal in staat stel om deel te neem en 'n bydrae te lewer tot die algemene welsyn.

Die "opsie vir die armes" is dus nie n "adversial slogan" wat een klas teenoor 'n ander plaas nie, maar dit wil eerder aandui dat die magteloosheid en tekortkominge van die armes die totale gemeenskap skade berokken (NCCB (USA) 1986:88).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe identifiseer sekere belangrike prioriteite wat ekonomiese instellings behoort te lei:

a) Die vervulling van die basiese behoeftes van die armes moet 'n hoë prioriteit wees. Persoonlike besluite, standpuntinname deur privaat en publieke instellings moet geëvalueer word ten opsigte van hul effek op diegene wat die meeste tekortkominge het, wat betref voedsel, behuising, onderwys en gesondheid.

b) 'n Hoë maatskaplike prioriteit is die vermeerdering van deelname aan die ekonomiese lewe van diegene wat huidig



https://etd.uwc.ac.za

uitgesluit of die kwesbaarste is. Basiese geregtigheid vra veel meer as hulp aan die armes en kwesbare lede van die gemeenskap. Maatreëls en programme moet geskep word wat die gesinslewe ondersteun en ekonomiese deelname verbeter deur werkskepping en eienaarskap van eiendomme en goedere.

c) Die belegging van rykdom, talent en menslike energie moet aangewend word tot voordeel van die armes en die ekonomies onstabiele. Die biskoppe toon aan dat beleggings en bestuursbesluite morele dimensies het - dit kan werk skep of elimineer, dit kan swak gesinne verder in armoede druk of hul hoop gee, dit kan 'n meer gelyke gemeenskap skep of dit kan dit verhinder. Dit kan dus negatiewe of positiewe invloed hê op die globale ekonomie.

Die norme is verder bevestig as deel van die Katolieke leer deur Pous Johannes Paulus II:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "The needs of the poor take priority over the desires of the rich; the rights of workers over the maximization of profits; the preservation of the environment over uncontrolled industrial expansion; production to meet social needs over production for military purposes" (NCCB (USA) 1986:94).

Die biskoppe verwys ook na persone en instellings wat behoort te werk vir groter geregtigheid. As gevolg van die belangrikheid van die gemeenskapslewe en die feit dat daar verskillende bewegings



https://etd.uwc.ac.za

en assosiasies is lê hulle klem op die <u>beginsel van subsidiariteit</u>. Hulle is van mening dat verskillende sektore van die gemeenskap, van die gesinslewe tot die regering, 'n bydrae tot geregtigheid moet lewer.

In Quadragesimo Anno word die beginsel soos volg beskryf.

> "Just as it is gravely wrong to take from individuals what they can accomplish by their own initiative and industry and give it to the community, so also it is an injustice and at the same time a grave evil and disturbance of right order to assign to a greater and higher association what lesser and subordinate organizations can do. For every social activity ought of its very nature to furnish help (subsidium) to the members of the body social, and never destroy and absorb them" (NCCB (USA) 1986:99).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dié beginsel wil aantoon dat elke deel van die samelewing 'n plig het. Die regering moet verantwoordelikhede wat deur kleiner instellings gedoen kan word aan hulle afstaan. Dit gee dus geleentheid vir 'n verskeidenheid van take deur verskillende instellings.

Die beginsel waarborg institusionele pluralisme (NCCB (USA) 1986:100). Dit bied ruimte vir vryheid, inisiatief en kreatiwiteit aan verskeie sektore of agente van die gemeenskap. Hierdie agente moet egter op so 'n wyse werk dat dit dien tot voordeel van die totale gemeenskap. Hulle moet dus hul volle



https://etd.uwc.ac.za

potensiaal benut tot voordeel van die welwese van die totale gemeenskap.

Hulle dui die spesifieke pligte en regte aan van verskeie van die instellings wat moet werk vir geregtigheid. Oor die mens en werk word verder uitgebrei by die mensbeskouing.

Die biskoppe dui ook die regte en pligte van eienaars en bestuurders aan. Eienaars, bestuurders en beleggers van finansiële kapitaal moet almal bydra tot 'n meer regverdige samelewing. Om ekonomiese geregtigheid te verseker hang baie af van die leierskap van mans en vroue in besigheid.

Die biskoppe noem dat die vryheid van entrepeneurskap, besigheid en finansies beskerm moet word, maar ook moet die vryheid verantwoordelik wees aan die "common good". Die biskoppe beskou die werk van diegene in verantwoordelike posisies as 'n roeping, aangesien hulle 'n verpligting het teenoor die gemeenskap en nie net tot die individuele vooruitgang van hul firmas nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe meen dat die besigheidsleiers 'n morele en institusionele verantwoordelikheid het. In aansluiting by die regte en pligte van spesifieke rolspelers in die ekonomie het elkeen 'n plig op grond van sy of haar burgerskap. Om te werk vir groter geregtigheid is 'n uitdrukking van christelike liefde en solidariteit.



https://etd.uwc.ac.za

D. <u>DIE KATOLIEKE KERK EN MENSEREGTE.</u>

Die biskoppe maak dit duidelik dat volgens die Katolieke lering, menseregte nie slegs burgerlike en politieke regte behels nie, maar ook sosiale en ekonomiese regte (NCCB (USA) 1986:17). Pous Johannes XXIII het verklaar

> "all people has a right to life, food, clothing, shelter, rest, medical care, and basic education" (NCCB (USA) 1986:100).

In die Katolieke sosiale denke word menseregte nie gestel teenoor persoonlike en gemeenskapsverantwoordelikheid nie, maar skakel dit by mekaar in (NCCB (USA) 1986:79). Vatikaan II beskryf algemene welsyn as

> "the sum of these conditions of social life which allow social groups and their individual members relatively thorough and ready access to their own fulfillment."

Die volgende word ingesluit by hierdie kondisies -: die reg tot bevrediging van jou materiële behoeftes, 'n waarborg van fundamentele vryhede en die beskermings van verhoudings wat essensieel is vir deelname aan die gemeenskaplewe.

Die biskoppe noem dat die regte aan die mens toegeken word deur God; dit word nie geskep deur die gemeenskap nie (NCCB (USA) 1986:79). Inteendeel, die gemeenskap het 'n plig om dit te



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

beskerm en te bewaar.

Die volle omvang van menseregte is in detail uiteengesit deur Pous Johannes XXIII in sy ensikliek "Vrede op aarde". (Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.) In sy bespreking sluit hy aan by die Universele Deklarasie van Menseregte van die Verenigde Volke en dit impliseer dat die Katolieke leer grootliks die internasionaal aanvaarde menseregte ondersteun (NCCB (USA) 1986:80). Die regte sluit die burgerlike en politieke regte van vryheid van spraak, aanbidding en assosiasie in.

Die biskoppe dui aan dat sommige van die menseregte aansluit by die welsyn van die mens en daarom ekonomies van aard is. Dit sluit die reg tot lewe, voedsel, klere, beskutting, rus, mediese sorg en onderwys in. Die regte is onontbeerlik vir die beskerming van die mens se menswaardigheid. Om aan almal die basiese benodighede soos hierbo uiteengesit te voorsien, moet almal die reg hê om te kan verdien. Alle mense het die reg tot sekuriteit in tye van siekte, werkloosheid en bejaardheid.

Die biskoppe beskou die fundamenteel persoonlike regte - burgerlik, polities, sosiaal en ekonomies - as die minimum vereistes vir sosiale instellings wat die menswaardigheid, geregtigheid en sosiale solidariteit van die mens respekteer. Hulle sien dit as 'n morele aangeleentheid aangesien dit essensieel is tot die menswaardigheid en integrale ontwikkeling van beide individu en gemeenskap (NCCB (USA) 1986:80). Enige ontkenning en oortreding van die regte skaad die individu en die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

gemeenskap.

Die biskoppe lê baie klem op die belangrikheid van werk. Daarom beklemtoon hulle die reg van elkeen om te werk (NCCB (USA) 1986:103). Werkers het 'n reg tot 'n loon of salaris en ander voordele. Die kerk ondersteun ook die reg van werkers om unies te vorm of ander assosiasies om beter lone en werkstoestande te verseker. Bogenoemde is volgens hulle 'n uitvloeisel van die reg tot vrye assosiasie (NCCB (USA) 1986:104). Die biskoppe erken ook die reg van unies om te staak indien dit die laaste uitweg is om geregtigheid vir werkers te verseker.

Niemand mag iemand die reg ontneem om homself of haarself te organiseer nie. Daarom is die biskoppe gekant teen maniere waarop sommige mense georganiseerde werkersgroepe wil opbreek. Om aan te haal:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "We vehemently oppose violations of the freedom to associate, wherever they occur, for they are an intolerable attack on social solidarity" (NCCB (USA) 1986:105).

Die regte van unies en werkers gaan gepaard met belangrike verantwoordelikhede. Werkers het 'n plig teenoor hul werkgewers, hul unies en die gemeenskap. Die unie leierskap is verantwoordelik vir die goeie naam van die beweging. Werkers moenie skadelike eise maak nie. Sulke eise dra nie by tot die algemene welsyn nie of is skadelik vir die swakker lede van die samelewing.



https://etd.uwc.ac.za

Die biskoppe noem dit is egter onbillik om te verwag werkers moet sekere toegewings maak terwyl aandeelhouers dit nie maak nie (NCCB (USA) 1986:106).

Die biskoppe oordeel dat sosiale en ekonomiese regte op 'n ander manier geimplementeer moet word as politieke en burgerlike regte. Die biskoppe voel dat die politieke en burgerlike regte deur jare van stryd verseker is in institusionele grondwetlike regering. Daarom voel hulle dat 'n soortgelyke poging aangewend moet word om sosiale en ekonomiese regte te verseker (NCCB (USA) 1986:83).

Die biskoppe stel twee stappe voor om die poging te inisieer.

a) 'n Eerste poging is om kulturele konsensus te bereik oor die feit dat basiese ekonomiese eise belangrik is vir die menswaardigheid van die mens (NCCB (USA) 1986:83).

b) Tweedens,om dié regte te verseker moet daar 'n verpligting geplaas word op elke lid van die gemeenskap, alle privaatinstellings en die regering.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die biskoppe sien die poging as volg: "Securing economic rights for all will be an arduous task" (NCCB (USA) 1986:84). Hulle toon egter aan dat daar alreeds ligpunte is in die Noord-Amerikaanse geskiedenis. Volgens hulle kan daar verskil van opinie wees oor die wyse waarvolgens die regte geimplementeer moet word, maar oor die basiese morele doelstellings behoort daar eenstemmigheid te wees.

Die etiese argument van die biskoppe maak die volgende basiese



https://etd.uwc.ac.za

morele beginsels duidelik wat hulle alreeds in hul pastorale boodskap aandui naamlik:

a) "Every economic decision and institution must be judged in light of whether it protects or undermines the dignity of the human person" (NCCB (USA) 1986: 13, past.message).

b) "Human dignity can be realized and protected only in community" (NCCB (USA) 1986: 14, past.message).

c) "All people have a right to participate in the economic life of society. Basic justice demands that people be assured a minimum level of participation in the economy" (NCCB (USA) 1986: 15, past.message).

d) "All members of society have a special obligation to the poor and vulnerable" (NCCB (USA) 1986:16, past.message).

e) "Human rights are the minimum conditions for life in community" (NCCB (USA) 1986:17, past.message).

f) "Society as a whole, acting through public and private institutions, has the moral responsibility to enhance human dignity and protect human rights" (NCCB (USA) 1986:18, past.message).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op grond van dié basiese morele beginsels, argumenteer die biskoppe, moet bepaalde Noord-Amerikaanse ekonomiese vraagstukke of beleidsaangeleenthede ondersoek word. Vir die doel van hierdie studie word slegs hul bespreking van werkloosheid, armoede en die verhouding tot ontwikkelende lande bespreek. Die rede hiervoor is dat werkloosheid en armoede universele probleme is, wat ook vir ons in Suid-Afrika raak. Verder is ons 'n ontwikkelende land.



https://etd.uwc.ac.za

Die beskouing van die biskoppe oor die rol van die VSA in die wêreld ekonomie het 'n direkte relevansie vir Suid-Afrika. Dit sal dus leersaam wees om vas te stel hoe die biskoppe genoemde probleme analiseer en die aanbevelings wat hulle met verwysing na genoemde vraagstukke maak. Vervolgens word die genoemde vraagstukke bespreek.

## 3.4. EKONOMIESE VRAAGSTUKKE: WERKLOOSHEID, ARMOEDE EN DIE VERHOUDING TOT ONTWIKKELENDE LANDE.

Die argument van die biskoppe, soos wat ek dit tot hiertoe bespreek het, is soos volg: Hulle begin by hul konteks, die VSA, en na aanleiding van die suksesse en mislukkkings, dui hulle aan dat hulle deur middel van die pastorale brief graag die bestaansvraagstukke wil beantwoord. Om die vraagstukke te beantwoord, verwys hulle na hul teologiese en Katolieke (sosiale lering) grondslag of basis. Op grond van dié basis gee hulle hul etiese morele visie te kenne. Met die etiese norme wil hulle nie slegs 'n beroep doen op christene nie, maar op die breë pluralistiese samelewing, aangesien etiese norme universeel is en aansluit by die menslike rede.

Dus, soos in die vorige paragraaf aangedui, argumenteer hulle dat die etiese norme 'n maatstaf bied om ekonomiese vraaagstukke te ondersoek. Soos hulle dit stel:

> "... basic questions about the economy need to be scrutinized in light of the ethical norms we have outlined"



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

(NCCB (USA) 1986:132).

Alhoewel die biskoppe in Hoofstuk 3 van die pastorale brief primêr fokus op ekonomiese aspekte wat hulle dink prakties hervormbaar is, probeer hulle aandui, in paragraaf 132 van dieselfde hoofstuk dat die Katolieke sosiale lering ook van mening is dat die etiese norme toegepas behoort te word op groter vraagstukke met betrekking tot die ekonomiese sisteem. Volgens die biskoppe kan die volgende vrae byvoorbeeld ook aandag geniet.

"a) [my numering] ... does our economic system place more emphasis on maximizing profits than on meeting human needs and fostering human dignity?
b) Does our economy distribute its benefits equitably or does it concentrate power and resources in the hands of a few?
c) Does it promote exececssive materialism and individualism?
d) Does is (sic) adequately protect the environment and nation's natural resources?
e) Does it direct too many scarce resources to military purposes?" (NCCB (USA) 1986:132)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe doen 'n beroep op hul lesers tot volgehoue ondersoek van die sistemiese vraagstukke soos hierbo aangedui. Laat ons egter terugkeer tot die bepaalde ekonomiese vraagstukke wat die biskoppe bespreek en wat van belang is vir die doel van hierdie studie. In par.133 dui hulle aan dat hulle die volgende vier onderwerpe gekies het vir analise: Arbeid, armoede, landbou en die rol van die VSA in die wêreld-ekonomie.



https://etd.uwc.ac.za

Hulle noem twee redes waarom hulle hierdie onderwerpe gekies het. Eerstens, omdat dit relevant is in die lig van die ekonomiese "tekens van die tye" en tweedens omdat die etiese norme van die sosiale Katolieke lering daartoe aanleiding gee. Met ekonomiese tekens van die tye bedoel hulle dat dit tekenend is van beleidsaangeleenthede wat nodig is vir ekonomiese geregtigheid in die VSA en in die wêreld, en met laasgenoemde bedoel hulle dat dit sleutel waardes en norme inhou vir optrede vanuit die sosiale Katolieke lering (NCCB (USA) 1986:133).

Voordat hulle die bepaalde onderwerpe analiseer, maak hulle 'n paar punte duidelik wat in ag geneem moet word. Hulle noem die volgende:

a) Hul analise is nie 'n omvattende analise van die Amerikaanse ekonomie nie.

b) Die illustratiewe of ophelderende onderwerpe is tekenend van die interaksie tussen etiese norme en ekonomiese aangeleenthede, maar dit omvat nie alle interaksie tussen norme en ekonomiese aangeleenthede nie.

c) Die voorstelle is nie 'n witskrif nie. In hul woorde

> "This document is not a technical blueprint for economic reform. Rather, it is an attempt to foster a serious moral analysis leading to a more just economy" (NCCB (USA) 1986:133).

d) Hulle maak dit duidelik dat hulle bewus is hoe moeilik dit is om te beweeg van beginsels na beleidsaangeleenthede. Hulle wys



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

daarop dat daar 'n interaksie moet plaasvind tussen waardes, empiriese, historiese en kulture data.

In die lig van bogenoemde standpunte wil hulle dit duidelik maak dat hierdie beleidsvoorstelle nie dieselfde gewig dra, in hul woorde " ...moral authority", as hul etiese normes nie, aangesien eersgenoemde onderwerpe verskillend geinterpreteer kan word. Hulle verwelkom egter debat oor die voorstelle. Soos hulle dit duidelik maak:

> "We believe that differences on complex economic questions should be expressed in a spirit of mutual respect and open dialogue" (NCCB (USA) 1986:135).

Desnieteenstaande maak hulle dit duidelik dat hul verwag dat katolieke ernstig aandag aan hul voorstelle sal gee. Uit bogenoemde paragrawe kan afgelei word: dat die biskoppe wil hê dat hul lesers duidelik moet besef dat hulle bepaalde onderwerpe bespreek en nie die totale ekonomie van die VSA nie; asook dat hul verwag dat hierdie voorstelle debat en polemiek kan veroorsaak. Vervolgens word die die voorstelle behandel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Onder elke onderwerp word die analise van die biskoppe kortliks opgesom en hul riglyne vir optrede weergegee.

WERKLOOSHEID.

In die inleiding tot hierdie onderwerp maak die biskoppe hul



https://etd.uwc.ac.za

prinsipiële posisie duidelik naamlik dat hulle glo dat werk 'n basiese reg is. Hulle sê:

> "We must make it possible as a nation for every one who is seeking a job to find employment within a reasonable amount of time" (NCCB (USA) 1986:136).

Hierop volg hul analise wat behels die skopus en effek van werkloosheid. Volgens hulle kom werkloosheid veral voor onder vroue, die jeug en minderheidsgroepe, naamlik swartmense, "Hispanics" en Amerikaanse inboorlinge. Verder lê hulle veral klem op, soos hulle dit noem, die "human cost" van werkloosheid: Die effek wat dit het op die mens en die samelewing. In par.147 maak die biskoppe 'n interessante opmerking, naamlik dat diskriminasie, veral teen vroue en minderheidsgroep, een van die hoofoorsake is vir werkloosheid. Ook plaas hulle klem op die invloed van die veranderende ekonomie op werkloosheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe stel die volgende riglyne voor vir optrede:

a) Die biskoppe beveel aan dat die Amerikaanse volk hulle verbind om volle werksgeleenthede vir almal te skep. Die biskoppe verklaar dat die vlak van werkloosheid gesien moet word as onaanvaarbaar.

b) Konsensus moet bestaan dat almal 'n reg het om te werk.

c) Om werk te skep sal besliste en betekenisvolle stappe vereis deur beide die privaat en die publieke sektor van die volk.

d) Effektiewe optrede teen werkloosheid vereis die in agneming van die algemene ekonomiese beginsels en vasgestelde werkskep-



https://etd.uwc.ac.za

pingsprogramme.

Die biskoppe maak die volgende aanbevelings ten opsigte van algemene ekonomiese beginsels vir werksgeleenthede:

a) Hulle beveel aan dat die fiskale en monetêre beginsels van die volk - soos federale uitgawes, belasting en rentekoerse beginsels - gekoordineer moet word om die mikpunt van volle werksgeleenthede te bereik.

b) Algemene ekonomiese beginsels wat probeer om werkskepping te verbreed, moet rekening hou met die probleem van inflasie.

c) Alhoewel ekonomiese groei belangrik en onontbeerlik is om werkloosheid te verminder, is dit nie genoeg op sigself nie. Die biskoppe beveel verskillende werkskeppingsprogramme aan om werkloosheid te bekamp (NCCB (USA) 1986:166).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Opsommenderwys is dit duidelik dat die biskoppe se werkswyse is dat hul morele of beginsels posisie hul analise en riglyne vir optrede voorafgaan. Wat sê die biskoppe oor armoede?

**ARMOEDE.**

Soos in die voorafgaande maak die biskoppe hul beginsel posisie duidelik wat hulle dwing om die situasie te analiseer. Hulle stel dit as volg:

> "The norms of human dignity and the preferential option for the poor compel us to confront this issue with a sense of urgency" (NCCB (USA) 1986:170).



https://etd.uwc.ac.za

Hierop volg hul eie ervaring met die gevolge en effek van armoede, waarop volg 'n skets van die karaktertrekke van armoede, in besonder hoe dit kinders, vroue en minderheidsgroepe raak.

Die biskoppe toon aan dat armoede dramaties toegeneem het gedurende die voorafgaande dekade in die VSA. Hulle toon aan dat as pastors hulle eerstehands in aanraking kom met die gevolge van armoede (NCCB (USA) 1986:172). Dakloses is oral te vinde in stede; hulle slaap voor ingange en duikweë. Duisende klop aan by sopkombuise. Duisende kinders is so ondervoed dat hulle fisiese en geestelike ontwikkeling gestrem word. Die biskoppe maak dit duidelik dat hul bespreking van armoede gewortel is in die Amerikaanse situasie.

> "Our discussion of poverty in this chapter is set within the contexy of present-day American society" (NCCB (USA) 1986:173).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Met armoede verwys hulle na die gebrek aan materiële bronne ten einde ordentlik te lewe. Hulle gebruik die regering se beskrywing van armoede.

Armoede is nie beperk tot 'n paar mense in die sentrale stede nie, en ook nie tot 'n paar mense in die lae klas of groepe nie. Die biskoppe toon aan dat dit 'n toestand is wat deur verskillende mense uit verskillende vlakke van die samelewing en onder verskillende omstandighede ervaar word (NCCB (USA) 1986:174). Baie arm mense werk maar hul salaris of lone is



https://etd.uwc.ac.za

onvoldoende om hul uit die armoede te lig. Andere is nie in staat om te werk nie en is afhanklik van hulp van buite.

Langtermyn armoede kom veral voor onder minderheidsgroepe, gesinne waar 'n vrou die hoof is, in die platteland en in die Suide van die VSA (NCCB (USA) 1986:175). Armoede tref sommige groepe van mense harder as andere. Veral ontstellend is die groeiende aantal kinders wat arm is. Die probleem kom veral voor onder huishoudings waar vroue die hoof is, swartkinders en kinders van Spaanse afkoms.

Die biskoppe noem dat die voorafgaande twintig jaar 'n dramatiese toename ervaar is van vroue wat in armoede leef. Dit sluit enkelvroue in, geskeides, weduwees en afgetrede vroue. 'n Groot oorsaak van armoede onder vroue is die loon diskriminasie. Baie vroue werk, maar hulle bly arm omdat hul lone so laag is. Vroue ervaar diskriminasie in lone of salarisse, werksklassifikasie, bevordering en andere. Die biskoppe toon dat sulke diskriminasie immoreel is en stappe moet geneem word om die effek van seksisme te voorkom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Alhoewel die meeste mense wat arm is in Noord-Amerika wit is, dra rasseminderhede die hoogste vlak van armoede. So is dit byvoorbeeld drie keer meer moontlik dat 'n swartmens arm sal wees as witmense (NCCB (USA) 1986:181).

Ten spyte van die oorwinnings wat behaal is ten opsigte van rassegelykheid, vooroordele en diskriminasie, word die meeste



https://etd.uwc.ac.za

swartmense steeds uitgesluit van die hoofstroom van die Noord-Amerikaanse lewe. Diskriminasie praktyke in die arbeidsmark, onderwysstelsel en in die politiek is geweldige struikelblokke in die weg van minderheidsgroepe - swartmense, hispaanse en inboorlinge - om hul ekonomiese status te verbeter.

Volgens die biskoppe moet in die bespreking van armoede die mate van ekonomiese ongelykhede onder die Noord-Armerikaanse volk in ag geneem word. Die Noord-Amerikaanse ekonomie word gekenmerk deur 'n baie ongelyke verdeling van rykdom en inkomste. Die biskoppe haal syfers aan om dit te staaf. In vergelyking met ander industriële of ontwikkelde lande is Noord-Amerika se verspreiding van inkomste van die mees ongelyke. Verder het die gaping tussen ryk en arm toegeneem gedurende die voorafgaande dekade. Die ongelykhede is 'n aanduiding van die ongelyke verdeling van mag in die samelewing. Die biskoppe vind die dispariteite van inkomste en rykdom totaal onaanvaarbaar.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die volgende riglyne vir optrede word voorgestel:
Die verantwoordelikheid om die las van die arme te verlig rus op elke lid van die gemeenskap. Die arme kan ook bekragtig word indien die regering gedryf word om regverdige en effektiewe publieke beginsels te skep (NCCB (USA) 1986:189). Die biskoppe toon aan, vanuit die geskiedenis van die Noord-Amerikaanse volk, dat armoede verlig kan word (NCCB (USA) 1986:190).

Die biskoppe doen 'n beroep op almal om armoede uit te skakel omdat verskillende projekte getoon het dit is moontlik. Daarom



https://etd.uwc.ac.za

sê hulle

> "In every instance, we must summon a new creativity and commitment to eradicate poverty in our midst and to guarantee all Americans their right to share in the blessings of our land" (NCCB (USA) 1986:192).

Die biskoppe stel 'n nasionale strategie voor om armoede te bekamp.

a) Armoede kan bekamp word deur 'n gesonde ekonomie te bou en te voed, 'n ekonomie wat werksgeleenthede en 'n regverdige loon bied vir almal wat in staat is om te werk. Armoede is ten nouste verbind aan werkloosheid.

b) Optrede moet onderneem word om alle struikelblokke uit die weg te ruim tot volle en gelyke werksgeleenthede vir vroue en minderheidsgroepe (NCCB (USA) 1986:199). 'n Gekonsentreerde poging moet aangewend word deur middel van opleiding, regstellende aksie en ander metodes om diegene by te staan wat tans ontneem word van beter werk.

c) Self-doen pogings moet aangemoedig word onder armes deur die korporatiewe en publieke sektor (NCCB (USA) 1986:200). Die biskoppe glo dat 'n effektiewe manier om armoede te bestry is klein, plaaslik ontwikkelde programme om die armes te bekragtig om selfonderhoudend te word. Die armes moet bekragtig word om hul toekoms in hul eie hande te neem en verantwoordelikheid te neem vir hul ekonomiese voooruitgang.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

d) Die belastingstelsel moet gereeld geëvalueer word in terme van die effek op die armes. Die evaluasie moet gerigsnoer word deur drie beginsels:

1) Die belastingsisteem moet genoeg geld verkry om om te sien na die behoeftes van die armes.

2) Die belastingsisteem moet gestruktureer word volgens "progressiwiteit", sodat diegene met groter finansiële bronne 'n hoër vlak van belasting moet betaal.

3) Gesinne onder die amptelike broodlyn moet nie belas word nie.

e) 'n Volgende aanbeveling is dat die totale samelewing haar sal verbind tot opvoeding van die armes. Gebrek aan opvoeding veroorsaak dat baie gesinne nie uit armoede kan ontsnap nie. Die biskoppe beklemtoon die belangrikheid van opvoeding. Hulle sê "Since poverty is fundamentally a problem of powerlessness and marginalization, the importance of education as a means of overcoming it cannot be overemphasized" (NCCB (USA) 1986:203).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

f) Hervorming van die bevolking se welsyn en inkomste-ondersteunende programme moet onderneem word. Die programme moet so aangebied word dat dit in die behoefte van die armes voorsien en die vaardighede van die arme respekteer.

Volgens die biskoppe kan die volgende kortermyn verbeterings aangebring word. Publiek ondersteunde programme moet so geskep word dat dit kan lei tot selfversorging, waar moontlik. Ontvangers van welsynprogramme moet voorsien word van voldoende vlakke van ondersteuning. Nasionale kwalifiserende standaarde en



https://etd.uwc.ac.za

'n minimum voordeel vlak moet geskep word vir publiek-ondersteunde programme. Welsynsprogramme moet beskikbaar wees aan albei ouer- sowel as enkelouer gesinne.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die biskoppe se analise van armoede gegrond is op hul etiese posisie, naamlik die menswaardigheid van die mens en hul opsie vir die armes. Die biskoppe het die toestand en effek van armoede veral onder kinders, vroue en minderheidsgroepe aangetoon. Hul riglyne vir optrede het ten doel dat die armoede vraagstuk op 'n nasionale vlak aangepak moet word. Vervolgens word die verhouding tussen Noord-Amerika en die internasionale ekonomiese wêreld bespreek.

INTERAFHANKLIKHEID - NOORD-AMERIKA SE VERHOUDING TOT ONTWIKKELENDE LANDE.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Soos in die voorafgaande onderwerp, maak die biskoppe weer eens hul etiese posisie duidelik. 'n Hele aantal etiese norme vorm die grondslag of beweegrede vir hul analise oor die wêreld ekonomie. Dié norme is onder andere:

> "Traditional Catholic teaching on this global inter-dependence emphasize the dignity of the human person, the unity of the human family, the universally beneficial purpose of the goods of the earth, the need to pursue the international common good, as well as the good of each nation, and the imperative of distributive justice" (NCCB (USA) 1986:251).



https://etd.uwc.ac.za

Verder maak hulle dit duidelik, na 'n uiteensetting van die verdeling van die wêreld ekonomie in Noord en Suid (industriële en ontwikkelende lande), dat hul graag die rol van die VSA wil bespreek in verhouding tot Derde Wêreld lande. Hul etiese beginsel wat hul dwing om die situasie van die Derde Wêreld te bespreek is hul "option for the poor" (NCCB (USA) 1986:252). Hulle maak die stelling dat ontwikkelende lande hulleself sien as afhanklik van die industriële lande, veral die VSA, juis omdat die lande ook op so 'n wyse optree. Hulle toon deur statistieke aan hoe 'n groot aantal mense benadeel word in die interafhanklike wêreld (NCCB (USA) 1986:254).

Baie van die probleme in die wêreld is as gevolg van menslike besluite en instellings. Daar is egter drie akteurs wat genoem moet word:

1) Individuele nasies wat baie invloed het.
2) Multilaterale instellings wat beskik oor geld, mag en invloed.
3) Transnasionale korporasies en banke.

Die interspel tussen hulle bepaal of beleidsaangeleenthede ware interafhanklikheid bevorder of afhanklikheid verder sal versterk (NCCB (USA)1986:256).

In die behandeling van hierdie onderwerp plaas die biskoppe 'n spesiale gedeelte oor wat die sosiale Katolieke leer verkondig.

Hulle noem dat aangesien die Katolieke leer die kompleksiteit van die internasionale ekonomiese orde besef daar nie spesifieke oplossings voorgestel word nie. Hulle beklemtoon, soos telkens



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

in hul skrywe, die volgende morele beginsels wat van belang is by internasionale verhoudings:

a) Die uitdagings van christelike liefde en solidariteit daag alle ekonomiese akteurs om te kies vir gemeenskap bo chaos.

b) Basiese geregtigheid vereis dat alle mense en lande 'n reg het om deel te neem aan die interafhanklike globale ekonomie op 'n wyse wat hul vryheid en waardigheid verseker.

c) Respek vir mense-, politiese- en ekonomieseregte impliseer dat internasionale besluite en instellings deur riglyne en waardes gelei moet word wat bo die ekonomie is.

d) Aangesien die armes 'n spesiale plek in die morele raamwerk het, moet die internasionale gemeenskap alles in sy vermoë doen om in die miljoene hongeres se behoeftes te voorsien (NCCB (USA) 1986:258).

Die biskoppe noem dat bogenoemde perspektiewe vra vir die hervorming van die internasionale ekonomiese orde. Daar moet samesprekings plaasvind tussen industriële lande en die ontwikkelende lande om sodoende 'n beter verdeling van die wêreld se bronne te bewerkstellig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe doen 'n beroep op die VSA om hul houding te verander teenoor ontwikkelende lande.

> "The U.S. approach to the developing countries needs urgently to be changed; a country as large, rich, and powerful as ours has a moral obligation to lead in helping to reduce poverty in the Third World" (NCCB (USA)



https://etd.uwc.ac.za

1986:264).

Die biskoppe stel die volgende vyf stappe voor om die tekortkominge in die ontwikkelende lande reg te stel.

a) Die VSA moet meer ontwikkelingshulp aan die buiteland voorsien aangesien hul baanrekord proporsioneel baie swak is in vergelyking met ander industriële lande (NCCB (USA) 1986:265).

b) Die VSA moet toesien dat die internasionale handelsisteem waarborge inbou wat die die armste segment van die bevolking in ontwikkelende lande regverdig behandel en nie lei tot die verkragting van menseregte nie (NCCB (USA) 1986:269).

c) Die biskoppe analiseer die skuldkrisis as sistemies. Uitleen maatreëls en "exchange rate considerations" is nie slegs ekonomiese vraagstukke nie, maar is intens en duidelik polities. Die biskoppe redeneer dat die VSA leiding moet neem in die verandering van hierdie situasie.

d) Die VSA se besigheidsinstellings het privaatbeleggings van miljoene rande in ontwikkelende lande. Die biskoppe voel dat sulke beleggings vergroot moet word tot voordeel van dié lande. Die biskoppe doen 'n ernstige beroep op die VSA en ander belanghebbende groepe om kodes van optrede uit te werk vir buitelandse korporasies wat ontwikkeling en gelyke verdeling van voordele sal insluit.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

e) Aangesien die VSA 'n dominante posisie beklee in die internasionale voedsel sisteem, moet hulle verantwoordelikheid aanvaar vir Noord-Amerikaanse voedsel en landbou maatreëls wat sal bydra tot verhoogde voedsel lewering - dit behels toegang van almal tot 'n voldoende dieet (NCCB (USA) 1986:282). Die VSA kan 'n groot rol speel in die bekamping van hongersnood in die wêreld.

Uit die voorafgaande probeer die biskoppe aantoon dat hul analise van die globale ekonomie sterk gegrond is in die sosiale Katolieke lering. Die rede waarom hul die verhouding van die VSA tot Derde Wêreld lande analiseer en sekere riglyne voorstel, is op grond van hul etiese beginsel van die opsie vir die armes.

Bovermelde onderafdeling het die primêre ekonomiese sake wat die biskoppe analiseer, aangedui. In 'n volgende onderafdeling sal die biskoppe se kontekstuele analise voorgesit word met spesifieke verwysing na hul langtermyn visie vir 'n meer regverdige ekonomiese stelsel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 3.5. <u>LANGTERMYN VISIE VIR N EKONOMIESE SKIKKING</u>.

In 'n volgende fase bou die biskoppe voort op hul argument dat die etiese normes van toepassing gemaak moet word op die ekonomie. Waar hul in die voorafgaande gedeelte slegs bepaalde ekonomiese beleidsaangeleenthede aangespreek het wil hulle vervolgens probeer om 'n voorstel voor te lê met die oog op die langtermyn. In hul eie woorde :



https://etd.uwc.ac.za

"In addition to the particular policy recommendations made above, a long-term and more fundamental response is needed. This will call for an imaginative vision of the future that can help shape economic arrangements in creative new ways. We now want to propose some elements of such a vision and several innovations in economic structures that can contribute to making this vision a reality" (NCCB (USA) 1986:295)

Hierdie langtermyn ekonomiese visie plaas hulle veral binne die paradigma van die "Amerikaanse Eksperiment in Demokrasie". Die hoofstuk waarin hul die visie behandel is dan ook getitel "A New American Experiment: Partnership For The Public Good". Om stukrag aan hul bepaalde visie en innovasie te verleen, word sekere voorstelle bevestig deur pouslike uitsprake. So byvoorbeeld is daar in die bepaalde hoofstuk aanhalings uit Rerum Novarum, Octogesima Adveniens, Mater et Magistra, On Human Work en ander pouslike ensiklieke. Hulle leen veral sterk op die beginsel van subsidiariteit. Vervolgens word slegs aangetoon hoe hulle die Amerikaanse eksperiment gebruik om aan te sluit by hul voorstel en word hul voorstel kortliks beskryf.

Die Noord-Amerikaanse biskoppe toon aan dat die fondament van die Amerikaanse samelewing die Amerikaanse eksperiment in demokrasie is, wat meer as twee honderd jaar gelede van stapel gestuur is. Die volkstigters het hul ten doel gestel "to establish justice, promote the general welfare, and secure the blessings of liberty for themselves and their posterity" (NCCB (USA) 1986:295).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

Die biskoppe argumenteer dat, aangesien die doelstellings nie ten volle bereik is nie, omrede geregtigheid vir almal nog steeds 'n aspirasie is en baie nie in die algemene welsyn deel nie, die eksperiment onafgehandel is. In die lig hiervan stel hulle nuwe vorme van samewerking en deelgenootskap voor. Soos hulle dit stel:

> "Completing the unfinished business of the American experiment will call for new forms of co-operation and partnership among those whose daily work is the source of the prosperity and justice of the nation" (NCCB (USA) 1986:296).

Hulle argumenteer verder dat die volkstigters uitdagende stappe geneem het om politieke regte en vryheid te bewerkstellig en dat soortgelyke stappe nodig is om ekonomiese deelname, die verdeling van ekonomiese mag en verantwoording te bewerkstellig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die biskoppe noem dat kompetisie nie die antwoord is nie, maar eerder samewerking. Hulle sluit aan by die beginsel van subsidiariteit en meld dat die beginsel konstateer dat die strewe na ekonomiese geregtigheid op alle vlakke van die samelewing moet plaasvind, van die gesin tot die globale samelewing. In die lig hiervan maak hulle sekere voorstelle om samewerking te bewerkstellig waarmee hulle meen geëksperimenteer behoort te word.

> "Since there is no single innovation that will solve all problems, we recommend careful experimentation with several



https://etd.uwc.ac.za

possibilities that hold considerable hope for increasing partnership and strengthening mutual responsibility for economic justice" (NCCB (USA) 1986:297).

Hulle stel voor groter samewerking binne firmas en industrieë self. Volgens hulle kan daar nuwe vorme van vennootskap plaasvind tussen werkers en bestuurders ten einde groter deelname en beter verantwoording in firmas te ontwikkel. Hulle noem verder dat die Katolieke sosiale lering verskeie vorme van vennootskappe voorstel (NCCB (USA) 1986:301). Die biskoppe argumenteer dat unies of die vakbondbewegings nie alleenlik moet omsien na die welsyn van hul lede nie, maar na maniere moet soek om 'n groter bydrae te lewer tot die firmas of besighede, die gemeenskap en die breë samelewing.

Verder stel hulle ook groter en innoverende samewerking op plaaslike en streeksvlak voor ten einde te strewe tot algemene welsyn, soos die biskoppe dit noem "public good" (NCCB (USA) 1986:308). Hulle sluit weer aan by die beginsel van subsidiariteit en meld dat die beginsel binne die Katolieke sosiale lering

"has long stressed the importance of small and intermediate-sized communities or institutions in exercising moral responsibility" (NCCB (USA) 1986:308).

Die biskoppe argumenteer verder dat die mediërende strukture die individu verbind tot die gemeenskap en meld dan, onder andere, die volgende instellings: gesinne, gemeentes,

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

gemeenskapsorganisasies, inwoners en besigheidsorganisies, belange groepe en baie ander groepe. Volgens hulle kan die groepe 'n rol speel

> "in generating partnerships for the pursuit of the public good on the local and regional level" (NCCB (USA) 1986:308).

Hierop volg groter samewerking in die ontwikkeling van 'n nasionale ekonomiese beleid. Op grond van die beginsel van subsidiariteit stel hulle voor dat die regering met ander groepe moet saamwerk in die formulering van nasionale beleidsaangeleenthede.

Ten slotte stel hulle groter samewerking op internasionale vlak voor, aangesien daar geen liggaam is wat die lande saambind en 'n koördinerende en regulerende rol vervul nie. Die bestaande liggame onder andere die Verenigende Nasies, die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank het nie die bepaalde erkende gesag nie, aldus die biskoppe.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Om saam te vat: Die biskoppe is van mening dat 'n langtermyn ekonomiese visie ook van belang is. Op grond van die Amerikaanse eksperiment in demokrasie en die beginsel van subsidiariteit in die Katolieke sosiale lering stel die biskoppe groter samewerking en vennootskappe voor in firmas of industrieë, plaaslike-, streeks-, nasionale en internasionale vlak om sodoende ekonomiese geregtigheid te bewerkstellig.



https://etd.uwc.ac.za

Hierdie geregtigheid wat die biskoppe wil bewerkstellig kan nie plaasvind los van die kerk nie. Vervolgens keer die biskoppe se argument terug tot die kerk, in besonder die christelike roeping van die kerk in die wêreld vandag. Hierby word stil gestaan in die volgende deel.

3.6. CHRISTELIKE ROEPING EN 'N VERBINTENIS TOT DIE TOEKOMS.

Die biskoppe argumenteer in 'n slotgedeelte dat hulle nie slegs 'n morele verantwoordelikheid teenoor alledaagse ekonomiese aangeleenthede het nie, maar ook 'n verantwoordelikheid het om die kerk te vorm as 'n model van sosiale en ekonomiese geregtigheid. Op grond hiervan meld hulle :

> "Thus, this chapter deals with the christian vocation in the world today, the special challenges to the church at this moment of history, ways in which the themes of this letter should be followed up, and a call to the kind of commitment that will be needed to reshape the future" (NCCB (USA) 1986:326).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die biskoppe noem dat sommige mense die sake wat hulle aangespreek het, sal sien as sekulêr. Daar kan egter nie 'n skeiding gemaak word tussen die sake van die wêreld en die geestelike honger van die menslike hart nie. Hulle het die vraagstukke na die betekenis van die ekonomiese lewe geplaas binne die raamwerk van die bybelse visie van menslikheid en hul kerk se morele en godsdienstige tradisies. Volgens hulle is woorde alleen nie



https://etd.uwc.ac.za

genoeg nie, maar moet die christelike perspektief op die betekenis van die ekonomiese lewe die lewens van individue, gesinne en totale kulture transformeer. Die biskoppe noem dat die evangelie elke christen oproep om God en die naaste lief te hê op so 'n wyse dat dit vrug sal dra in die gemeenskap. Die biskoppe verduidelik dit soos volg:

> "That vocation consists above all in a change of heart: a conversion expressed in praise of God and in concrete deeds of justice and service" (NCCB (USA) 1986:327).

Vervolgens dui hulle aan:

> "The transformation of social structures begins with and is always accompanied by a conversion of the heart" (NCCB (USA) 1986:328).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Bekering, volgens die biskoppe, is egter nie 'n eenmalige proses nie, maar vind plaas binne die gemeenskap van die gelowiges, deur die doop, gebed en dade van geregtigheid. Onder 'n bespreking van "heiligheid in die wêreld" is die biskoppe baie duidelik daaroor dat heiligheid in die <u>wêreld</u> plaasvind.

> "Holiness is not limited to the sanctuary or to moments of private prayer... For the laity holiness is achieved in the midst of the world, in family, in community, in friendship, in work, in leisure, in citizenship" (NCCB (USA) 1986:332).



https://etd.uwc.ac.za

genoeg nie, maar moet die christelike perspektief op die betekenis van die ekonomiese lewe die lewens van individue, gesinne en totale kulture transformeer. Die biskoppe noem dat die evangelie elke christen oproep om God en die naaste lief te hê op so 'n wyse dat dit vrug sal dra in die gemeenskap. Die biskoppe verduidelik dit soos volg:

> "That vocation consists above all in a change of heart: a conversion expressed in praise of God and in concrete deeds of justice and service" (NCCB (USA) 1986:327).

Vervolgens dui hulle aan:

> "The transformation of social structures begins with and is always accompanied by a conversion of the heart" (NCCB (USA) 1986:328).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Bekering, volgens die biskoppe, is egter nie 'n eenmalige proses nie, maar vind plaas binne die gemeenskap van die gelowiges, deur die doop, gebed en dade van geregtigheid. Onder 'n bespreking van "heiligheid in die wêreld" is die biskoppe baie duidelik daaroor dat heiligheid in die <u>wêreld</u> plaasvind.

> "Holiness is not limited to the sanctuary or to moments of private prayer... For the laity holiness is achieved in the midst of the world, in family, in community, in friendship, in work, in leisure, in citizenship" (NCCB (USA) 1986:332).



https://etd.uwc.ac.za

kolleges en universiteite; spesiale seminare te reëel met korporatiewe amptenare, unieleiers, wetgewers, bankiers en die sulkes; om in klein groepies te mediteer oor die evangelie en die etiese norme. Besprekings moet gevoer gehou word in gemeentes, bisdomme en Nasionale konferensies. Verder word 'n uitdruklike beroep gedoen op priesters om die bepaalde aangeleenthede in die brief verder te bestudeer en ander sake wat nie voldoende aandag geniet het nie in diepte te bestudeer.

In die Slothoofstuk van hierdie studie sal ek op grond van die analise en na aanleiding van die kritiek op die pastorale brief wat in die volgende hoofstuk behandel sal word, riglyne neerlê vir die kerklike besinning oor ekonomiese geregtigheid in die SA konteks.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 4

## KRITIEK OP DIE PASTORALE BRIEF

In hierdie hoofstuk word belangrike kritiek wat op die pastorale brief uitgeoefen is, uiteengesit. Reeds die eerste verskyning van die pastorale brief in konsepvorm in 1984 het geweldige reaksie ontketen, veral in die media in die VSA - op televisie sowel as die nuusblaaie. Die primêre rede hiervoor is waarskynlik dat dit verskyn het die dag net na Pres.Reagan vir Mnr.Mondale by die stembus verslaan het. In dié konteks was die konsep pastorale brief oombliklik beskou as 'n reaksie op die beleidstandpunte wat soms gedurende die presidensiële veldtog navore gekom het. Dit het daartoe gelei dat die pastorale brief enersyds entoesiasisties geloof is en andersyds skerp gekritiseer is as verdere bewys dat die Amerikaanse biskoppe niks anders is nie as die "left wing of the Democratic party at prayer" (McCann 1989: 203).

Vir die doel van hierdie hoofstuk word hoofsaaklik gesteun op twee primêre bronne. Albei bronne bevat 'n aantal bydraes deur verskillende persone saamgevoeg deur 'n redakteur. Die eerste bundel is <u>The Catholic Challenge to the American Economy: Reflections on the U.S.Bishops' Pastoral Letter on Catholic social teaching and the U.S. economy</u>. Dit is gepubliseer onder redaksie van Thomas M.Gannon,S.J., 'n professor in Sosiologie



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

wat, gepromoveer het in Sosiologie, maar ook gevorderde grade verwerf het in teologie en filosofie.

Die tweede bundel is <u>Prophetic Visions and Economic Realities: Protestants, Jews and Catholics Confront the Bishops' Letter on the Economy</u>. Dit is gepubliseer onder redaksie van die bekende Charles R.Strain, 'n professor in "Religious Studies". Die protestante, waarna in die subtitel verwys word, word dan in die boek verder verdeel in "evangelikeale" en "hoofstroom" protestante.

Die eerste bron bevat bydraes van verskillende persone vanuit verskillende velde en posisies, onder ander van 'n direkteur van 'n groot maatskappy en van leiers van vakbonde. In die tweede bron word die pastorale brief beoordeel vanuit die protestantse, joodse en katolieke agtergronde.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aangesien in die vorige hoofstuk duidelik aangedui is dat die analise van die pastorale brief in hierdie studie hoofsaaklik na aanleiding van die biskoppe se etiese argument gedoen word, word in hierdie gedeelte ook weer veral klem gelê op die kritiek wat uitgeoefen word op die biskoppe se etiese diskoers en op hul metodiek. Hierop sal kritiek op die volgende inhoudelike temas egter ook kortliks aandag geniet, naamlik:

2. armoede,
3. politieke solidariteit,
4. werkloosheid,
5. menswaardigheid en



https://etd.uwc.ac.za

6. 'n nuwe eksperiment in demokrasie.

Vervolgens word die kritiek op die etiese diskoers en metodiek van die biskoppe behandel.

## 1. ETIESE DISKOERS EN METODIEK.

Die woorde etiese diskoers en metodiek is, wat hul betekenis betref, baie nou verbonde aan mekaar. Met etiese diskoers word verwys na die wyse waarop die etiese argument ingespan word om ekonomiese geregtigheid te bepleit. Met metodiek word verwys na die teologiese metode wat in die brief aangewend word. In die volgende paragrawe sal na aanleiding van twee essays die kritiek in dié verband aangedui word. Albei woorde word gebruik, aangesien dit deur die twee verskillende skrywers aangewend word. Verder word die twee bydraes afsonderlik, agtereenvolgens, behandel, aangesien 'n ineenvlegting van die twee essays nie reg sou laat geskied aan die twee bydraes se eie uitgangspunte en argumente nie. Tog word probeer om vas te stel in hoe 'n mate daar ooreenkomste is.

In die eerste plek word stilgestaan by die religieus-etiese ondersoek van Charles. E.Curran. Hy was op daardie stadium 'n professor in Etiek (Moral theology) aan die "Catholic University of America". Sy bydrae (1987:42-54), getitel "Relating Religious-Ethical Inquiry to Economic Policy", behandel primêr die eties-teologiese metodiek wat in die pastorale brief gebruik word. Die vraag na die teologies etiese metodiek word onder vier



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

aspekte behandel:

1.1.voorveronderstellings,

1.2.teologiese konteks,

1.3.verskillende vlakke van etiese diskoers en

1.4.spesifieke beleidsaangeleenthede.

## 1.1. VOORVERONDERSTELLINGS.

Die eerste aspek is die voorveronderstellings waarmee die biskoppe werk. Curran onderskei twee. Die eerste voorveronderstelling handel oor die regverdiging vir die kerk se betrokkenheid in die bespreking van die ekonomie.

Curran gaan van die standpunt uit dat, deur die geskiedenis, die Rooms Katolieke Kerk op een of ander wyse die probleme aangespreek het wat gepaard gaan met die lewenswyse in die wêreld, insluitend die ekonomiese aspekte van die menslike bestaan (1987:42). ’n Verskuiwing het egter plaasgevind in hul denke. Voor Vatikaan II behels die Rooms Katolieke denke dat alle aspekte van die gemeenskaps-, politieke- en ekonomiese lewe tot die natuurlike orde behoort en dus geen direkte of eksplisiete appél maak op die evangelie, die verlossing en die genade wat tot die bonatuurlike orde behoort nie. Sedert Vatikaan II het die Rooms Katolieke Kerk egter wel ’n daadwerklike poging aangewend om die lig van die evangelie te laat val op alle fassette van die alledaagse lewe van die gelowiges, aldus Curran (1987:43).

Volgens Curran is daar geen verklaring wat meermale voorkom in



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

kerklike geskrifte as die volgende nie:

> "One can have magnificent liturgy, great preaching and a marvelous internal community life, but without a social mission, one does not have church or the Gospel" (1987:43).

Die biskoppe gaan dus, van die voorveronderstelling uit saam met die Katolieke tradisie veral sedert Vatikaan II, dat die Kerk haar in die lig van die evangelie moet uitspreek oor die ekonomie, aldus Curran.

Die wyse van betrokkenheid dui Curran aan as "mediasie". Hy wys dan daarop dat mediasie plaasvind deur mense, hulle ervarings en die kennis van die geesteswetenskappe, maar ook met inbegrip van hul beperkinge.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie regverdiging van die kerk se betrokkenheid in ekonomiese sake en aangeleenthede lei uiteraard tot die vraagstuk: watter metodologie kan en moet die kerk gebruik om hierdie sake aan te spreek?

'n Tweede voorveronderstelling wat ook gevolge het vir die metodiek wat gebruik sal word, volgens Curran ,is die lesers of gehoor wat die biskoppe wil bereik. Soos dit alreeds duidelik geword het in hoofstuk 3 van hierdie studie wil die biskoppe nie alleenlik christene bereik nie, maar ook die breër pluralistiese samelewing. Volgens Curran doen die biskoppe dit, deur allereers



https://etd.uwc.ac.za

'n beroep op hul medegelowiges te doen, vanuit spesifiek christelike waarhede. In hul beroep op die breë publiek - veral in die publieke beleidsaangeleenthede - weerhou hulle hul egter daarvan om christelike waarhede navore te bring, en doen eerder 'n beroep op die algemene menslikheid, rede en ervaring, wat deur alle mense gedeel word. Om aan te haal:

> "The letter thus adopts the practical approach of addressing both audiences, but it leaves open the deeper and more theoretical question about the relationship between the Christian moral order and the human moral order" (1987:45).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens Curran lei hierdie benadering van die biskoppe tot die vraag: Is daar twee verskillende morele ordes of slegs een? Is daar 'n verband tussen die christelike en die algemeen-menslike morele orde, of is daar slegs één orde wat vir die totale samelewing geld? Curran is van mening dat die pastorale brief hierdie teoretiese vraag vermy, soos blyk uit bogenoemde aanhaling.

Curran dui dan aan dat, vóór Vatikaan II, hierdie vraag nooit navore gekom het nie, aangesien die standpunt gegeld het dat die gemeenskapslewe deur die natuurlike wet beheer was en dat wat vir die mensdom gegeld het ook op die christene van toepassing was. Die vraagstuk het egter navore gekom namate meer klem gelê is op 'n meer christelike benadering tot die gemeenskapslewe. Die teorie dat daar slegs een morele orde is wat geld vir Christene



https://etd.uwc.ac.za

én ook vir alle ander mense, bied 'n teoretiese basis vir die feit dat die pastorale brief twee gehore aanspreek sonder om hulself te weerspreek, aldus Curran. Die pastorale brief vermy dus wel die teoretiese vraag, maar het tog 'n bepaalde praxis wat op bogenoemde veronderstellings berus.

## 1.2. TEOLOGIESE KONTEKSTE.

Curran (1987:46) argumenteer verder dat twee teologiese kontekste van belang is om beide die metodologie asook sekere gevolgtrekkings van die pastorale brief te verstaan. Dit is onderskeidelik die eskatologie en die ekklesiologie van die pastorale brief.

Volgens Curran is die eskatologiese model wat in die brief werksaam is 'n voor Christus gesentreerde sentristiese model, waarin Christus die kultuur transformeer. Dié model, soos verwoord deur Curran (1987:46), is ontleen aan die vyf tipes van eskatologie van Richard Niebuhr. Curran stel dit soos volg:

> "... the bishops' letter corresponds to Niebuhr's centrist model of Christ transforming culture."

Dié soort benadering in die algemeen vra vir 'n transformasie van die huidige, sonder 'n naiewe verwagting van 'n utopia in die huidige wêreld-bedeling.

Curran onderskei daarby drie belangrike ekklesiologiese aspekte, wat van belang is vir die sosiale etiek en die leringe wat in die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

brief ontwikkel word.

Die eerste aspek behels dat katolisisme as 'n kerk tipe beskou word en nie as 'n sekte tipe nie, volgens die tipologie van Max Weber. Die "kerk tipe", in onderskeid van die "sekte tipe",

> "... is more open to a wider membership, is less radical and rigorous in its ethic and does not see itself in total opposition to the world around them" (1987:47).

Aangesien die Rooms Katolieke Kerk 'n universele kerk is, wat alle mense, kulture, tale en kontinente insluit moet, volgens Curran (1987:47), erkenning gegee word aan pluralisme en diversiteit op verskillende vlakke. Die Rooms Katolieke Kerk dring aan op eenstemmigheid op die vlak van leerstellings, maar op politieke, ekonomiese, en sosiale vlak is hulle oop vir diversiteit. So aanvaar die pastorale brief dat die kerk nie gebonde is aan 'n spesifieke ekonomiese, politieke, sosiale of ideologiese sisteem nie. Curran onderstreep die aspek as volg:

> "The United States bishops in their two pastoral letters are very careful to point out the continuing place of pluralism and diversity in the church in judgments about complex, specific economic or political problems".

Tweedens, bevestig die Katolieke Kerk immers deur hul aanvaarding van die proses van mediasie, hul benadering tot die ekklesiologie. Hul ekklesiologie erken 'n diversiteit van



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

standpunte op komplekse en spesifieke sake, veral op die sosiale en ekonomiese terrein. Hierdie evangelies geinspireerde benadering, wat deur menslike rede en relevante empiriese gegewens 'n bepaalde oplossing bied, besef dat dit nie die enigste antwoord op spesifieke aangeleenthede is nie. Dit het nie dieselfde morele gesag as universele morele beginsels of formele kerklike leringe nie. Curran stel dit so:

> "The bishops propose their judgments on these practical and specific issues and policies as being true and consistent with the Gospel, but they recognize the possibility of disagreement on these judgments within the Christian community" (Curran 1987:47).

Derdens beskou Curren die wyse waarop die dokument saamgestel is as een van die betekenisvolste aspekte van die pastorale brief. Daar was dialoog op wyd uiteenlopende vlakke, met almal wat 'n bydrae kon maak. Aktiviste, akademici, arbeidsleiers, ekonome, filosowe, teoloë, sosioloë, politici, regeringsamptenare en vele ander is geraadpleeg. Konferensies is gehou by Katolieke en nie-Katolieke opvoedkundige instellings. Die konsep brief is wyd versprei en kritiek verwelkom van een en elk. Curran merk op

> "It will be increasingly difficult for church authorities to propose future documents that have not been prepared with this same wide-ranging and public dialogue" (Curran: 1987:48).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

Juis hierdie aspek van die pastorale brief sou ook in ander kontekste, in Duitsland, deur Wolfgang Huber (1991), en in Suid-Afrika, deur De Villiers en Smit (1995) positief waardeer word.

1.3. ETIESE DISKOERS.

Curran (1987:48) analiseer veral die verskillende vlakke van morele diskoers wat in die brief aangetref word. Volgens hom is die verskillende vlakke van etiese diskoers wat in die brief onderskei kan word, in die terminologie van die brief self, die volgende: perspektiewe, die christelike roeping (vocation), etiese norme en beginsels, en oordele en voorstelle oor ekonomiese sake.

Bogenoemde terminologie sluit aan by vier betekenisvolle vlakke van etiese diskoers, naamlik

a) 'n basiese perspektief,

b) die persoon as subjek en agent,

c) beginsels en normes wat die menslike bestaan regeer,

d) konkrete oordele.

Die basiese perspektiewe word, volgens Curran, ontwikkel eksklusief in terme van die Skrif. Die bybelse perspektiewe waarby aangesluit word, is die fokus punte van die geloof van Israel en die dissipels van Jesus naamlik verbond, skepping, geskiedenis en verlossing.

Hy staan krities hierteenoor. Curran argumenteer dat, alhoewel



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

die basiese perspektiewe grootliks op die Skrif gebaseer word, dit ook 'n sistematies christelike ontwikkeling moet hê. Om aan te haal:

> "On the level of basic perspective or stance, there should be a very great contribution from the scriptures, but the basic perspective should be a systematically developed Christian one and not based only on the bible" (1987:50)

Hy pleit dat verby die Bybel beweeg moet word na die "totaliteit van die christelike perspektiewe". Hy redeneer dat in elk geval alle bybelse teologieë verder as die Skrif beweeg, aangesien dit deur mense saamgestel word. Hy beweer:

> "Such approaches are truly human constructs made by contemporary persons and hence, by their very nature, move beyond the biblical texts themselves" (Curran 1987:50).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Curran identifiseer die tweede vlak van etiese diskoers as die mense met al hulle tekortkominge, waardes en houdings (1987:50).

In die pastorale brief word dié diskoers behandel onder die opskrif "The christian vocation in the world today". Hy is egter van mening dat dit nie genoegsaam ontwikkel is nie.

Die rede vir die onvolledige ontwikkeling is nie te wyte aan die benadering van die biskoppe nie. Die benadering van die pastorale brief is om ekonomiese strukture en instellings te verander, ten



https://etd.uwc.ac.za

einde die mens beter te dien en dit geskied, volgens Curran, primêr deur die politieke orde. Tog word relatief min oor die verskillende persone gesê, wat van dag tot dag in die instellings werk.

Curran wys daarop dat een van die doelstellings van die biskoppe is om 'n bydrae te lewer tot publieke- en beleidsaangeleenthede. Tog word die plig van die gelowiges in hulle alledaagse werk in die dokument afgeskeep en vernalatig, volgens sy oordeel.

Die derde vlak van etiese diskoers het te doen met die beginsels en norme wat geld by ekonomiese beleid en strukture. Die biskoppe beklemtoon en maak 'n onderskeid tussen beginsels en norme en die weloorwoë oordele wat in die lig van die norme gemaak word.

Curran sê dat hy slegs sekere belangrike beginsels oor ekonomiese beleid en strukture behandel soos dit ook navore kom in die tradisionele Katolieke leringe oor bovermelde aangeleenthede (1987:51). Dit sluit in die rol van die staat; geregtigheid; menseregte; opsie vir die armes; en die universele doel van die aardse goedere en hoe dit aangewend moet word vir die behoeftiges.

Curran se bydrae oor konkrete oordele sal nie in hierdie studie behandel word nie, aangesien sy uiteensetting hieroor meer van toepassing sou wees op 'n Amerikaanse lesersgroep.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

1.4. SPESIFIEKE EKONOMIESE BELEIDSAANGELEENTHEDE.

Die vierde metodologiese aspek waarop Curran wys, handel oor die spesifieke aard van ekonomiese beleidsaangeleenthede, onder andere werkloosheid, armoede, boerdery en die verhouding tot die wêreld ekonomie. Curran sê egter dat 'n beoordeling van dié beleids-aangeleenthede buite die raamwerk van sy bepaalde studie lê.

Hy reken dat die Katolieke sosiale denke, in die algemeen, altyd die rol van mag en konflik om sosiale geregtigheid en verandering teweeg te bring onderbeklemtoon het. Selfs hedendaags word verskille in ekonomiese beleidsaangeleenthede gesien as pluralisties, eerder as 'n basiese konflik.

Hy beklemtoon dat konflik altyd net 'n strategie moet wees en nooit die belangrikste moet word nie. Dit moet altyd aangewend word tot die algemene welsyn en nie vir selfsugtige eiebelang nie. Volgens hom dui die ervaring en die realiteite egter tog wel daarop dat konflik 'n groter rol speel as wat die Katolieke sosiale leringe wil erken. Gevolglik is hy van oordeel:

> "The letter contains some emphases, though, that open the door to recognizing a greater role for conflict. The letter stresses the importance of participation of all in the life of society. The bishops freely talk about the need to overcome the powerlessness and the marginalization of many people in our society. There are also frequent references

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

to power itself. All these indications support the view that the letter should explicitly acknowledge a greater role for power and conflict in bringing about social change than now appears in the letter" (Curran 1987:53).

Curran sluit sy essay af met die woorde

"In many ways, the pastoral letter on the economy can serve as a paradigm for relating religious-ethical inquiry to economic policy" (1987:54).

Op grond van Curran se bydrae kan op die volgende gelet word wat van belang is vir hierdie studie.

a. Sy verwysing na die twee groepe van lesers toon aan dat die lesersgroep moontlik die etiese argument of die bepaalde benadering beinvloed.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

b. Sy opmerking oor die wyse waarop die pastorale brief saamgestel is verdien vermelding en aandag.

c. Hy toon aan dat die metodiek beinvloed word deur die eskatologie en die ekklesiologie van die biskoppe. Aangesien die Katolieke Kerk 'n universele kerk is, laat hulle baie ruimte vir diversiteit oor spesifieke beleidsaangeleenthede.

d. Die vlakke van etiese diskoers is van groot belang in hierdie studie. In die hieropvolgende hoofstuk sal meer



https://etd.uwc.ac.za

volledig hierby aangesluit word.

e. Sy opmerking dat fundamentele perspektiewe verder as die Bybel moet gaan en by christelike perspektiewe moet aansluit kan op gelet word. Veral sy opmerking dat alle teologiese perspektiewe in elk geval verder as die Bybel gaan, aangesien historiese mense daarby betrokke is, is belangrik.

Vervolgens word stilgestaan by die metodiek wat Robert K.Johnston in die pastorale brief waarneem. Hy is 'n Evangeliese protestant en professor in Teologie en Kultuur. In sy essay "A Lesson in Constructive Theology" (1989: 35-47) onderskei hy drie vorme van teologisering in die werkswyse van die biskoppe, naamlik

1.5.integrerende teologie;
1.6. interaktiewe teologie; en
1.7. publieke teologie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar word kortliks stilgestaan by sy standpunte oor elk van hierdie drie.

1.5. <u>INTEGRERENDE TEOLOGIE.</u>

Johnston dui aan die hand van 'n artikel van Gabriel Fackre aan waarom hy van mening is dat die biskoppe se teologie in die pastorale brief "integrerend" is. Volgens Johnston skets Fackre in sy essay die kontoere van 'n volledige metode vir evangelies teologiese refleksie. Sy metode behels naamlik drie aspekte, te



https://etd.uwc.ac.za

wete konteks, perspektief en bron.

Johnston sluit by Fackre aan, wat allereers argumenteer dat teologie plaasvind binne die konteks van die wêreld. Soos hy dit stel:

> "... the world - both our cultural analysis and comtemporary experience - that provides theology its setting" (Volgens Fackre, in Johnston 1989:38).

Tweedens, bied die kerk met sy tradisie binne hierdie konteks aan die teologie sy hulpbronne of perspektief:

> " Through creed, catechism and probation the church provides theology its perspective" (Volgens Fackre, in Johnston 1989:38).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Derdens, is die bron van die teologie die Skrif, met spesifieke verwysing na die evangelie van Jesus Christus. Volgens Fackre moet enige teologiese ondersoek beweeg vanaf die konteks deur die kerk na die Skrif en terug. Om aan te haal:

> "Moreover, there is not only the need for theologians to penetrate through the circles of culture, church and scripture in order to understand the full implication of the gospel of Jesus Christ. There is also the corresponding need for theologians to take their Christian perspective back through a reading of the biblical text and an



https://etd.uwc.ac.za

understanding of the church past and present to the world, where theology will be expressed afresh in each new time and place" (Volgens Fackre, in Johnston 1989: 38).

Fackre se standpunt kan dus opgesom word met die opmerking dat die teologie sy sentrum vind in Jesus Christus maar dat die begin en die eindpunt van die teologie die betrokke konteks in die wêreld is. Dit is by hierdie evangeliese posisie dat Johnston nou wil aansluit.

Johnston toon dan aan, op grond van die metode van teologiese refleksie van Fackre, dat die uitleg van die pastorale brief ook bewys lewer van so 'n soort teologisering. Hy sê:

> "The outline of the pastoral provides evidence of such an understanding. The letter is introduced with the bishops' description of U.S. economic life (Chapter 1). Next it turns to explore a biblical perspective (par.290) centering in Jesus Christ and then provides basic Catholic social teaching (Chapter 2). After applying this Christian moral vision to selected economic policy issues, the document calls for 'A New American Experiment: Partnership for the Public Good'" (Johnston 1989:39).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Johnston se verwysing na 'n integrerende teologie sluit dus aan by die verskillende vlakke van etiese diskoers wat Curran identifiseer. Soos alreeds aangedui, identifiseer Curran vier vlakke van morele diskoers, naamlik basiese perspektiewe vanuit



https://etd.uwc.ac.za

die Skrif, die mens as subjek en agent (die plig van gelowiges), die etiese beginsels en norme en die konkrete oordele op grond van dié norme. Johnston se evangeliesgesinde siening op voetspoor van Fackre, en sy positiewe beoordeling van die fasset van die pastorale brief korrespondeer duidelik hiermee.

Johnston identifiseer egter ook 'n tweede vorm van teologisering wat hy "interaktiewe" teologie noem.

1.6. INTERAKTIEWE TEOLOGIE.

Onder 'n interaktiewe teologie verstaan Johnston die interaksie tussen konteks en teks. Na aanleiding van 'n beskrywing van David Wells is daar volgens hom twee opsies wat 'n rol speel by die verhouding tussen teologiese refleksie en kulturele konteks.

By die een verstaan van kontekstualisering word daar slegs beweeg vanaf die outoritêre Woord tot binne die kontemporêre kultuur. Die ander opsie is dat daar beweeg word vanaf teks na konteks en vanaf konteks na teks. Dit wil sê die verskil tussen die eerste benadering en die tweede is dat in die eerste benadering daar slegs 'n eenrigting verkeer is vanaf teks na konteks terwyl in die tweede benadering daar 'n tweerigting verkeer is tussen teks en konteks. Volgens Johnston het die biskoppe besef - en volgens hom tereg - dat hulle geen ander keuse het nie as om die historiese uitdagings te aanvaar en 'n volle interaksie te hê tussen kerk en kultuur (tweede benadering). Johnston sê:



https://etd.uwc.ac.za

"A dialectic between word and deed and between church and society must be established. Thus, without fear and without oversimplification, the bishops call for 'a conversion of the heart' that will issue forth in 'a holiness in the world'. They challenge both church and society to become models of participation and collaboration (par.358)" (1989:41).

Johnston onderskei egter ook nog 'n derde soort teologie wat in die brief aan die werk is, te wete 'n "publieke" teologie.

## 1.7. PUBLIEKE TEOLOGIE.

Onder "publieke" teologie verstaan Johnston dat die biskoppe nie net skryf vir lidmate van hul kerk nie, maar vir die breë pluralistiese samelewing. Om hul appél te versterk wend die biskoppe hulle nie alleenlik tot die Katolieke tradisie nie, maar ook tot tradisioneel Amerikaanse waardes. Ook hierop sal later teruggekom moet word. Vir die logika van 'n etiese argument is só 'n beslissing uiteraard van die allergrootste belang. Vervolgens word die verskillende temas behandel soos dit alreeds geidentifiseer is.

In hierdie gedeelte is, na aanleiding van Johnston, die teologie wat die biskoppe gebruik bespreek. Hierdie wyse van teologisering (integrerende, interaktiewe en publieke teologie) kom daarop neer dat daar 'n gedurige wisselwerking is tussen konteks en teks, wêreld en Skrif en norme, christene (lidmate) en breë publiek.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

## 2. ARMOEDE.

In hierdie afdeling word die brief se hantering van die armoede vraagstuk, soos behandel deur die verskeie kritici, beklemtoon. Eerstens sal aangetoon word hoe in die algemeen gereageer is oor die biskoppe se bespreking van armoede. Tweedens word die kritiek op die teologiese betekenis van armoede bespreek. Derdens word die verskillende sieninge oor die oorsake en toestand van armoede behandel.

Verskeie kritici van die pastorale brief loof die biskoppe vir die wyse waarop hulle die armoede vraagstuk aanspreek en die wyse waarop hulle daarmee worstel. Byron L.Sherwin, 'n geordende Rabbi en Professor in Joodse Filosofie en Mistisisme, loof die biskoppe vir die sensiwiteit wat hulle openbaar vir die noodroep van die armes. Sy artikel is getitel "The U.S.Catholic Bishops' Letter on the Economy and Jewish Tradition" (1989:81-92). Hy sê dat deur die samestelling, publikasie en bevordering van die pastorale brief die biskoppe gereageer het op die behoeftiges. "For their insights they are to be praised. For their courage they are to be blessed" (1989:81). Blank, in 'n artikel getitel "Poverty and Policy: the Many Faces of the Poor" (1989:156-168), merk op dat die vraagstuk van armoede as 'n sentrale organiserende fokus dien in die pastorale brief. Sy (1989:156) oordeel dat die "armes" deurgaans deur die dokument gebruik word as teologiese simbool, verteenwoordigend van diegene teenoor wie die mense 'n onvervulde verantwoordelikheid het.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Volgens Mouw, in 'n artikel "Thinking about the Poor", is daar verskeie maniere waarop teologies gereflekteer kan word oor die betekenis van armoede (1989: 20-34). Hy sê verder dat die biskoppe gebruik maak van die skepping en sondeval motiewe in hul refleksie oor die betekenis van armoede. Onder hul opskrif "Bybelse Perspektiewe" handel hulle oor die mens wat geskape is na die beeld van God. Hulle toon aan dat die mens wat geskape is na die beeld van God, deur God geroep word om deel te neem aan sy skeppende aktiwiteit, vir die aarde te sorg en deur hul arbeid die werk van die skepping te laat ontvou (par 32). Die sondige mens het egter probeer om die skeppingsorde om te keer en afgodspatrone in die skeppingsorde ingevoeg, naamlik die soeke na onbeperkte mag en die begeerte na rykdom. Die biskoppe glo 'n bewuswording van die realiteite van die skepping en val is belangrik vir 'n verstaan van die bybelse leringe oor ekonomiese geregtigheid.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Volgens die biskoppe se verstaan van armoede, veroorsaak armoede dat mense nie in staat is om hulle taak as skepsele van God uit te voer nie.

Vervolgens meld Mouw (1989: 27-28) dat Evangeliese Protestante, net soos die Rooms Katolieke, geneig is om van die skepping en sondeval motiewe gebruik te maak wanneer dit by sake van rykdom, armoede en ekonomiese geregtigheid kom. Hulle kom egter tot verskillende slotsomme. Die Katolieke biskoppe gebruik die tema om te wys op die gevare van rykdom en die mens te herinner dat God spesiaal omgee vir die armes. Hulle sien armoede as ingeweef



https://etd.uwc.ac.za

in die menslike strukture en daarom kan hulle praat van armoede as primêr "exclusionism and powerlessness".

Alhoewel die Evangeliese Protestante ook die skeppingsmotief gebruik in hul verstaan van die ekonomiese aktiwiteit, beskou hulle nie die sondeval as 'n faktor wat daartoe gelei het dat die armes slagoffers van uitsluiting en magteloosheid is nie (Mouw 1989:27).

Die biskoppe argumenteer dat, aangesien God nie werklik wil sien dat armoede moet plaasvind nie, die mense moet let op hulle ekonomiese aktiwiteite en aandag moet gee aan die wyse waarop die sondige situasies gekorrigeer kan word. Die Evangelikeale daarenteen argumenteer dat aangesien God nie armoede ingestel het nie, die mense wat deur hul arbeid kan deel in die vrugte van materiele voorspoed nie skuldig moet voel nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Blank (1989:156) gaan van die veronderstelling uit dat, om effektiewe oplossings voor te stel vir armoede daar verstaan moet word waarom mense arm is. Huidig is daar 'n groot verskeidenheid van sieninge oor die oorsake en toestande van armoede. Hierdie diversiteit en die verskille wat dit navore bring, word volgens Blank nie duidelik weerspieël in die pastorale brief van die biskoppe nie. Die biskoppe verwys dikwels in die dokument na die "armes" en skep daarmee die idee van 'n saamgestelde enkele groep. Alhoewel dit op 'n simboliese wyse hul besorgdheid oor die armes versterk, is dit nie effektief vanuit 'n beleidsperspektief nie.



https://etd.uwc.ac.za

Blank probeer in haar essay 'n verskeidenheid van verskillende "images of the poor" skets (1989:157-160). In 'n tweede deel probeer sy wys op die beleidsprobleme wat veroorsaak word as gevolg van die feit dat mense verskil oor die wese van armoede (1989:160-164).

Sy beklemtoon dus dat die armes 'n diverse groep is wat nie maklik pas in 'n enkele stereotipe nie. Sy onderskei ses verskillende groepe, of soos sy dit stel "images" van armes:

1. Die armes is diegene wat nie kan werk nie. Hier word veral verwys na huisgesinne waar daar geen broodwinner is nie of wat as gevolg van omstandighede buite hul beheer - soos bejaardes, gestremdes en kinders - nie kan werk nie en daarom arm is. Byna die helfte van die globale groep armes val in hierdie kategorie.

2. Die armes is diegene wat 'n tekort het aan 'n produktiewe werk om 'n voldoende inkomste te verdien. Hier word verwys na die werkende armes - diegene wat dwarsdeur die jaar werk, maar steeds onder die broodlyn lewe. Hierdie tipe armoede kom veral voor in Derde Wêreld lande.

3. Die armes is ook diegene wat sistematies uitgesluit word van produktiewe arbeid. Die groep het die produktiewe bronne om ten volle in die samelewing deel te neem, maar is werkloos of is nie in staat om 'n voltydse werk te vind nie. Volgens Blank maak bogenoemde groep 20% van die armoede bevolking uit.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

4. Die armes is diegene wat verkies om nie betrokke te raak nie. Hier kom die beeld navore van die "lui arme". Dit is veral in die protestantse kultuur van Amerika dat die beeld van armoede en die armes wat maar net lui is baie sterk is. Onder dié groep, wie se houding en gedrag hulle verhoed om uit die armoede te ontsnap, word daar gepraat van twee spesifieke groepe wat in die geval spesifiek vermeld moet word.

5. Daar is diegene wie se toestand en hopeloosheid hulle verhoed om ekonomiese geleenthede raak te sien en te benut. Dit lei daartoe dat hulle later alle hoop prysgee om enige iets te doen.

6. Daar is ook diegene wat vasgevang is in 'n subkultuur van destruktiewe gedrag en eksplisiet eerlike werk vermy. Alhoewel die seksie van die arm bevolking uit verskillende groepe vorm die seksie die orige 30%.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In Blank se bydrae word dan aangetoon hoe hierdie situasie benader kan word. Sy let op dat daar verskillende opinies is oor hoe om die armoede probleem aan te pak. Die rede hiervoor is dat geleerdes verskil oor watter groep die oorgrote meerderheid van armes konstitueer. Hierdie siening, dat die armes nie 'n homogene groep is nie, lei tot verskillende beleidsdilemmas waarvan Blank twee noem wat die biskoppe ook aanraak:

Eerstens is daar 'n konflik tussen die "sosiale kontrak"-benadering tot die armes en die "minimumregte"-benadering wat beide deur die biskoppe ondersteun word op verskillende punte in



https://etd.uwc.ac.za

die brief. Die tweerigting sosiale kontrak benadering eis enersyds dat die gemeenskap 'n verantwoordelikheid het om te verseker dat elke individu kop bo water hou, maar andersyds het die individu 'n verantwoordelikheid om te werk en 'n bydrae te lewer tot die samelewing. Die biskoppe stel dit soos volg:

> "Social justice implies that persons have an obligation to be active and productive participants in the life of society and that society has a duty to enable them to participate in this way" (par 71).

Blank (1989:161) toon egter aan dat die biskoppe nie worstel met die kernvraag of die gemeenskap nog 'n verantwoordelikheid het as die individu nie hul kant van die kontrak nakom nie. In Noord-Amerika is die respons op die vraag gewoonlik negatief.

Dié benadering kom in konflik met die "minimumregte"-benadering wat die biskoppe óók ondersteun. Hulle doen 'n beroep op minimum basiese ekonomiese ondersteuning vir alle arm individue. Dit is volgens haar nie duidelik of die laasgenoemde benadering die tweerigting benadering oorheers of daaraan ondergeskik is nie. Tog is dié keuse van die allergrootste belang vir die morele argument.

'n Tweede dilemma, wat eweneens saamhang met die siening van verskeie beelde van armoede, is die vraag: hoe moet die benadering wees waar twee groepe van armes in dieselfde huishouding aangetref word? Dit word veral gesien in gevalle van



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

twee ouer gesinne waar die ouers, veral die vader, nie werk nie en die kinders daaronder ly. Dié probleem veroorsaak dat baie gesinne nie staatshulp ontvang nie.

Met verwysing na die talle hulpprogramme vir armes in die VSA gaan Blank van die veronderstelling uit - in die lig van haar standpunt dat daar verskillende vorme van armes is - dat daar dus ook verskillende behoeftes is. Dit beteken dat geen enkele program die oplossing sal wees nie. Sy stel egter verskeie beginsels voor wat as maatstaf kan dien vir enige optrede.

1. Eerstens, om motivering vir aksie te bewerkstellig, moet almal daaraan herinner word dat die huidige vlak van armoede in die VSA onaanvaarbaar hoog is. Mense se besorgdheid oor armoede moet nie net verhoog word nie, maar ook moet die samelewing ingelig word oor die oorsake en gevolge van armoede. Die siening dat die armes nie wil werk nie, is miskien waar vir 'n gedeelte van die armes, maar nie vir die oorgrote meerderheid van armes nie, aldus Blank. Dit moet reggestel word.

2. Tweedens word van Christene verwag om ruim en nie-veroordelend te reageer tot die armes. Blank verkies self dat die "minimumregte"-benadering gestel moet word bo die tweerigting "sosiale kontrak"-benadering. Daar mag miskien wel gekies word om nie monetêre hulp te verskaf nie, maar huisvesting, kos en mediese dienste moet gewaarborg word.

3. Die diversiteit onder die arm bevolking beteken dat dit



https://etd.uwc.ac.za

miskien heeltemal legitiem sal wees om verskillende programme van stapel te stuur vir verskillende groepe.

4. Die verskil in die lang en korttermyn behoeftes van die verskillende groepe van die arm bevolking moet in gedagte gehou word. Op korttermyn mag daar 'n behoefte wees aan basiese sorg, maar op die langtermyn moet daar beter maniere gevind word om die probleem op te los.

Ten slotte word afgesluit met 'n aanhaling van Blank wat haar argument goed opsom:

> "The bishops letter provides a solid theological argument why Christians should be concerned with economic reality. But I have suggested that we add analysis of the causes and conditions of poverty before we can move from principle to policy" (1989:168).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie soort analise is inderdaad belangrik en sal in Hoofstuk 5 weer ter sprake kom. Die analise van die situasie beinvloed onwillekeurig die proses van etiese oordeelsvorming.

Die armoede vraagstuk is ook vir hierdie studie van belang. Blank se argument dat die arm bevolking nie 'n homogene groep is nie is belangrik. Dit is inderdaad so dat die armoede probleem baie keer nie korrek aangepak word nie of nie die gewenste uitwerking het nie omdat alle armes dikwels oor dieselfde kam geskeer word.



https://etd.uwc.ac.za

## 3. POLITIEKE SOLIDARITEIT.

In hierdie afdeling word stilgestaan by die konsep van solidariteit, die verskillende betekenisse wat die woord navore roep, en die biskoppe se siening van politieke solidariteit. Besware vanuit twee verskillende gedagterigtings, soos voorgehou deur Strain, sal voorgehou word, asook sy eie reaksie daarop. In hierdie gedeelte word geleun op die artikel van Charles R.Strain (1989: 190-202) getitel "Beyond Madison and Marx: Civic Virtue, Solidarity and Justice in American Culture". Strain se reaksie sluit aan by die beginsel van subsidiariteit waarby stilgestaan word en ander kritici se reaksie op dié beginsel.

Volgens Strain is daar, soos hy dit stel, 'n "harmonious tension" tussen die terme "menswaardigheid" en "solidariteit" in die pastorale brief van die Amerikaanse biskoppe.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens Strain is die eerste konsep (menswaardigheid) redelik duidelik en nie vatbaar vir verskillende interpretasies nie. Die konsep "solidariteit" roep egter verskillende betekenisse op by mense en is "richly evocative" (1989:190). Vier vorme van solidariteit kan ontleen word vanuit die biskoppe se teologiese visie, naamlik natuurlike, eskatologiese, sakramentele en politieke solidariteit. Onder politieke solidariteit word 'n solidariteit verstaan wat tot aksie of dade oorgaan, anders is dit blote sentimentalisme. Dit moet plaasvind binne die raamwerk van geregtigheid.



https://etd.uwc.ac.za

Dit is nou juis veral die biskoppe se siening van politieke solidariteit wat gekritiseer word. Strain stel dit so:

> "All sort of objections have been raised concerning the bishops' concept of political solidarity" (1989:192).

Die kritiek kan volgens hom saamgevat word in twee opponerende kampe, naamlik die Madisoniese kritiek en die Marxistiese kritiek. Alhoewel die kritiek teenoor mekaar staan, het dit 'n gedeelde fokus. Dié gedeelde fokus is die verhouding tussen mag en solidariteit.

Die eerste vorm van kritiek bevraagteken die biskoppe se teoretiese fondament en die politieke realisme van hul nuwe eksperiment in demokrasie. Die tweede vorm van kritiek argumenteer dat die biskoppe te Amerikaans is in hul "piecemeal" analise en hervormings-politiek. Volgens die kritici is dit geen eg nuwe Amerikaanse eksperiment nie, maar net 'n nuwe variasie van ou liberale politiek.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die kritiek van Madison is solidariteit beperk tot solidariteit binne groepe of faksies:

> "What the bishops refuse to recognize is what Madison, especially in **The Federalist** No 10, confronted without flinching - solidarity will always be confined to factions" (1989: 193).



https://etd.uwc.ac.za

Gegee die diversiteit van die menslike begeertes en die ongebondenheid van menslike ambisies, is geen universele harmonie van menslike belange moontlik nie. Die biskoppe se beroep op burgerlike verantwoordelikheid en 'n verbintenis tot die algemene welsyn lei nie daartoe dat 'n mens faksionalisme kan ontsnap nie. Die Madisoniese kritiek erken dat burgerlike verantwoordelikheid nodig is en altyd nodig sal wees. Tog veronderstel hulle dat in 'n land waar die etos van gelykheid ambisies in individue wakker maak, dit nie haalbaar is nie. Hulle lê dus sterk klem op die menslike natuur en begeertes.

Die kritici van die pastorale brief wat deur 'n Marxistiese perspektief beinvloed is, alhoewel hulle nie noodwendig 'n Marxistiese oplossing voorstel nie, sien die biskoppe as half-hartige profete. Hulle siening van die biskoppe is soos volg:

> "Having stared into the moral abyss which is capitalism, they retreat into moral platitudes" (Strain 1989:193).

Hulle meld dat die retoriek van solidariteit en die organiese model van die samelewing wat die biskoppe voorstel die klassestryd of konflik bedek en ware hervorming verhinder. Hulle reken dat ware universele solidariteit slegs moontlik is as 'n partikuliere solidariteit met en van die onderdruktes. Partikuliere solidariteit is meer as 'n preferensiële opsie vir die armes, want dit steun nie op die welwillenheid van diegene wat die mag besit nie, maar reken op die fundamentele herverdeling van mag. Verdere kritiek is dat gevra kan word of



https://etd.uwc.ac.za

fundamentele verandering kan plaasvind sonder om die belangrikste instellings en veronderstellings van Amerikaanse kapitalisme uit te daag.

Volgens Strain is die kritiek van albei die partye nie heeltemal regverdig nie. Hy probeer aantoon dat in Hoofstuk 4 van die Pastorale Brief klem gelê word op die transformerende mag van klein demokratiese instellings. Die biskoppe vind 'n balans in 'n meer pluralistiese verstaan van solidariteit, wat meer in gemeen het met Jefferson en De Tocqueville, as met Madison en Marx (Strain 1989:194). Beide Jefferson en De Tocqueville lê meer klem op die onderwysende en opvoedkundige rol van kleiner demokratiese instellings op die plaaslike vlak (Strain 1989: 194). Volgens Strain kom die biskoppe se beginsel van "subsidiariteit" in 'n groot mate ooreen met Jefferson en De Tocqueville se alternatiewe model van sosiale transformasie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens dié beginsel (soos alreeds verduidelik in Hoofstuk 1 van hierdie studie) is dit 'n:

> "... grave evil and disturbance of right order to assign to greater and higher associations what lesser and subordinate organizations can do" (NCCB (USA) 1986:99-100).

Volgens Strain blyk uit hierdie aanhaling dat gewerk word met 'n hiërargiese, organiese model van die gemeenskap. Wanneer egter na die voorbeelde gekyk word wat die biskoppe gebruik, byvoorbeeld werkersorganisasies en gemeenskapsontwikkelings-



https://etd.uwc.ac.za

organisasies, werk hulle met die Jefferson-Tocqueville konsep van die samelewing. Strain argumenteer dat, so dikwels wanneer daar 'n verskuiwing kom in 'n konsep, diegene wat die konsep gebruik nie die implikasies van hul verskuiwing besef nie (1989:197).

Dennis McCann in sy artikel "New Experiment in Democracy: Blueprint for Political Economy" kritiseer die feit dat daar nie in die pastorale brief genoegsaam teologies gereflekteer word oor die beginsel van subsidiariteit nie (1989:203-215). Hy maak die trinitariese formule van toepassing op die samelewing. McCann dui aan dat die beginsel van subsidiariteit 'n refleksie is van die Katolieke se verstaan van die triniteit as norm vir die korrekte verstaan van die menslike sosiale verhoudings.

Hy toon aan dat die triniteit gelyk is en funksioneel. Alhoewel daar geen hiërargie in die triniteit is nie, is die mens hiërargies ondergeskik aan die triniteit. Net so, indien die samelewing die triniteit sou nadoen, sal alle hiërargieë ondergeskik wees aan die gemeenskap van mense. McCann sê:

> "Hierarchies would be subsidiarity to communities of human persons flourishing in fundamentally egalitarian reciprocities" (1989:214).

Larry Rasmussen in sy artikel "The Morality of Power and the Power of Morality" en ander kritici dui aan dat die biskoppe se aanname "softly utopian" is (1989:134-137). Strain beweer egter dat nóg die biskoppe nóg hul kritici besef watter sterk



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

teenmiddel in die brief self ontwikkel word. Deur die beginsel van wedersydse verantwoording dui Strain aan dat die brief die aanhoudende konflik en oneweredige verspreiding van mag in verskeie instellings wat die gemeenskap vorm, wel in ag neem (1989:197).

In lyn met bogenoemde wys Strain dan op die belangrike gevolge van die biskoppe se benutting van die beginsel van subsidiariteit. Hy is van opinie dat die beginsel nie breek met die klassieke liberale model van geregtigheid of die konserwatiewe organiese model nie (1989:196). Hy sluit aan by Michael Walzer wat argumenteer dat 'n regverdige samelewing nie gebaseer word op eenvoudige beginsels van regverdigheid of gelykheid nie.

> "Each form of social good distributed in a society - from wealth and power to honour and love - demands its own principle of distribution" (Strain 1989:196).

In die lig hiervan argumenteer Strain dat die biskopppe se beginsel van subsidiariteit twee vorme van politieke solidariteit repudieer:

1. Solidariteit wat verkry word deur 'n sentrale politieke outoriteit kan nie die komplekse geregtigheid inkorporeer, soos wat die beginsel van subsidiariteit veronderstel nie.

2. Subsidiariteit breek met die nostalgiese soeke na 'n perfekte harmoniese gemeenskap. 'n Verbintenis tot politieke solidariteit



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

hoef nie die illusie te skep dat een groot familie binnekort sal bestaaan nie.

Afgesien van die kritiek teen die biskoppe se siening en verstaan van politieke solidariteit is die beginsel van subsidiariteit vir hierdie navorser belangrik. Groter instellings moet van hulle take en verantwoordelikhede aan kleiner instellings deurgee of anders gestel groter instellings moenie vir hulle besig hou met sake wat net so goed en selfs beter deur kleiner, intermediêre instellings aangepak kan word nie.

Vervolgens word die tema van werkloosheid behandel.

## 4. WERKLOOSHEID.

Die meeste kritiek in hierdie verband handel oor die feit dat die biskoppe pleit vir volle werksgeleenthede vir almal. Die kritiek kom veral vanuit ekonomiese geledere. Wat die kritici moontlik vergeet, is die beginsel wat in die etiese argument beklemtoon is, dat die biskoppe ruimte laat vir verskillende opinies in verband met spesifieke beleidsaangeleenthede.

Beide Milton Friedman,'n Nobelpryswenner in Ekonomie, in 'n artikel getitel "Good Ends, Bad Means" (1987:99-106) en Carl Christ, wat 'n doktorsgraad in die Ekonomie het, in sy artikel "Unemployment and Macro-economics" (1987:116-127) spreek hulle uit oor die biskoppe se voorstelle om volle werksgeleenthede vir almal daar te stel.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Milton Friedman dui aan dat die biskoppe se doelwit om werkloosheid te verminder goed is, maar die metode (means) wat hulle voorstel om dit te bereik is volgens hom swak.

Die biskoppe stel voor dat die regering 'n totale nuwe verbintenis tot volle werkskepping moet maak. Friedman dui aan dat lande wat sulke verbintenisse gemaak het, onder andere Brittanje en amper elke ander Europese land, se werkloosheidsyfer hoër is as die van Noord-Amerika. Hy vra:

> "If the way to lower unemployment is for goverment to adopt a policy of full employment and set a goal of three or four percent, how is it that most countries to have done so have failed to achieve their objective?" (1987:101).

Friedman is baie sterk in sy argument dat 'n deklarasie van voorneme deur 'n regering om volle werkskepping daar te stel nie genoeg is om werkloosheid te verminder nie.

Ook James E.Burke in sy artikel "Reactions from Management" (1987:219) maak dieselfde aanname en het 'n probleem met die feit dat die regering verantwoordelik gemaak word om werkloosheid uit die weg te ruim. Hy sê:

> "It is hard to find empirical data anywhere that justify the government 'ensuring' the goal of full employment" (Burke 1987:221).



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Burke is dit wel eens met die biskoppe dat daar opgetree moet word teen werkloosheid. Hy is veral besorg oor die feit dat een derde van alle minderjarige jeugdiges werkloos is en 'n groot getal daarby "unemployable".

'n Tekortkoming wat hy by die biskoppe waarneem, is die feit dat hulle nie die rol wat ontwrigte gesinne speel in werkloosheid genoegsaam aanspreek nie (1987: 224). Hulle gee ook nie aandag aan die probleem van die misplaaste werker in die hele werksopset nie. Hier onder word verstaan werkers wat hul werk verloor as gevolg van veranderde tegnologie, sluiting van aanlegte, ensovoorts. Volgens Burke is ongeveer 500 000 tot 1 000 000 werkers in die VSA werkloos as gevolg van tegnologiese verandering. Hy kritiseer die feit dat die biskoppe nie die impak van tegnologiese verandering op werkloosheid aanspreek nie.

Alhoewel die biskoppe nie aandui watter persentasie hulle sien as volle werksgeleenthede nie, konkludeer Christ na aanleiding van sekere aanmerkings van die biskoppe dat dit om en by 4% moet wees (1989:117). Die biskoppe stel voor dat die regering deur 'n fiskale en monetêre beleid volle werksgeleenthede daar stel. Alhoewel die biskoppe self konstateer dat die korrektheid van hul voorstelle gemeet moet word aan die akkuraatheid van hul feite, is dit nie die geval by hul behandeling van werkloosheid nie. Carl Christ noem dat die brief nie rekening hou met die empiriese data en realiteit wanneer dit kom by hul voorstel om gebruik te maak van 'n fiskale en monetêre beleid om volle werksgeleenthede te skep nie.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Die empiriese gegewens toon dat 'n fiskale en monetêre beleid nie daarin slaag om werkloosheid permanent hok te slaan nie. Christ toon aan dat sedert 1929 daar net drie geleenthede was waar die werkloosheid onder vier persent gedaal het en in al drie gevalle was dit gedurende tydperke van oorlog (1943-48; 1951-53; 1966-67). Alhoewel daar gedurende die oorlogstye 'n geweldige uitbreiding van die fiskale en monetêre beleid was en werkloosheid onder vier persent was, was die daling in werkloosheid nie permanent nie. Na die oorlog het werkloosheid toegeneem en inflasie verhoog. Die geskiedenis toon aan dat 'n uitbreiding van die fiskale en monetêre beleid slegs lei tot 'n tydelike verbetering in werkloosheid wat dan gevolg word deur groter werkloosheid en 'n meer permanente toename in inflasie. Dit geld nie net vir die VSA nie, maar ook vir Kanada, Brittanje, Frankryk, Duitsland en Japan wat almal na die Tweede Wêreldoorlog soortgelyke ervarings gehad het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Christ (1989:127) kritiseer verder die feit dat, alhoewel die biskoppe die gevolge van werkloosheid beklemtoon, hulle nie aandag gee aan die gevolge van 'n fluktuerende inflasie nie. Die gevolge van 'n gedurige verandering in inflasie is substansieel en beinvloed werkloosheid.

Christ konkludeer dus dat daar twee tipes van beleidsrigting is met betrekking tot werkloosheid. Hy het probeer aantoon dat 'n uitbreiding van die fiskale en monetêre beleid nie werkloosheid sal verminder nie. 'n Tweede beleidsrigting het 'n effek op die gemiddelde vlak van werkloosheid wat in ooreenstemming is met 'n



https://etd.uwc.ac.za

konstante skaal van inflasie.

'n Algemene probleem wat kritici met die biskoppe het, is die feit dat hulle nie institusies direk aanspreeklik maak vir hulle beleidsrigtings wat hulle voorstel nie. Kurt Biedenkopf in sy artikel "A European Point of view" (1987:207-217) noem as een van die tekortkomings van die pastorale brief die feit dat dit nie genoegsame gewig verleen aan die belangrike verhouding tussen sosiale verantwoordelikheid en die institusionele ondersteuning van sosiale waardes nie. Biedenkopf sê dat die wyse waarop die biskoppe hulle strewe vir volle werkskepping formuleer en die politieke aksies wat hulle aanbeveel aantoon dat die biskoppe nie die oorsake van werkloosheid ten volle geanaliseer het nie en verder het hulle nie voldoende aandag gegee aan die interafhanklikheid tussen werkloosheid, die strukture en institusionele ooreenkomste in die arbeidsmag aan die een kant en die sosiale wetgewing en strukture en institusionele ooreenkomste aan die ander kant nie. Hulle bevraagteken nie wie daarvoor verantwoordelik is dat daar nie werk is nie, maar vra "hoekom". Aangesien die biskoppe se analise van die oorsake van werkloosheid onvoldoende is, is hul voorstelle om die situasie te remedieer ook vaag.

Hy komplimenteer verder die biskoppe se aanbeveling dat vakleerlingskaps- en werksopleidingsprogamme uitgebrei moet word.

Hierteenoor loof Thomas R. Donahue en Rudolph A.Oswald, wat die werkersunies verteenwoordig, in hul artikel "Labour Views the



https://etd.uwc.ac.za

Pastoral Letter on the Economy" (1987:228-245) die biskoppe se oproep tot volle werkskepping vir almal. Teenoor Christ se kritiek konstateer Donahue en Oswald

> "Experience bears out the bishops recommendation that 'fiscal and monetary policies of the nation should be coordinated in such a way that full employment is the number one goal'" (1987:231).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die werkloosheid-situasie, selfs in Eerste Wêreld Lande, 'n geweldige probleem is. Uit die bydraes word dit duidelik dat 'n verbintenis tot volle werksgeleenthede vir almal nie genoegsaam is nie. Verder is van belang dat die opinies van kundiges op die terrein van die ekonomie in hierdie opsig van belang is.

Vervolgens word die tema van menswaardigheid behandel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

5. <u>MENSWAARDIGHEID.</u>

In hierdie afdeling word slegs 'n sekere aspek van menswaardigheid behandel. Die bydrae van 'n feministiese teoloog en haar gesigspunte oor die pastorale brief word voorgehou. Haar gesigspunte sluit egter aan by die tema van menswaardigheid.

In 'n artikel van Ann O'Hara Graff wat haarself beskryf as 'n Rooms Katolieke feministiese teoloog beoordeel sy die biskoppe se visie van menswaardigheid en die ekonomiese en politieke implikasies van hul visie krities. Haar artikel is getitel "Women



https://etd.uwc.ac.za

Dignity: Vision and Practice" (1989: 216-228).

Sy sê, en dit word ook deur ander kritici bevestig, dat die biskoppe duidelik meld dat die menswaardigheid van die mens een van die sleutel kategorieë van die pastorale brief is.

Ann O'Hara Graff stem saam met die biskoppe se siening van menswaardigheid soos dit in twee sinne uitgedruk word. Die biskoppe sê naamlik:

1. die basis van alles wat die kerk glo oor die morele dimensie van die ekonomiese lewe is die visie van die transendentale waarde - heiligheid - van die mens.

2. Die menswaardigheid van die mens in gemeenskap met ander, is die maatstaf waarteen alle aspekte van die ekonomiese lewe gemeet moet word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In haar essay is sy veral besorg oor die vraag hoe hierdie visie in praktiese terme geformuleer word en watter verder praktiese gevolge daaruit afgelei kan word. Sy stel die vraag aan die orde:

> "What does the pastoral letter already specify when it comes to economic justice and human dignity for women?" (Graff 1989:218).

Volgens haar kom die situasie van die vrou in die pastorale brief primêr aan die orde in die behandeling van armoede en



https://etd.uwc.ac.za

werkloosheid. Die biskoppe toon deur middel van statistiek dat vroue wat wel voltyds werk arm bly en hulleself bevind in betrekkinge wat weinig of geen hoop bied vir verbeteringe nie.

Ann O'Hara Graff het groot waardering vir die voorstelle van die biskoppe, onder andere die oproep om geslagsbaseerde diskriminasie te beëindig, en die oproepe om gelyke betaling, opleiding en regstellende aksie vir vroue. Die biskoppe dui die afbrekende ekonomiese faktore aan wat enkelvroue en vroue van rasse minderheidsgroepe raak. Sy merk op dat die voorstelle van die biskoppe waardigheid en geregtigheid onder vroue kan opbou.

Haar kritiek teen die biskoppe is dat hulle nie rekening hou met of die simptome van die samelewing met betrekking tot vroue in verband bring met die sosiale, institusionele praktyke van seksisme in die ekonomiese situasie van die vrou nie. Sy argumenteer dat alleenlik as die aangeleentheid van institusionele seksuele diskriminasie aangespreek word, daar ware hoop sal wees vir 'n verandering in die ekonomiese situasie van vroue.

Sy skets sekere situasies waarin die seksistiese, minder-bevoorregte situasie van die vrou in instellings gehandhaaf word. Sy skets die situasie van die vrou as eggenote en huisvrou en die vrou as voltydse en of deeltydse werkende vrou. Sy toon dat in die instellings van die huis die rol van die vrou oorlaai is as gevolg van sekere institusionele praktyke in die samelewing. Die huisvrou se werk word nie gesien as betalende werk nie; terwyl



https://etd.uwc.ac.za

die beroepsvrou nog 'n dubbele rol het as huisvrou. Volgens haar is die vraag nie of die man moet uithelp by die huis nie, maar

> "Rather, the problem is one of the present arrangements for social and economic institutions" (1989: 225).

Sy probeer dus aantoon dat die totale instellings bevraagteken moet word.

Verder toon sy aan dat die oorgrote meerderheid vroue werk in betrekkinge waarin hulle net soos by die huis 'n ondersteunende rol bied vir die werk van mans.Sy verwys na tiksters, telefoniste, ensovoorts. Sy sluit aan by Rosemary Ruether wat 'n 50 uur werksweek voorstel waarin 'n paartjie elk 25 uur werk met die volle voordeel van 'n voltydse werk. Sodoende kan elkeen, die man en die vrou, die verantwoordelik van die huis en van ouerskap deel (1989:225).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Sy kritiseer die feit dat die biskoppe nie genoegsaam aandag gee aan geboortebeperkings nie. Vanuit die menswaardigheid van die mens argumenteer sy:

> "The vision of human dignity as a practical reality must confront questions about birth control" (1989:226).

Graff kritiseer ook die feit dat die biskoppe nie die aangeleentheid van seksisme in die institusionele sisteem van die kerk self aanspreek nie. Sy maak die stelling dat die kerk 'n



https://etd.uwc.ac.za

klassieke voorbeeld is van 'n instelling waarin die outoriteit aan die mans behoort terwyl die vrou die ondersteunende strukture domineer. Die oormeerderheid leke is vroue, en mans (priesters) is die werkgewers terwyl vroue die werknemers is. Die kerk moet dieselfde vraagstukke wat hul aan die samelewing rig aan hulself stel en ekonomiese en seksuele uitbuiting moet bevraagteken word, ook in die kerk.

Opsommend kan gesê word, dat Graff van die veronderstelling af uit gaan dat slegs institusionele verandering kan lei tot dié waardigheid wat volgens die biskoppe die totale gemeenskap moet karakteriseer. Graff sluit af met die woorde:

> "When women of all classes and races are free from the bondage of institionalized forms of discrimination, then we will all more justly enact our identity as dignified people, made in the image and likeness of the God who is love" (1989:228).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten slotte word die biskoppe se voorstel vir 'n nuwe eksperiment in demokrasie behandel.

## 6. NUWE EKSPERIMENT IN DEMOKRASIE.

Charles K.Wilber, in sy artikel "Individualism, Interdependence, and the Common Good: Rapprochement between Economic Theory and Catholic Social Thought" (1989:229-241), laat hom soos volg uit oor die hoofstuk: "A New American Experiment: Partnership for the



https://etd.uwc.ac.za

Public Good".

> "This is the most innovative section of the U.S. bishops'economic pastoral letter on the economy" (1989: 229).

Dennis P.McCann beoordeel egter die Noord-Amerikaanse biskoppe se voorstel vir 'n nuwe eksperiment in demokrasie krities in sy artikel "New Experiment in Democracy: Blueprint for Political Economy?" (1989:203-215).

Phillip Berryman in sy boek Our Unfinished Business: The U.S. Catholic Bishops' Letters on Peace and the Economy let op

> "Like the peace pastoral, which moved from a critique of present policies to more far-reaching, even visionary proposals, *Economic Justice for All* offers, in chapter IV, longer-range perspectives on the U.S. economy. The basic argument is that there is 'unfinished business' in the 'American experiment'" (1989: 106).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

McCann stel die vraag aan die orde : Is die voorstel van die biskoppe inderdaad 'n alternatief op die moderne industriële kapitalisme van Amerika? Die voorstel van die biskoppe vir 'n nuwe eksperiment in demokrasie kom die eerste keer navore in die pastorale brief in Hoofstuk 2 by die Christelike visie vir die ekonomie.



https://etd.uwc.ac.za

Die biskoppe stel voor dat net soos die oorspronklike Amerikaanse eksperiment in demokrasie op burgerlike en politieke vlak plaasgevind het, so moet daar op die ekonomiese terrein 'n nuwe Amerikaanse eksperiment wees. Hul eksperiment kom daarop neer dat groter samewerking moet plaasvind tussen besighede, bestuurders, direkteure en werkers. Hulle hele eksperiment is 'n oproep tot sosiale samewerking ("social cooperation"). McCann sê dat die voorstel van die biskoppe parallelle vertoon met die eksperiment in demokrasie op konstitusionele vlak.

Verder stel die biskoppe voor dat die eksperiment van samewerking moet plaasvind in publieke instellings, naamlik besigheids-korporasies. McCann sien die besigheidskorporasies as die werklike voetsoolvlak van die Amerikaanse ekonomie. Die biskoppe het 'n transformasie van die ekonomie ten doel deur samewerking en deelnemende demokrasie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Charles K.Wilber is vol lof vir die biskoppe se voorstelling van samewerking in die werksplek en op ekonomiese terrein. Hy maak 'n vergelyking tussen die klassieke ekonomiese teorie en die Katolieke sosiale denke en toon aan dat die belangrikste verskil tussen die twee denkrigtings is dat eersgenoemde uitgaan van die individualistiese siening van die gemeenskap, terwyl laasgenoemde 'n gemeenskaplike visie het van die gemeenskap (1989:229). Die verskille op hul beurt is te danke aan die verskillende veronderstellings, naamlik die onafhanklikheid en die interafhanklikheid van individue. Die klassieke teorie wat uitgaan van die onafhanklikheid van individue argumenteer dat die



https://etd.uwc.ac.za

soeke na eie belang lei tot die algemene welsyn van almal. Die Katolieke sosiale denke wat uitgaan van die interafhanklikheid van individue veronderstel dat sekere individue en groepe mag het oor ander. In die lig hiervan stel Wilber voor:

> "Public sponsorship of cooperation as a complement to market competition as a possible means to counter that power and to attain the common good" (1989:229).

Die ekonomiese rolspelers kom al meer tot die besef dat eie belang alleen onvoldoende is. Dit word geïllustreer deur die toename in deelnemende bestuur deur werkers; die skep van plaaslike komitees wat bestaan uit besighede en gemeenskappe om die sluiting van en allokasie van aanlegte te bespreek; en die daarstelling van adviesrade wat bestaan uit unies, besighede en die publiek om werkskeppingsbeginsels te inisieer. Hierdie inisiatiewe skep wedersydse vertroue in 'n wêreld waar interafhanklikheid en verkeerde informasie dikwels lei tot wantroue en selfvernietigende gedrag.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is om dié rede dat Wilber die advies van die biskoppe ondersteun om samewerking in die werksplek. Hy oordeel soos volg:

> "Changing the environment from a competitive one to a cooperative one might provide the trust neccessary for people to alter their behavior" (1989:239).

Hy noem verder dat dit nie 'n beroep is op altruisme nie.



https://etd.uwc.ac.za

Inteendeel word geargumenteer dat dit moontlik is om die omgewing so te verander dat mense sal besef die bereiking van langtermyn belange vereis dat mense sal afsien van kortermyn doelwitte. Firmas wat deur werkers besit word is besig om toe te neem in die VSA. Dit gebeur veral waar aanlegte toemaak en deur werkers aangekoop word, want in sommige gevalle word aanlegte gesluit al is dit produktief.

Daar is al meer bewyse dat werker-beheerde firmas, waar werkersdeelname en demokrasie in die werksplek geinkorporeer word, net so produktief is en in sommige gevalle selfs meer produktief is as tradisionele firmas. 'n Model van firmas beheer en bestuur deur werkers wat van besondere belang is, is die industriële koöperatiewe in die Baskiese streek van Spanje. Die mylpale van die koöperatiewe is besonder indrukwekkend. Die eerste van die koöperatiewe van Mondragon is 1958 gestig. Vandag is 'n bank met beleggings van 1500 miljoen rand, 'n tegniese sentrum, 'n tegniese hoërskool en kollege deel van dié koöperatiewe netwerk. Die grootste vervaardigers van vrieskaste in die hele Spanje kom vanuit hierdie koöperatiewe. Na twintig jaar is hul verkoopsomset 21 000 miljoen waarvan een vyfde te danke is aan uitvoere. Onder die goedere wat vervaardig word, is verskillende huistoebehore, swaar masjinerie, hidroliese drukkers en vele ander (Wilber 1989:240).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat veral interessant is, is die eienaarskap en bestuur strukture van die Mondragon koöoperatiewe. Die koöperatief bepaal dat elke nuwe lid 'n spesifieke bedrag geld in die firma moet belê. Aan



https://etd.uwc.ac.za

die einde van elke jaar word die wins of surplus van die firma oorbetaal in 'n kapitale rekening van die werker in verhouding tot hul werkersure en hul werksallokasie. Die werkersbeoordeling maak voorsiening vir 'n baie klein skaal van 1 - 3 in ratio tussen die verskillende kategorieë. Die salarisskaal verskil grootliks van dié in die private sektor. Die koöperatief se raad van direkteure word gekies deur al sy lede en die raad op sy beurt stel die bestuurders aan. 'n Sosiale komitee wat bestaan uit verteenwoordigers van die laags besoldigde werkers onderhandel met die raad oor griewe en ander sake van werkers. Die ekonomiese resultate en omvangryke netwerk van die koöperatief is wêreldwyd bekend.

Die "Partnership for the Public Good", soos die biskoppe dit noem, berus in groot mate op die bereidwilligheid van entrepeneurs om te eksperimenteer met die innoverende skemas van deelnemende bestuur. Wilber argumenteer dat die ekonomiese rolspelers in die VSA op voetspoor van die Baske deelnemende bestuur en werkersdeelname kan implementeer as deel van die nuwe Amerikaanse eksperiment.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ter opsomming kan gemeld word dat in hierdie afdeling aangetoon is hoe die Amerikaanse biskoppe aansluit by die Amerikaanse kultuur van die Amerikaanse droom. Interessant is die inset oor hoe die werkers kan deel in die bestuur van maatskappye. Hierdie idees is van belang vir die kerk aangesien die kerk sy profetiese stem in die verband moet laat hoor. Die kerk moet of behoort deelnemende bestuur aan te moedig. Die rede vir die bydrae in die



https://etd.uwc.ac.za

studie is die belang van samewerking tussen besigheid en werkers. Veral in die lig van die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika.

Vervolgens word oorgegaan tot die konteks waarbinne hierdie studie sy beslag gekry het, naamlik die Verenigende Gereformeerde Kerk en ekonomiese geregtigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 5

**EVALUERING: DIE ROL VAN DIE ETIESE OORDEELSVORMING IN DIE EKONOMIESE BESINNING VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK.**

In enige studie is dit van belang om die relevansie daarvan te ondersoek vir die situasie waarin die navorser hom of haar bevind. As predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (hierna verwys as VGKSA) is dit vir hierdie navorser van belang om te vra: "Watter beskouing huldig die VGKSA oor ekonomiese geregtigheid?" of anders gestel "Hoe behoort die VGKSA te besin oor die ekonomie" vanuit 'n etiese beskouing? Die VGKSA is in April 1994 gevorm na 'n lang proses van onderhandelinge en samesprekings tussen die eertydse N.G.Sendingkerk (NGSK) en die N.G.Kerk in Afrika (NGKA). In die lig van die eenwording sal beide die gewese NGSK en die NGKA se houding teenoor die ekonomie geëvalueer word. Dit sal gedoen word na aanleiding van 'n studieopdrag van die gewese NGSK oor die ekonomie en 'n studiestuk van die NGKA oor armoede.

Om 'n raamwerk te bied vir hierdie evaluering word aangesluit by 'n Duitse Protestantse teoloog wat sedert 1977 'n belangrike bydrae gelewer het oor sedelike oordeelsvorming. In Heinz Eduard Tödt se boek <u>Perspektiven Theologischer Ethik</u> (1988) dui hy die fasette of stappe aan wat van belang is in die etiese oordeelsvorming. Die sedelike bewussyn van die moderne tyd besef



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

dat daar nie slegs op 'n deduktiewe manier vanuit bepaalde norme sekere sedelike oordele gevorm kan word nie. In die Protestantse etiek en teologie in die algemeen was aanvaar dat 'n deduksie vanuit die Skrif na die situasie die enigste gesaghebbende wyse was om tot 'n bepaalde slotsom of oordeel te kom. Tödt stel 'n breër raamwerk vir die proses van etiese oordeelsvorming voor waarby in hierdie hoofstuk aangesluit word. Eertens sal dus 'n volledige uiteensetting gegee word van Tödt se "momente" in die proses van etiese oordeelsvorming. Na 'n volledige uiteensetting van Tödt, sal die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe aan die hand van sy raamwerk beoordeel word. Hierna sal ekonomiese sake waarmee die VGKSA gekonfronteer word na aanleiding van dié raamwerk bespreek word.

## 1. DIE VERLOOP VAN DIE ETIESE OORDEELSPROSES VOLGENS TÖDT.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Tödt onderskei ses momente of aspekte in die verloop van die etiese oordeelsvorming - hy noem dit "Sachmomente" of "Schritte" (1988:29-41). Al ses momente is van ewe groot belang en die volgorde waarin dit volgens Tödt (1988:29) aangedui word is nie 'n chronologiese of sielkundige volgorde nie. Dit is slegs 'n logiese uiteensetting van die verskillende momente in die etiese oordeelsvorming.

Tödt meld dat in die oordeelsverloop daar 'n gedurige wisselwerking is tussen die verskillende momente en meermale word daar teruggekeer tot bepaalde aspekte in die oordeelsvorming. Die ses aspekte is dus slegs 'n metodiese ordening en 'n



https://etd.uwc.ac.za

ideaal-tipiese sketsplan van die oordeelsverloop en nie 'n chronologiese of sielkundige proses nie. Vir die doel van hierdie studie sal bepaalde aspekte gebruik word in die beoordeling, soos wat dit nodig mag wees.

Tödt onderskei die volgende ses momente:

1.1. Die waarneming, aanname en bepaling van die probleem as 'n <u>sedelike</u> probleem.

1.2. Die analise van die situasie: In watter mate die probleem die betrokkene uitdaag?

1.3. Die opweeg van gedragsvorme wat as antwoord op die probleem kan dien.

1.4. Die ondersoek en beoordeling van norme, goedere en perspektiewe wat 'n rol kan speel in die bepaalde gedragskeuse.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1.5. Die kommunikasie of oordra van die morele beslissing aan ander rolspelers.

1.6. Die morele beslissing en daad self.

1.1 <u>DIE WAARNEMING, AANNAME EN BEPALING VAN DIE PROBLEEM AS 'N SEDELIKE PROBLEME.</u>

Tödt vra: "Hoe word die proses van sedelike oordeelsvorming aan die gang gesit?" Dit geskied deurdat die mens besef hy of sy is



https://etd.uwc.ac.za

in 'n konkrete probleem of situasie. Ontken hulle die probleem of probeer hulle om daarvan te ontvlug kan hul nie tot 'n sedelike oordeel kom nie.

Daarom beklemtoon Tödt (1988: 30) dat een aspek wat van belang is in die etiese oordeelsvorming, die waarneming, aanname en nadere bepaling van die probleem as 'n etiese probleem is. Al drie die genoemde punte in die probleemvasstelling is van ewe groot belang. Probleme kom navore as gevolg van "onopgeloste spanning, konflikte en laste van die verlede". Dit kan bestempel word as "huidige" probleme. Probleme kan egter ook bepaal word in antisipasie van 'n bepaalde ontwikkeling in die toekoms. Dit dui op probleme wat in 'n vroeë stadium aangepak behoort te word, terwyl dit blykbaar op daardie tydstip nie na 'n wesenlike probleem lyk nie.

Probleme is wyduiteenlopend en relatief. Of mense mag of nie mag rook in openbare plekke nie, mag vir sommige 'n etiese probleem wees, terwyl andere nie kan begryp waarom mense hul koppe daaroor sal breek nie. Die siening wat mense van hulself, hul lewe en hul omgewing het, kan die etiese probleemvasstelling beinvloed. As die kerk byvoorbeeld haar taak beskou om slegs die evangelie uit te dra aan individue sal dit ook haar probleemwaarneming en vasstelling beinvloed.

'n Keuse moet dus gemaak word te midde van die vele probleme, aldus Tödt (1988: 31). Die keuse wat mense maak en die aanvaarding van 'n probleem as hul probleem of nie, kan mense



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

skuldig maak. Volgens Tödt dus is die aanvaarding van 'n probleem as my probleem alreeds 'n sedelike besluit.

Tödt (1988: 31) gaan voort deur aan te toon dat die gesamentlike vasstelling van 'n probleem in die gesin of groep, 'n vriendekring, gemeente of kerk spesiale aandag vereis. Mense kan 'n probleem vanuit verskillende gesigspunte beskou en alhoewel dit mag blyk dat hulle 'n gesamentlike definisie het van die probleem, kan hul interpretasie van die probleem verskil. Dit is dus van belang dat 'n groep mense duidelik en ondubbelsinnig ooreenstemming sal bereik oor 'n bepaalde probleem. Indien dit nie die geval is nie en die skynbare ooreenstemming slegs oppervlakkig is, kan dit geleidelik navore kom in die verloop van die oordeelsbevinding en tot skeuring en verdeeldheid lei. Kommunikasievaardighede en 'n duidelike gesamentlike bepaling van die probleem is dus van groot belang in die proses van etiese oordeelsvorming.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Om op te som, Tödt dui aan dat die waarneming, aanvaarding en vasstelling van die probleem as 'n sedelike probleem van gewigtige belang is. Alhoewel 'n keuse gemaak moet word, aangesien daar soveel probleme is, is die uitvoering van dié keuse alreeds 'n etiese oordeel. Verder is dit van belang dat daar duidelike ooreenstemming moet bestaan in die vasstelling van die probleem in groepsverband.

Vevolgens word die tweede aspek behandel, naamlik die analise van die situasie.



https://etd.uwc.ac.za

oordeelsvorming om eenvoudig te wees. Die situasie moet in 'n "situasieskema" vasgestel word (Tödt 1988:33). Hier gaan dit om 'n skematisering, vereenvoudiging en veralgemening van die situasie. Tödt meld dat, waar die sosiale werklikheid pluralisties en ondeursigtig is, die situasie-analise, soos vasgestel in 'n eenvoudige skema, onontbeerlik word.

Volgens Tödt (1988: 33) is dit ook van belang dat die historiese oorsprong van die probleem in 'n bepaalde situasie in ag geneem moet word. Die verlede is van belang, aangesien die verlede beperkinge en moontlikhede navore bring.

Samevattend kan dus gesê word dat die situasie-analise op sigself 'n probleem van sedelike relevansie is. Die analise voorkom dat die mens intuitief en onbewus gevolgtrekkings maak.

1.3. <u>OPWEEG VAN GEDRAGSKEUSES WAT AS ANTWOORD OP DIE PROBLEEM KAN DIEN.</u>

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die sedelike of etiese oordeelsonderskeiding moet alternatiewe optredes oorweeg en oor besin word (Tödt 1988:34). Indien 'n swanger vrou byvoorbeeld 'n aborsie wil ondergaan behoort sy ook aanneming van die ongebore kind te oorweeg. Probleme vra oplossings daaruit. As die situasie geanaliseer word waarin jy jou bevind, word voorstelle vir gedragskeuses opgestel wat skynbaar wil antwoord op die probleem. Die opsies lê slegs die manier bloot hoe 'n mens sou kon reageer teenoor die probleem, en dui aan wat die gevolge van sekere optredes sou kon wees.



https://etd.uwc.ac.za

Die verskillende gedragsopsies kom as 'n plan navore (Tödt 1988: 37). Dit stel die mens in staat om te beplan, na te dink en lei tot selfontwikkeling. Die ontwikkeling van die self vind plaas aangesien die mens hulle nie los kan maak van hul dade en verhoudings nie.

Die moderne pragmatiese en tegniese benadering tot probleme neig tot 'n skeiding van die persoon van sy of haar dade. 'n Groot aantal probleme word gesien as waardeneutraal, wat dus bloot tegniese oplossings vereis, en waarby blykbaar geen sedelike probleme skyn te wees nie. Dit lei daartoe dat die lewenswêreld van die mens in sektore opverdeel word.

Tödt (1988:34) meen dat die hele wêreld van onsekerhede en weersprekings deurtrek is. Wat ook al die feitelike gegewenheid van die wêreld, die toekoms is 'n menslike saak. Daar moet besef word dat hedendaagse houdings en optredes, waarop die mens besluit, 'n invloed op die toekoms gaan hê. Wat dus nodig is, is om in die wêreld vas te stel en te vra hoe korttermyn en skynbaar waardevrye tegniese oplossings van probleme uiteindelik op die langtermyn sedelike implikasies gaan hê. Sektorale probleemoplossings-voorstelle het dus implikasies vir die toekoms van die mens.

Dit gaan dus, volgens Tödt (1988: 37), normaalweg nie om 'n keuse tussen wat onmiskenbaar goed en onmiskenbaar sleg is nie, maar om op te weeg watter besluit sedelike voorkeur verdien. Verder maak Tödt dit duidelik dat om nie te besluit nie, ook 'n besluit



https://etd.uwc.ac.za

is. Om dus geen keuse te maak nie; is om 'n bepaalde keuse te maak. Om die sleg bewustelik te kies impliseer skuld en om onbewustelik 'n keuse te maak, word jy ook implisiet skuldig.

Dit is dus duidelik dat, om 'n verantwoordelike keuse te maak, daar nie van die gevolge, uitwerking en bykomende uitwerking daarvan afgesien kan word nie. Prognose en beplanning bring die toekoms in die gesigsveld en lei daartoe dat daar van die toekoms kennis geneem moet word (Tödt 1988:34).

By die sedelike oordeel, voeg Tödt by, word nie net sorgvuldig nagedink oor die gevolge wat met mekaar ineengestrengel is nie, maar ook aan die terugwerking van gedragswyses wat in die vooruitsig gestel word ten opsigte van die persoon, die groep en die gewete en identiteit van die verantwoordelike persoon of groep. Pragmatiese optredes kan gekies word wat werk, maar wat nie sedelik of eties verantwoordelik is nie. Dit gaan immers ook oor 'n eie integriteit en identiteit. Etiese verantwoorde gedrag is dus van belang in die besluit oor watter optrede gevolg sal word.

1.4. <u>SELEKSIE EN ONDERSOEK VAN NORME, GOEDERE EN PERSPEKTIEWE</u>.

Die vraag is: Hoe geskied die keuse en besluitneming tussen voorgestelde gedragsopsies? Hoe word die een van die ander onderskei?

In die etiese diskussie word hierna verwys as norme, wat die mens



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

help om te kies en te besluit. Norme beveel aan, gebied of verbied 'n bepaalde gedragswyse. Norme is in 'n wye sin van die woord formuleerbare gedrag (Tödt 1988:37). Wanneer mens 'n probleem ondervind moet die norme wat met die probleem saamval, getoets word. Watter norme werklik by die probleem behoort, is moeilik bepaalbaar.

In die protestantse en evangelistiese teologie is die normbegrip meestal begrond in die leer van die Skrif en belydenis. Die begrip sedelike en sosiale norme is deur die nuwere moraal-filosofie en sosiologie aan die evangelistiese teologie voorgestel.

By vele protestantse skrywers is die normbegrip ver verwyder van die konkreetheid. Tödt self verwys na die norme as "sedelike relevante reëls" wat aanspraak maak op die sosiale gedrag wat gevolg moet word. Norme kry hul sterkste krag uit die wete en omgang met gebeurtenisse, uit die verwagting van ongebroke voortsettings vanuit die verlede en uit die oortuiging dat die lewe 'n behoefte het aan ordeninge.

Daarby vra hy (Tödt 1988:38): Is in gunstige gevalle die duur van die norme genoeg om in die sedelike oordeelsvorming gedragskeuses te maak? Ontvang mense nie baie meer hulp vir hul verhoudingsoriëntering daarin dat hulle in instellings lewe en daardie instellings hulle gedrag bepaal nie? Die sosiale verbinding van institusies en rolle word baie keer in die vorm van norme geformuleer.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Saam met die sosiale norm speel ook die opweeg van goedere 'n betekenisvolle rol by die onderskeiding tussen moontlike gedragskeuses. By die oorweging van goedere kom gesigspunte in die spel wat nie in die normbegrip teenwoordig is nie. As behoeftige wese het die mens behoefte en strewe na bepaalde goedere. Die gebrek aan goedere lei tot kompetisie. Volgens Tödt is oor die goeie en die euwel menigmaal besluit en gehandel na aanleiding van die lewensstrewes waaronder die mens verkeer het. Die sosiale norme en oorweging van goedere speel dus 'n gewigtige rol in die etiese besluit.

Tödt (1988: 38) noem dat daar verder perspektiewe is wat in ag geneem moet word in die oordeelsproses. Die mens het as't ware hulp nodig, padtekens om te help in die lig van botsende norme en goedere. Hoe die mens met die sosiale norme omgaan, word bepaal deur die persoonlikheid van die mens, hul siening en opinie wat hul van die wêreld het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.5. <u>ONDERSOEK VAN MORELE GEDRAGSVORME DEUR KOMMUNIKASIE.</u>

Tödt beskryf die vyfde aspek as die toetsing van jou bepaalde gedragskeuse deur kommunikasie met ander rolspelers.

Dit gaan hier om die mens in verhouding tot ander mense wat sy of haar gedrag kondoneer en daarmee saamstem.

In Kant se moraal-filosofie is die oordeel natuurlik net sedelik as dit in ooreenstemming is met die <u>Wet</u> wat as objektiewe



https://etd.uwc.ac.za

beginsel vir die gewetensvolle mens geld. Tödt sien dit nie so nie.

Die eenheid van die mens word verduister deur wat Tödt (1988:40) noem die "menschheitsgeschichtliche Phänomen" (menslike geskiedenis fenomeen). Dit is die geskiedenis van die mens in tweedrag met hom- of haarself en die gemeenskap, 'n geskiedenis van vervreemding en miskenning wat in die christelike geloof in die sonde begrond word en wat heers in die onverloste wêreld.

Hieraan word vasgehou volgens Tödt en dat die besluite net sedelik is in die volle sin van die woord as die mededeling uitgedaag word: Die mens sal in die situasie en ander soortgelyke situasies in die lewensgeskiedenis hom of haar so moet gedra soos dit in die voorgenome oordeelsonderskeid navore kom.

Hierdie vrylike verbinding om ander te raadpleeg geskied nie vanuit die natuurlike rede nie, maar vanuit die konkrete verantwoorde menswees. By die oordeelsvorming moet ook gedink word dat die subjektiwiteit van die oordelende persoon of groep die moment in die oordeelsproses kan benadeel. De Villiers en Smit verwys hierna soos volg:

> "Populêr gestel: Ons moet steeds ook bedink wat die kollektiewe gevolge sou wees indien almal sou doen wat ons besluit om te doen" (De Villiers & Smit: s.j.:10).

Die oordelende moet daarin dink of in hul keuse ten opsigte van



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

'n bepaalde handeling hul onkommunikatief was en dus vir andere nie aanvaarbaar en stremmend was.

Tödt beveel dus aan 'n manier van kommunikatiewe vryheid, wat inderdaad nie as 'n verskraling van die individu se vryheid ervaar word nie, maar as iets wat hulle moontlik maak. Met die kommunikasie kom navore die gemeenskaplike oordeel en sedelike moontlikheid.

Indien by 'n bepaalde gemeenskaplike probleem so geantwoord word en die kerk met die beginsel genoeë neem net om die gewete te versterk maar daar nie tot 'n gemeenskaplike oordeel gekom word nie is dit teologies onhoudbaar.

1.6. Tödt se sesde aspek, naamlik die etiese beslissing self en die uitvoering van die daad, is nie vir hierdie studie van belang nie. Daar sal dus nie verder daaraan aandag gegee word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vanuit die voorafgaande bydrae is dit duidelik watter aspekte Tödt aandui 'n rol behoort te speel in die oordeelsvorming van die individu, groep of kerk. Die aspekte van die oordeelsvorming sal as 'n paradigma gebruik word: om die pastorale brief van die Amerikaanse biskoppe te beoordeel, asook die wyse waarop die N.G.Sendingkerk oor ekonomiese geregtigheid besin het of nie daaroor besin het nie.



https://etd.uwc.ac.za

## 2. TÖDT, DIE PASTORALE BRIEF EN DIE GEWESE NGSK EN NGKA.

### 2.1. DIE WAARNEMING, AANAME EN BEPALING VAN DIE PROBLEEM.

In hierdie onderafdeling word die vraag gestel: Het die Amerikaanse biskoppe en die gewese NGSK en NGKA tot die besef gekom dat die ekonomiese probleem 'n sedelike probleem is? Die gewese NGSK sal beoordeel word na aanleiding van 'n opdrag van die sinode van 1990 aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Die opdrag versoek die kommissie om "'n studie te maak van die vak ekonomie met die spesifieke vraag watter etiese vrae vanuit hierdie vakgebied op die kerk en die gelowige se tafel kom. Die studie moet ten doel hê om die terme en die etiese vrae te omskryf" (NGSK 1990:1018). Die NGKA sal beoordeel word op grond van 'n verslag wat uitgevoer is deur NGKA oor armoede en afhanklikheid (Van Niekerk & Orkin: 1991, Preface). Die verslag is saamgestel deur Pieter van Niekerk en Mark Orkin en is getitel The NGKA in its Community: Contextual Analysis for Social Action on Poverty and Dependence.

Ten eerste word die pastorale brief behandel. In hul analise van die Amerikaanse samelewing, soos blyk uit hoofstuk 3 van hierdie studie, is aangedui dat die biskoppe dit duidelik maak dat ekonomiese besluite lei tot fundamentele waarde vraagstukke. Verder, onder die doel van die skrywe, word dit gestel dat die "oorkoepelende doel van die skrywe is om leiding te gee aan die lidmate van hul kerk in hul soeke om hul gewete te vorm oor ekonomiese aangeleenthede"



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Tydens die biskoppe se besinning oor die opdrag, soos blyk uit Hoofstuk 2 van hierdie studie, het hulle alreeds die probleem waargeneem. Die ontstaan van die brief was na aanleiding van die feit dat die kerklui besorg was oor die invloed en gevolg van die Amerikaanse ekonomie op die bevolking en op die wêreld. Verder het hulle dit gesien as hul plig om vanuit die Katolieke leer te besin oor die Amerikaanse ekonomie.

Dit is dus duidelik dat die biskoppe die Amerikaanse ekonomie as 'n sedelike probleem waargeneem het, met die opstel daarvan het hulle die probleem aanvaar as hul probleem en die probleem van die kerk en in die lig het hulle dit dan ook nader bepaal.

Vervolgens: Het die destydse NGSK die ekonomie as 'n sedelike probleem beskou? Die wyse waarop die opdrag van die sinode geformuleer is laat sekere vrae ontstaan. Die opdrag word omskryf om "'n studie te maak van die vak Ekonomie met die spesifieke vraag watter etiese vrae vanuit hierdie vakgebied op die kerk en die gelowige se tafel kom. Die studie moet ten doel hê om die terme en die etiese vrae tè omskryf" (NGSK 1990:1018).

Die wyse waarop die opdrag geformuleer is laat blyk dat die vak Ekonomie die agenda bied vir die etiese vraagstukke. Dit blyk verder dat op 'n intellektuele wyse met die vakgebied in gesprek getree moet word. Hierdie studie stel voor dat in plaas van die "vak ekonomie" moet "'n studie gemaak word van die <u>ekonomiese lewe"</u> en die etiese vrae wat vanuit die ekonomiese lewe op die kerk en die gelowige se tafel kom.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

'n Verdere vraag is wat word bedoel met "terme". Indien met terme bedoel word "ekonomiese terme" soos wel uit die konteks blyk, is nie seker wat die doel sal wees van die omskrywing van sekere terme nie. Die deursnee lidmaat wil nie weet wat beteken "inflasie" of die "bruto binnelandse produk" nie, lidmate wil leiding hê oor hul lewe midde in die konflik en probleme wat die ekonomie veroorsaak.

Ten spyte van bogenoemde onduidelikhede lyk dit tog of die N.G.Sendingkerk met die opdrag waargeneem het dat die ekonomiese lewe 'n sedelike probleme navore roep. Dit sou verder geredeneer kon word dat die opdrag eintlik vra vir 'n nadere bepaling van die ekonomiese probleme waarin die gelowige en die kerk haar bevind. Die opdrag word verder gekwalifiseer met die stelling: "Die studie moet ten doel hê om die etiese vrae te omskryf." Die studie sou dus bepaalde ekonomiese probleme nader kon omskryf en bepaal. Op hierdie wyse kan dan 'n grondslag gelê word vir 'n meer spesifieke, nadere omskrywing van die probleme waarmee die kerk en lidmate worstel. Verder kan veral gelet word op Tödt se argument dat probleme nie net vanuit die verlede of huidige konflik navore kom nie, maar dat probleme ook geantisipeer kan word wat in die toekoms mag ontstaan. Die VGKSA sal hierop moet let om sy profetiese taak relevant te hou, anders spreek die kerk haar uit oor probleme wat behoort tot die vorige sinode, vier jaar tevore.

Die vraag of die kerk die probleem aanneem as haar eie is 'n ope vraag. In 'n mate veronderstel die opdrag dat daar etiese vrae



https://etd.uwc.ac.za

op die kerk en die gelowige se tafel kom. Dit kan egter nie sonder meer gestel word dat die kerk die probleme wat die ekonomiese lewe navore bring aanneem nie. Die kerk behoort met haar volgende sinode hul meer duidelik te verbind tot die ekonomiese probleme, en dit te aanvaar as 'n sedelike vraagstuk ten einde tot 'n sinvolle oordeelsvorming te kom. Verder is dit ook nodig om 'n seleksie te maak vanuit die vele ekonomiese vraagstukke waarmee die kerk gekonfronteer word.

Uit die dokument van die gewese NGKA word dit duidelik dat die moderatuur en sinode geworstel het met die probleem van armoede en finansiële afhanklikheid. In die voorwoord van die dokument word genoem: "The Moderature of the NGKA has for several years been concerned about the financial dependence of the church" (Van Niekerk & Orkin 1991:Preface). Nie net was hulle besorg oor die probleem nie, maar 'n daadwerklike poging is aangewend om die omvang van die probleem te bepaal en nader te ondersoek. Die feit dat so 'n studie onderneem is toon aan dat armoede en finansiële afhanklikheid as 'n ernstige probleem beskou is. Een van die doelwitte van die studie volgens die moderatuur is "in order to identify means of liberating it from this bondage" (Van Niekerk & Orkin 1991:Preface). Uit die doelwit blyk dat armoede nie gesien word as 'n vanselfsprekenheid nie, maar as 'n struikelblok en juk waaruit vasgevange mense bevry moet word.

Vervolgens word stilgestaan by die tweede aspek wat van belang is in die oordeelsproses.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 2.2. ANALISE VAN DIE SITUASIE.

Die biskoppe probeer om 'n analise te maak van die situasie. Dit doen hulle deur sowel die hoop, as die mislukkings in die Amerikaanse ekonomie aan te dui. Verder wys hulle op die "tekens van die tye". Die analise van die situasie soos deur die biskoppe uitgevoer is skiet ver te kort by Tödt se voorstelling van 'n situasie-analise.

Alhoewel die biskoppe in hul publieke vergaderings geluister het na verskillende kenners op ekonomiese gebied - ekonome, sosioloë, unieleiers en vele ander word dit nie duidelik dat hulle bydraes van wetenskaplikes ingeroep het om die situasie te vereenvoudig, te skematiseer en te veralgemeen nie.

Tödt se voorstelling van 'n analise van die situasie beteken nie om kennis te neem en kortliks die situasie te ontleed nie maar vra vir in diepte analise van die situasie.

In hierdie opsig moet die VGKSA leer om die situasie te analiseer. Die kerk is te geneig om te redeneer dat slegs teoloë of predikante kan dink oor sake wat die kerk raak. Moet daar nie meer kennis geneem word van Tödt se argument dat die bydraes van wetenskaplikes op 'n bepaalde gebied van belang is nie? Moet kommissies wat oor bepaalde aspekte oordeelsbesluite moet neem nie gebruik kan maak van diegene wat beter onderleg is op 'n bepaalde gebied nie?



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Hier moet die gewese moderatuur van die NGKA gekomplimenteer word. In hul ondersoek na armoede en afhanklikheid het hulle gebruik gemaak van kundiges in die sosiale wetenskappe, onder andere Prof. Eddie Webster, sosioloog aan die Universiteit van die Witwatersrand en Mark Orkin, direkteur van 'n agentskap wat sosiale vraagstukke navors. Die subtitel van die NGKA se studie toon die klem wat hul plaas op die situasie-analise. Dit is "Contextual Analysis for Social Action on Poverty and Dependence".

Tödt beklemtoon die waarde van situasie-analise aangesien dit voorkom dat die mens intuitief en onbewustelike gevolgtrekkings maak. Die opname van die NGKA voorkom juis hierdie soort lukrake en ongesubstansieerde gevolgtrekkings. Die opname dek 820 huisgesinne waarvan 414 van die NGKA was. Dit dek die verskillende streeksinodale gebiede en ringe van die gewese NGKA en is deur middel van persoonlike onderhoude uitgevoer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die ingesamelde data is verwerk en verskillende profiele is opgestel wat grafies uitgebeeld is. Onder andere word aangedui die demografiese besonderhede, werksituasie, inkomste- en opvoedingsvlak. Verder is mense se sieninge van armoede, asook hulle houding teenoor die kerk en sy teologie nagevors.

Die NGKA se ondersoek na armoede en afhanklikheid is 'n deeglike analise van armoede binne die NGKA; hoe mense daarteenoor reageer en wat die feitelike situasie van armoede en ekonomiese afhanklikheid is. Wat belangrik is, is dat die studie nie slegs



https://etd.uwc.ac.za

tot NGKA lidmate beperk was nie, maar dat amper die helfte van die respondente van buite die NGKA kom. Die NGKA het ook spesiaal met die oog op eenwording lidmate van die gewese NGSK getoets (Van Niekerk & Orkin 1991:23). Die opname van die NGKA is 'n deeglike ondersoek en analise van armoede en finansiële afhanklikheid binne die kerk.

Wat betref die analise van die situasie is dit nodig om van die volgende kennis te neem. In die kerk se besinning oor ekonomiese geregtigheid is dit van belang om deeglik kennis te neem van die historiese oorsprong van die ekonomiese probleem. Geen kerk kan in die Suid-Afrikaanse konteks 'n sinvolle oordeelsbesluit neem oor sake met betrekking tot die ekonomie sonder om die gevolge van apartheid in oënskou te neem nie. Daar moet deeglik kennis geneem word van die erfenis wat apartheid gelaat het op armes en rykes, bevoorregtes en minder bevoorregtes, verdrukker en verdruktes.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verder moet die uitdagings van die nuwe SA en die uitdagings wat die heropbou en ontwikkeling van die land vereis deeglik geanaliseer word.

Hierdie studie wil dus voorstel dat die VGKSA in sy beoordeling oor die ekonomiese lewe 'n deeglike analise van die situasie sal maak. Verder moet kommissies die reg gegee word van ko-opsie ten einde te kan put uit bydraes van wetenskaplikes wat nie noodwendig lede van die sinode is nie.



https://etd.uwc.ac.za

## 2.3. OPWEEG VAN VERSKILLENDE GEDRAGSKEUSES.

In Tödt se bydrae word genoem dat die mens dikwels probleme bloot as tegniese probleme beskou wat daartoe lei dat die mens die lewe in sektore opverdeel en daartoe lei dat probleme gesien kan word as verwyder van die mens.

In die doel van die pastorale brief maak die biskoppe dit duidelik dat hulle skryf om gelowiges daarvan bewus te maak dat hulle nie 'n skeiding moet maak tussen die alledaagse lewe (ekonomiese lewe) en hul geloofslewe nie. Verder word aangestip: "die ekonomiese lewe is een van die hoofarenas waar mense hulle geloof uitleef" (NCCB (USA) 1986:6). In Hoofstuk 3 word ook aangehaal: "dat mense hulself sal afvra hoe raak hul ekonomiese besluite hul gesin, die gemeenskap waarin hul leef,...". In die analise word die volgende stelling gemaak: "die punt wat die biskoppe wil maak is dat ekonomiese besluite die kwaliteit van mens se lewe affekteer". Bogenoemde aanhaling maak dit duidelik dat die biskoppe besef dat veral op die ekonomiese terrein mense redeneer dat sekere probleme tegnies van aard is. Die biskoppe probeer dit baie duidelik maak dat probleme op die ekonomiese terrein 'n invloed het op die menslike bestaan. Daar kan dus nie geargumenteer word van tegniese probleme wat geen etiese konsekwensies het nie.

In die SA konteks word ook geredeneer dat sommige probleme tegnies van aard is en dus tegniese oplossings vereis. In hierdie opsig het die kerk 'n rol om aan te toon dat blykbare tegniese



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

probleme 'n invloed het op die menslike lewe. Die kerk moet dit as sy roeping beskou om mense daarvan bewus te maak dat hul besluite op die arbeidsvloer menslike gevolge het. Veral in die era van tegnologiese verfyning is dit absoluut belangrik.

Verder is dit die plig van die kerk om vir die gemeenskap aan te dui watter verskillende gedragsopsies met bepaalde ekonomiese probleme saamhang. Die biskoppe se behandeling van bepaalde beleidsaangeleenthede, onder andere armoede, werk, boerdery en globale ekonomie en hul voorstelle oor die verskillende sake sou geinterpreteer kon word as opsies wat die biskoppe voorhou. Dit is verder die taak van die kerk om die konsekwensies van 'n bepaalde optrede uit te spel sodat die wêreld kennis kan dra van die etiese konsekwensies van hul gedrag.

Verder het die kerk 'n geweldige taak om die wêreld daarvan bewus te maak dat alle optredes of nie optredes gevolge het vir die toekoms. In die Nuwe SA is dit van groot belang dat besin sal word oor wat die gevolge sal wees van 'n bepaalde beleid vir SA vir die toekoms. Dit moet ook beklemtoon word wat die moontlike gevolge sal wees indien 'n bepaalde saak nie aandag verkry nie of nie uitgevoer word nie. Hier word veral gedink aan die grondkwessies - mense se aansprake op grond - die vraagstuk van regstellende aksies en ander vraagstukke wat nou saamhang met die Nuwe Suid-Afrika.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

2.4. ONDERSOEK VAN NORME, GOEDERE EN PERSPEKTIEWE.

Die vraag wat hier aan die orde kom, is: Watter norme 'n rol gespeel het in die biskoppe se beoordeling van die ekonomie en watter norme 'n rol behoort te speel in die VGKSA se beoordeling van die ekonomie.

Met die analise van die pastorale brief is duidelik beklemtoon dat die biskoppe se etiese norme begrond word vanuit die Skrif. Dit is verder gemeld dat die biskoppe die "fokuspunte van Israel se geloof, naamlik skepping, verbond en gemeenskap ("community") as 'n basis vir refleksie oor sake van ekonomiese en sosiale geregtigheid" beskou.

Dit kan aanvaar word dat in die VGKSA se etiese beoordeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie die Skrif 'n belangrike rol sal speel. Daar sou aangesluit kon word by die temas van skepping, verbond en gemeenskap vanuit ons bepaalde tradisie en siening. Die Amerikaanse biskoppe lê baie klem op die menswaardigheid van die mens en die basis wat die Skrif daaraan bied. Die VGKSA kan definitief in hierdie opsig na my mening leer van die biskoppe. In die kerk se beoordeling van apartheid en aanverwante sake is baie klem gelê op geregtigheid maar na my mening minder klem op die menswaardigheid van die mens. Die antropologie van die Bybel kan dus meer aandag geniet in ons omgang met die skrif. Die biskoppe argumenteer dat die hoogtepunt van die skepping die skepping van die mens na die beeld van God is. Verder meld hulle dat die mens om die rede 'n onvervreembare menswaardigheid besit



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

wat gestel word bo enige skeiding van ras en volk. Hierdie gedagtes is reeds deur die N.G.Sendingkerk beklemtoon.

Vanuit die verbondsteologie kom navore die bevryding en uitverkiesing van Israel. Die geregtigheidsbeskouing van die Bybel vind sy grondslag in die verbond. Die biskoppe se "opsie vir die armes" vind sy beslag in hul geregtigheidsbeskouing.

In die tradisie van die N.G.Sendingkerk het die kerk met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar duidelik aangetoon wat ons glo. Ons glo dat ...God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg." Dit bied 'n basis vir die kerk se beskouing van en optrede teenoor die armes. Wat verder nodig is, is dat meer in diepte die tien gebooie en ander voorskrifte (o.a. Levitikus 19,Sabbatsjaar en andere) wat aan Israel voorgehou is bespreek sal word met verwysing na hul betekenis vir die etiese beoordeling van die ekonomie.

Dr.Th.C.Vriezen in sy Hooflijnen der Theologie van het Oude Testament argumenteer dat twee sentrale motiewe in die etiese handeling in die Ou Testament die gemeenskapsbesef en die individuele verantwoordelikheid is.

In aansluiting by die Nuwe Testament is reeds baie geskryf oor die Nuwe Testament se beskouing van die armes, die versameling van rykdom en die mens se handeling in die gemeenskap.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Die etiese raamwerk wat die biskoppe voorstel is volgens hulle beide getrou aan die Skrif en aan die menslike redelikheid. Hierdie argument van die biskoppe is tipies van die Katolieke denkskema (natuur en genade) waarin die outonome natuurreg in die moraliteit 'n groot rol speel. Die protestantse teologie het 'n deduktiewe benadering tot die etiek waarin vanuit die Skrif sekere onveranderbare norme afgelei kan word.

Volgens Tödt behoort die norme wat met 'n bepaalde probleem saamval bepaal te word alhoewel hy meld dat dit moeilik bepaalbaar is.

Die norme van die biskoppe hang saam met die waardigheid van die mens, geregtigheid en menseregte.

Die VGKSA sal moet bepaal watter norme sy beoordeling van die ekonomie sal begelei. Die norme van geregtigheid, gelykheid, mededeelsaamheid, regte van die mens?

Die beginsel van "subsidiarity" was baie leersaam in hierdie studie. Die tendens in Suid-Afrika om alles van die staat te verwag en gevolglik die staat vir alles te blameer wat verkeerd is, is baie onrusbarend. Die beginsel van subsidiariteit leer vir ons dat elke instelling en individu 'n rol moet speel in die bereiking van geregtigheid. Ons moet meewerk aan 'n "civil society", 'n burgerlike samelewing waarin elke mens kan deelneem en sy of haar plek kan volstaan. Hieraan kan die ekumene, die kerk in Suid-Afrika, meewerk. Elke gemeente, elke lidmaat moet

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

deelneem aan die opbou en ontwikkeling - Heropbou en Ontwikkelingsprogam - van Suid-Afrika.

2.5. KOMMUNIKASIE VAN MORELE BESLISSINGS.

Tödt argumenteer dat die kommunikasie van bepaalse gedragskeuses nie geskied vanuit die natuurlike redelikheid nie maar vanuit 'n vrylike verbinde konkrete verantwoorde menswees.

In die pastorale brief geskied die kommunikasie met andere op grond van die feit dat hulle redeneer dat die christelike geloof en die menslike redelikheid by mekaar aansluit. Die biskoppe maak dit baie duidelik dat hul nie net hul pastorale brief rig aan lidmate van die kerk nie maar aan die breë pluralistiese samelewing. Dit sou nader omskryf kon word as mense van ander gelowe of godsdienste en alle ander mense in die samelewing. Om 'n appél te maak op die breë pluralistiese samelewing argumenteer hulle dat die christelike ekonomiese etiek en die menslike redelikheid by mekaar aansluit. (Sien analise van die pastorale brief).

'n Tweede wyse waarop die biskoppe kommunikeer oor hul oordeelsbeslissing is die wyse waarop die pastorale brief opgestel is. Na die verskyning van die eerste konsep pastorale brief is publieke vergaderings en konferensies gehou en skriftelike vertoë is deur die biskoppe hanteer. Die biskoppe het meer as twee honderd mense te woord gestaan met die opstel van die pastorale brief. Dit sluit mense vanuit verskillende



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

agtergronde en vanuit verskillende vakdissiplines in. Na die verskyning van die eerste konsep het 'n tweede konsep verskyn voordat die finale brief in 1986 verskyn het.

Indien die VGKSA 'n studiestuk oor die ekonomie van SA sal opstel, wie is die addressate? Sal dit alleenlik gerig word aan die sinodegangers van die VGKSA of ook aan die lidmate van die kerk? Meeste van die studiestukke van die gewese N.G.Sendingkerk haal slegs die sinodevloer van die kerk. Hier word dikwels wonderlike besluite geneem wat ewe dikwels nooit die lidmate bereik nie. Met die Belydenis van Belhar het die kerk tog daar in geslaag om die lidmate van die kerk en die breër samelewing te bereik. In die studieopdrag oor die ekonomie word tog besef dat konsultasies en deelname van belang is. Dit word gestel: "Die studie kan vir oorweging en kommentaar aan Ringe gesirkuleer word" (NGSK 1990:1018).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit moet egter 'n uitdaging vir die kerk wees om sy besluite tuis te bring by die lidmate. Verder moet die kerk ook daarna streef om met bepaalde studiestukke die publiek te bereik.

Wat die lidmate van die kerk betref is die probleem dat pragtige studiestukke voorgestel word tydens sinodes en dat hierdie studiestukke by volgende sinodes behandel word en dan êrens op 'n rak beland. Kan die vier jaar tussen sinodes nie meer vrugtevol gebruik word nie? Kan die kerk nie voorstel dat studieopdragte twee jaar nadat dit by 'n sinode opgedra is beskikbaar gestel word as 'n konsep vir bespreking, konfering en



https://etd.uwc.ac.za

besinning, sodat die verdere twee jaar gebruik word om op grond van die reaksie 'n meer finale dokument saam te stel nie? Dit sal ook daartoe lei dat die kerk meer voorberei is op studiestukke wat behandeling en besinning vereis.

Verder is dit nodig dat die kerk sal besef dat, alhoewel die kerk 'n verantwoordelikheid het teenoor die lidmaat, die kerk ook 'n bydrae sal lewer in die breë samelewing. Die kerk het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die wêreld - die profetiese stem van die kerk. In die besinning oor probleme wat sedelik van aard is het die kerk ook 'n taak om te kommunikeer met die samelewing om sodoende sy oordele te toets aan die gemeenskaplike oordeel. Dit beteken nie dat die kerk se oordeel onderwerpe is aan die samelewing nie. Dit beteken slegs dat die kerk haar oordeel toets met andere wat nie noodwendig in dieselfde kamp is nie.

Vervolgens word twee spesifieke sake wat ekonomiese implikasies het getoets aan die raamwerk van Tödt.

Alhoewel hierdie spesifieke sake ook deur die biskoppe behandel word sal die biskoppe se behandeling van die aspekte nie hier ter sprake kom nie. Die spesifieke sake, naamlik armoede en werk, sal slegs getoets word aan die paradigma van Tödt.

## 3. WERKLOOSHEID.

Is werkloosheid 'n sedelike probleem? Vir die biskoppe was dit definitief 'n sedelike probleem, want in die analise van die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

pastorale brief is genoem dat die biskoppe by hul bespreking van armoede hul beginselsposisie duidelik maak, naamlik dat hulle glo dat werk 'n basiese reg is en "We must make it possible as a nation for every one who is seeking a job to find employment within a reasonable amount of time" (NCCB (USA) 1986:136).

Tydens die N.G.Sendingkerk se Sinode van 1986 is in 'n verslag oor 'n Kongres vir Arbeid en Industrie (1984) vir die motivering vir 'n Skakelkommissie vir verstedeliking en bedryfsbediening die volgende motivering aanvaar, naamlik: " Etiese vraagstukke binne die arbeid en arbeidsverhoudinge vra die aandag van die kerk: die kerk moet die evangelie hoorbaar maak in die arbeidssituasie. Die kerk moet vernuwend optree en die versoenende boodskap van die evangelie in 'n situasie van botsende belange bring" (NGSK, Skema van werksaamhede 1986:479).

Op grond van bogenoemde motivering kan aanvaar word dat die kerk besef dat arbeid etiese vraagstukke navore bring. Hierdie etiese vraagstukke of nadere bepaling van die etiese probleme is egter nooit omskryf nie.

Op grond van die verslag wat tydens die Sinode van 1986 behandel is, is die volgende besluit geneem: "Die SKGA word versoek om saam met die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake 'n indiepte ondersoek na "Arbeid" en "Arbeidsetiek" te doen, die Nywerheidsbeleid in die lig daarvan te evalueer en dat sodanige studie en beoordeling aan ringe en kerkrade voorgelê word vir oorweging en terugrapport" (NGSK, Handeling van die Sinode van



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

1986:989). Daar sou argumenteer kon word dat die opdrag die etiese vraagstukke sou bepaal en omskryf.

Tydens die Sinode van 1990 rapporteer SKLAS met betrekking tot die studie "Die kommissie het gepoog om 'n studiestuk aan die SKGA te voorsien, maar ongelukkig kon dit nie betyds genoeg geskied nie. Die saak is verder deur die SKGA hanteer" (NGSK, Skema van werksaamhede 1990:124). SKGA rapporteer soos volg: "SKGA het hierdie weg gevolg. Nadat 'n studie oor arbeidsetiek uiteindelik aan die SKGA voorsien is, het die kommissie moeite gedoen om verskeie aspekte met diegene uit te klaar wat vir die studie oor die arbeidsetiek verantwoordelik was. Daarna is voorgestelde wysigings en toevoegings aan die ringe en kerkrade vir kommentaar voorgelê. Die aangepaste Nywerheidsbeleid word in die lig, per bylaag aan die Sinode voorgelê vir finale goedkeuring...(NGSK, Skema van Werksaamhede 1990:492). In die dokument wat dien as beleid vir die Nywerheidsbedieninge word nie veel oor die arbeidsetiek gemeld nie. Daar word slegs gemeld dat dit die roeping van die kerk is "om 'n verantwoorde Kerklike standpunt oor arbeids-, nywerheids- en ontwikkelingsaangeleenthede te ontwikkel en te propageer, onder andere 'n bruikbare arbeidsetiek;" (NGSK, Skema van werksaamhede 1990:493 & 494).

Uit bogenoemde is duidelik dat die N.G.Sendingkerk nie werklik die etiese probleme wat vanuit die arbeidswêreld navore kom nader bepaal het nie.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Die volgende arbeidsvraagstukke kan deur die kerk behandel word:

1. Die gevolge, oorsake en omvang van werkloosheid en die uitdagings wat dit aan die kerk stel.

2. Die regte van werkers, werkgewers en die reg op 'n bekostigbare loon.

3. Die kerk se siening van regstellende aksie en die vrae wat hiermee gepaardgaan.

4. Die vraagstuk of besighede, maatskappye 'n korporatiewe gewete en verantwoordelikheid het.

Tweedens, moet 'n in diepte analise gemaak word van die situasie. Wat is byvoorbeeld die ware statistiek met betrekking tot werkloosheid? Watter instansies kan genader word om die kerk te bedien met advies oor die ware toedrag van sake op die arbeidsveld?

Derdens, watter gedragsopsies is tot beskikking van die kerk? Die kerk sou kon redeneer dat dit die taak van die staat en besigheid is om werk te voorsien. Dit sou daartoe lei dat die kerk mede-verantwoordelik is aan die werkloosheidsprobleem. Die kerk kan 'n rol speel deur aktief betrokke te word by ontwikkellingsprojekte, om mense aan te moedig om hul eie potensiaal te ontdek en te ontwikkel.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Vierdens, moet die kerk die sedelike norme wat met die probleme saamhang bepaal en ondersoek. Die norm van menswaardigheid hang saam met die arbeid van die mens. Werk versterk die menswaardigheid van die mens terwyl werkloosheid die nut van menswees kan ondermyn. Die norm van geregtigheid is ook van belang by arbeid en aan verwante sake.

Ten laaste moet die kerk probeer vasstel wat in die Suid-Afrikaanse konteks alreeds vanuit veral kerklike geledere oor die vraagstukke besluit is om sodoende kommunikasie met ander kerke te ondersoek en te versterk.

4. Armoede

Het die gewese N.G.Sendingkerk al tot die besef gekom dat die armoede probleem in Suid-Afrika 'n sedelike vraagstuk is? Armoede is nie 'n gegewenheid nie, maar het oorsake wat dit 'n etiese probleem maak. Die biskoppe meld dat hulle om die volgende rede die armoedevraagstuk analiseer: "The norms of human dignity and the preferential option for the poor compel us to confront this issue with a sense of urgency".

In die gesaghebbende boek oor armoede in Suid-Afrika van Francis Wilson en Mamphela Ramphele Uprooting Poverty :The South African Challenge, noem hulle vier redes hoekom armoede betekenisvol is.

> "There are four reasons why poverty is significant.The first is because of the damage it inflicts upon individuals



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

who must endure it; the second is its sheer inefficiency in economic terms. ...The third reason relates to the consequences for any society where poverty is also the manifestation of great inequality. As Raymond Aron has reminded us, the existence of too great a degree of inequality makes human community impossible. Finally there is the fact that poverty in many societies is itself symptomatic of deeper malaise" (Wilson & Ramphele 1989:4).

Hulle noem verder dat armoede in Suid-Afrika 'n spesiale saak is. Hulle dui aan dat drie faktore armoede in Suid-Afrika uniek maak.

> "First is the width of the gulf between the rich and poor, the degree of inequality. Second, ...is the extent to which the poverty that exists is a consequence of deliberate policy. The third aspect has to do with the way in which material poverty in South Africa is reinforced by racist policies that are an assault on people's humanity" (Wilson & Ramphele 1989:4).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat armoede 'n etiese probleem is. Of die kerk dit ten volle besef is moeilik te bepaal. Dat die kerk terdeë bewus is van die omvang van armoede is duidelik. Die kerk se benadering tot armoede was egter nog altyd vanuit 'n barmhartigheids-oogpunt.

Vir 'n baie deeglike analise van die armoede situasie kan aangesluit word by die boek <u>Uprooting Poverty</u>. In die studie word



https://etd.uwc.ac.za

gewys op die baie "faces of poverty", op die effek van armoede op die omgewing, ekonomie, gesondheid, opvoeding, behuising. Die kwesbaarste groepe dui hulle aan as kinders, vroue, bejaardes en gestremdes.

Hulle gee 'n volledige beskrywing van die oorsake van armoede veral as gevolg van apartheid en die politieke stelsel wat die land kenmerk.

Watter gedragsopsies is beskikbaar vir die kerk? Die situasie van armoede moet deur die kerk aangepak en beveg word. Alhoewel die kerk in die verlede 'n groot rol gespeel het in "organised compassion and barmhartigheid", maak Wilson en Ramphele die volgende opmerking:

> "... whatever may have been true in the past when the church harnessed and poured enormous energy into works (now largely taken over by the state) of healing and teaching, the present reality is that somehow the church failed to respond adequately to the challenges which surround it" (1989:302).

Die kerk kan 'n rol speel om strukture daar te stel of te ondersteun om die armoede situasie te verlig en te verander. Dit word so gestel:

> "We believe however that there is still room for church initiatives in setting up new structures appropriate to the



https://etd.uwc.ac.za

needs of the situation" (Wilson & Ramphele 1989:302).

Verder moet die kerk vasstel in watter mate hul werk die armes bemagtig (empower) en die balans van mag kan verskuif (Wilson & Ramphele 1989:302).

Die kerk het ook 'n taak om die staat te wys op hul verantwoordelikheid om die situasie van armoede te verander en teë te werk.

'n Volgende vraag wat aan die orde behoort te kom, is watter norme 'n rol behoort te speel in die beoordeling van armoede. Die armoede druis veral in teen die menswaardigheid van die mens. Die norm van menswaardigheid is dus van belang in die armoedevraagstuk. Selfs Wilson en Ramphele wat vanuit 'n maatskaplik-sosiologiese perspektief skryf sê dat 'n bepaalde sisteem nodig is in die bevegting van armoede. Hulle meld:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> "Our central concern is the importance, the worth, of human beings in any society. This value is best expressed by a fundamental African concept, ubuntu" (Wilson & Ramphele 1989:269).

Hulle gee verder 'n volledige bespreking van die kulturele waarde van "ubuntu" en wat dit behels.

Ook die Amerikaanse biskoppe het in hul behandeling van armoede aangesluit by die beginsel van die menswaardigheid van die mens.



https://etd.uwc.ac.za

Ten slotte, moet soos alreeds gemeld is, in gesprek getree word met ander kerke op die ekumeniese gebied, sodat die kerk gesamentlike aksies van stapel kan stuur om die euwel van armoede te beveg.

Ter opsomming kan die volgende beklemtoon word:

1. Die ekonomiese lewe waarvan die mens 'n integrale deel is, bring etiese probleme navore wat die kerk moet nader bepaal, en aanvaar as 'n etiese probleem.

2. 'n Deeglike analise van die ekonomiese situasie is belangrik alvorens tot 'n etiese beslissing gekom kan word. Die kerk moet weë ondersoek om ander wetenskappe en geleerdes te betrek in sy ondersoek van bepaalde vraagstukke.

3. Die kerk moet die verskillende gedragsopsies wat beskikbaar is, ondersoek en besin oor die gevolge van 'n bepaalde optrede of nie-optrede. Die kerk moet besef dat, om nie 'n beslissing te maak oor bepaalde vraagstukke nie, ook reeds 'n besluit is.

4. Die kerk moet besef dat bepaalde probleme gepaard gaan met bepaalde sedelike norme. Watter <u>norme of grondslag</u> gebruik die kerk om tot 'n bepaalde oordeelsbeslissing te kom?

5. Die kerk moet nie na sedelike probleme kyk met oogklappe aan nie. Die kerk moet besef die kerk is deel van 'n groep wat na probleme kyk. Dus moet vasgestel hoe andere oordeel oor die



https://etd.uwc.ac.za

bepaalde etiese probleme.

6. Die gewese N.G.Sendingkerk het alreeds in 1986 besluit om 'n studiestuk saam te stel oor arbeid en arbeidsetiek. Die kerk het egter nie werklik 'n analise van die ekonomiese situasie gemaak nie en ook nie die wye aantal probleme op die gebied nader omskryf of bepaal nie.

7. Dit kan met redelike sekerheid gemeld word dat die VGKSA besef dat die ekonomiese lewe etiese vrae navore roep en voor die deur van die kerk en die gelowige plaas.

8. Die VGKSA moet by sy volgende sinode 'n nadere bepaling maak van die spesifieke probleme waarmee ons gekonfronteer word en spesifieke, duidelik formuleerbare studieopdragte loods.

9. Armoede, werkloosheid en aanverwante sake is etiese probleme wat die kerk uitdaag tot beslissings, uitdagings en optrede.

10. Die kerk het 'n roeping en profetiese verantwoordelikheid teenoor die ekonomie, omdat die ekonomie die lewe van mense raak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

# BRONNELYS


Bedford-Strohm, H 1993. Vorrang Für Die Armen: Auf dem Wege zu einer Theorie der Gerechtigkeit. München: Kaiser Verlag.

Berryman, P 1989. Our Unfinished Business: The U.S. Catholic Bishops:Letters on Peace and The Economy. New York: Pantheon Books.

Biedenkopf, K 1987. "A European Point of View" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 205-217. New York: Macmillan.

Blank, RB 1989. "Poverty and Policy: The Many Faces of the Poor" in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 156-168. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Burke, JE 1987. "Reactions from Management: Manufacturing" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 218-227. New York: Macmillan.

Calvez, J 1987. "Economic Policy Issues in Roman Catholic Social Teaching" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 15-




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

25. New York: Macmillan.

Carrier, H — 1990. The Social Doctrine of the Church Revisited. Vatican City: Pontificial Council for Justice and Peace.

Catherwood, F — 1980. The Christian in Industrial Society. 3ed.England: Intervarsity Press.

Charlton, W T,Mallison & R,Oakeshott — 1986. The Christian Response to Industrial Capitalism. London: Sheed & Ward.

Christ, C — 1987. "Unemployment and Macroeconomics" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 116-127. New York: Macmillan.

Curran, CE — 1987. "Relating Religious-Ethical Inquiry to Economic Policy" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 42-54. New York: Macmillan.

Curry D C (Ed) — 1984. Evangelicals and the Bishop's Pastoral Letter. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

De Villiers, DE & D, Smit — [1995]. "'Met Watter Gesag Sê U hierdie u hierdie dinge?' - Opmerkings oor Kerklike dokumente oor die openbare lewe." (Beplan vir



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Skrif en Kerk).

________. S.J. "Waarom Verskil Ons So Oor Wat die Wil van God is? - Opmerkings oor Christelike Morele Oordeelsvorming"

Donnahue, TR & RA Oswald 1987. Labor Views the Pastoral Letter on the Economy" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 228-245. New York: Macmillan.

Dorr, D 1983. Option for the Poor: A Hundred Years of Vatican Social Teaching. New York: Orbis Books.

Douglas, RB (Ed) 1986. The Deeper Meaning of Economic Life. Washington: Georgetown University Press.

Duchrow, U 1987. Global Economy. Geneva: World Council of Churches.

Friedman, M 1987. "Good Ends, Bad Means" in The Catholic Challenge to the American Economy, pp. 99-106. New York: Macmillan.

Gannon, TM (Ed) 1987. The Catholic Challenge to the American Economy. New York: Macmillan.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

Gremillion, J 1975. The Gospel of Peace and Justice. New York: Orbis Books.

Griffiths, B 1980. Morality and the Market Place. London: Hodder and Stoughton.

Gudorf, CE 1981. Catholic Social Teaching on Liberation Themes. Washington: University Press of America.

Haughey, JC (Ed) 1977. The Faith That Does Justice. New York: Paulist Press.

Henroit, PJ 1992. Catholic Social Teaching. New York: Orbis Books.

Hinkelammert, FJ 1986 (English Ed.) The Ideological Weapons of Death. New York: Orbis Books.

Hollenbach, D 1977. "Modern Catholic Teaching Concerning Justice" in The Faith That Does Justice, pp. 207-231. New York: Paulist Press.

Houck, JW & OF, Williams 1984. Catholic Social Teaching and the UnitedStates Economy: Working Papers for Bishops'Pastoral. Washington: University Press.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Huber, W — 1992. "Strukturen Verantwortlichen Lebens: Die Bedeutung Heinz Eduard Tödts für die Theologische Ethik" in Zeitschrift für Evangelische Ethik 36 Okt-Des: 241-255.

________. — 1991. "Ethik im Diskurs - Ein Modell" in Das Baugerïst 91, pp. 232-238.

Johnston, RK — 1989. "A Lesson in Constructive Theology" in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 35-47. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Lebacqz, K — 1986. Six Theories of Justice. Minneapolis: Augsburg.

________. — 1987. Justice in an Unjust World: Foundations for a Christian Approach to Justice. Minneapolis: Augsburg.

Magill, G — 1993. "Public Religious Dialogue: The Economic Pastoral and the Hermeneutics of Democracy" Theological Studies 54 (Desember 1993): 678-697.

Marist Brothers — 1991. The Social Teaching of the Church. South Africa: Order of Preachers.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

McCann, DP 1989. "New Experiment in Democracy: Blueprint for Political Economy?" in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 203-215. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Mouw, RJ 1989. "Thinking about the Poor: What Evangelicals Can Learn from the Bishops" in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 35-47. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Mulholland, C 1988. Ecumenical Reflections on Political Economy. Geneva: WCC Publications.

National Conference of Catholic Bishops (USA) 1986. Economic Justice for All: Pastoral Letter on Catholic Social Teaching and the U.S.Economy. Washington: United States Catholic Conference.

________. 1981 Quest for Justice. Washington: United States Catholic Conference.

Van Niekerk, P & M, Orkin 1991. The NGKA in its Community: Contextual Analysis for Social Action. Pretoria: NGKA.

N.G.Sendingkerk in SA 1990. "Handelinge van die Sinode 1990" 20 September - 4 Oktober 1990. Belhar: NGSK.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

________. 1990. "Skema van Werksaamhede van die Sinode 1990" 20 September - 4 Oktober 1990. Belhar: NGSK

________. 1986. "Skema van Werksaamhede van die Sinode 1986", 24 September en volgende dae. Belhar: NGSK.

________. 1986. "Handelinge van die Sinode 1986", 24 September - 8 Oktober 1986. Belhar: NGSK.

Novak, M 1984. Freedom with Justice. New York: Harper and Row.

Obrien, DJ (Ed) en T.Shannon 1977. Renewing the Earth. New York: Image Books.

Owensby, WL 1988. Economics for Prophets. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Rasmussen, L 1989. "The Morality of Power and the Power of Morality" in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 134-145. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Sherwin, BL 1989. "The U.S. Catholic Bishops' Letter on the Economy and Jewish Tradition" in Prophetic Visions and Economic Realities,

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

pp. 81-92. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Strain, CR (Ed) 1989. Prophetic Visions and Economic Realities. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Strain, CR 1989. "Beyond Madison and Marx: Civic Virtue, Solidarity, and Justice in American Culture"
in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 190-202. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Tödt, HE 1988. Perspektiven Theologischer Ethik. München: Chr.Kaiser Verlag.

________. 1977 "Versuch zu einer Theorie Ethischer Urteilsfindung" Zeitschrift für Evangelische Ethik 21: 81-93.

Vriezen, TC 1977. Hooflijnen der Theologie van het Oude Testament. 5de dr. Wageningen: Veenman & Zonen.

Walsh, M 1984. Proclaiming Justice and Peace. London: Collins Liturgical.

Wilber, CK 1989. "Individualism, Interdependence, and the Common Good: Rapprochement between Economic Theory and Catholic Social Thought"

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

in Prophetic Visions and Economic Realities, pp. 229-241. Grand Rapids: W.B.Eerdmans.

Wilson, F & M, Ramphele 1989. Uprooting Poverty: The South African Challenge. Cape Town: David Phillip.

Wolterstorff, N 1983. Until Justice and Peace Embrace. Michigan: W.B.Eerdmans.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

## OPSOMMING

In November 1984 het die Noord-Amerikaanse Rooms Katolieke biskoppe 'n konsep pastorale brief bekend gestel oor die ekonomie van die VSA. Die dokument het geweldige opslae gemaak en wye mediadekking geniet. Na vele besprekings en verdere konsepdokumente is die finale dokument in 1986 deur die Nasionale Biskoplike vergadering aanvaar en vrygestel.

Hierdie studie analiseer die pastorale brief getitel Economic Justice for All: Pastoral Letter on Catholic Social Teaching and the U.S. Economy.

In Hoofstuk 1 word die sosiale lering van die Katolieke Kerk behandel. Die leringe kom veral navore in pouslike verklarings en/of ensiklieke, in dokumente van biskoplike vergaderings, sowel as in belangrike dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie. Die dokumente word in chronologiese volgorde behandel en begin met Rerum Novarum (1891) aangesien algemeen aanvaar word dat die dokument die basis vorm van die sosiale leringe van die Rooms Katolieke Kerk. In die hoofstuk word die inhoud van die dokumente bespreek in aansluiting by die sosiale leringe van die Katolieke Kerk en die pastorale brief.

In Hoofstuk 2 word die ontstaan en inhoud van die pastorale brief bespreek. Daar word kortliks gewys op die aanvanklike opdrag van die biskoplike vergadering en hoe dit gelei het tot die finale



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

produk. Die inhoud van die pastorale boodskap en brief word ook opsommenderwys deurgegee.

In Hoofstuk 3 word die pastorale brief in groter diepte geanaliseer. In die analise word veral die logika van die biskoppe se argumente behandel, dit wil sê hul betoog of te wel die werkswyse wat hul volg. In aansluiting by die biskoppe word hul konteks, teikengroep en die doel van hul skrywe behandel. Hierop volg die teologiese rasionaal van die Noord-Amerikaanse biskoppe. Hieronder word verstaan die bybelse en teologiese basis wat vorm gee aan hul etiek oor die ekonomiese lewe. In aansluiting by hul etiese norme word 'n aantal geselekteerde ekonomiese beleidsaangeleenthede bespreek, onder andere werkloosheid, armoede, boerdery, en die verhouding van die VSA tot Derde wêreld-lande.

In Hoofstuk 4 word belangrike kritiek wat op die pastorale brief uitgeoefen is, uiteengesit. Kritiek op die etiese diskoers en metodiek van die biskoppe word bespreek. Verder word ook kritiek op die biskoppe se bespreking van armoede, werkloosheid, menswaardigheidheid en hul voorstel vir 'n nuwe eksperiment in demokrasie behandel.

In Hoofstuk 5 word aangesluit by die konteks van die navorser. In hierdie geval Suid-Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA). Aangesien die VGKSA eers in 1994 ontstaan het nadat die eertydse Nederduits Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

(NGKA) verenig het, word die eertydse kerke se siening van ekonomiese geregtigheid bespreek.

Dit word gedoen aan die hand van die Duits Protestantse teoloog, Heinz Eduard Tödt se voorstel vir die proses van etiese oordeelsvorming. Sy "momente" of fasette in die proses van etiese oordeelsvorming word bespreek en verduidelik. Na aanleiding van sy voorstelle word agtereenvolgens die pastorale brief van die Noord-Amerikaanse biskoppe, 'n studieopdrag van die gewese NGSK oor die ekonomie en 'n studiestuk van die gewese NGKA oor armoede geëvalueer.

Ten slotte word voorstelle gemaak oor hoe die VGKSA behoort te besin oor ekonomiese geregtigheid in die Nuwe Suid-Afrika.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

## SUMMARY

In November 1984 the Catholic Bishops of the United States of America (USA) issued a draft Pastoral Letter on the economy of the USA. The document made headlines all over North America and received extensive media coverage. The final document was accepted and published by the National Conference of Bishops (USA) in 1986.

This study analyzes the Pastoral Letter entitled Economic Justice for All: Pastoral Letter on Catholic Social Teaching and the U.S. Economy.

In Chapter 1, the social teachings of the Roman Catholic Church are dealt with. These teachings are especially found in papal declarations and/or encyclicals, in documents of Bishops' Conferences and the Second Vatican Council. The documents are discuss in chronological order and begin with "Rerum Novarum" (1891) which is seen as the basis of the social teachings of the Catholic Church.

In Chapter 2, the development and content of the Pastoral Letter are discussed, beginning with the term of reference of the appointed committee of the National Conference of Bishops (USA) and traces its development up to the final document. In this chapter the contents of the Pastoral Letter are merely summarised.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za

Chapter 3 discusses the Pastoral Letter in greater detail with reference its theological and ethical rationale. The context, target group and the reasons for writing the Letter are addressed, which is followed by a discussion on selected economic policy issues as set out in the letter such as employment, poverty, agriculture and the U.S. economy in relation to developing nations.

In Chapter 4, the critiques on the Pastoral Letter from different sources are looked at. The emphasis is on the ethical discourse and methodology, poverty, employment, human dignity and the bishops' proposal for a new experiment in democracy.

The thesis moves to the context of the researcher in the last chapter, in this case the transitional period in South Africa and the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA). The URCSA was only formed in 1994 when the former Dutch Reformed Mission Church (DRMC) and Dutch Reformed Church in Africa (DRCA) jioned to form the URCSA. Therefore this thesis deals with the views of the DRMC and the DRCA on economic justice. This discussion is undertaken in relation to a German Protestant theologian Heinz Eduard Tödt's proposal to guide the process of ethical decision making. His six "momente" or phases in the process of ethical decision making are summarized and explained. Tödt's discussion then forms the paradigm for evaluating the Pastoral Letter of the bishops, a proposal by the Synod of the DRCM to do a study of the economy, and a study of the DRCA on poverty.



https://etd.uwc.ac.za

In conclusion proposals are set out as to how the URCSA can or should reflect on economic justice in the "New" South Africa.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za